
# NONGQAI

Vol 16 No 10D Oktober 2025

SUID-AFRIKAANSE MAGTE GESKIEDENIS TYDSKRIF
SOUTH AFRICAN FORCES HISTORY MAGAZINE



**Mnr A.P. Stemmet**

Spesiale Uitgawe

# NONGQAI

eerste uitgawe 1907

# EDITORS - REDAKSIE

SUID-AFRIKAANSE MAGTE GESKIEDENIS - SOUTH AFRICAN FORCES HISTORY

## EDITORS

The editor-in-chief of *NONGQAI* Magazine is retired Brigadier **Hennie Heymans** ("HBH") of the S.A. Police, who holds a Master's degree in National Security Studies and had represented the S.A.P. on the Secretariat of the State Security Council.

The editor of the **Ladies Edition** of *NONGQAI* is **Sarie van Niekerk** ("SvN"), herself a former police officer and journalist at *Beeld* newspaper.

The editor of *NONGQAI's* digital publications and group operations manager is **Dr. Willem Steenkamp** ("WPS"), a retired attorney and ambassador who is a former member of the N.I.S. and D.F.A. Willem is responsible for *NONGQAI's* YouTube channel and BLOG, plus our publisher, GREXPA s.a.

There are two sub-editors. Col. **Logan Govender** ("LG") is our lead historian on police officers of Indian descent. **Henning van Aswegen** ("HvA") renowned author formerly of the National Intelligence Academy, handles the intelligence desk.

Any opinions expressed by any editor (or by any other contributor), are entirely their personal responsibility, and should be attributed to them individually and **not to the editorial board, owners or publisher.**

## REDAKSIE

Die hoofredakteur van die *NONGQAI* tydskrif is afgetrede Brigadier **Hennie Heymans** ("HBH") van die S.A.Polisie, met 'n Meestersgraad in Nasionale Veiligheidstudies en wat die S.A.P. verteenwoordig het op die Sekretariaat van die SVR.

Die redakteur van *NONGQAI* se **vroue-blad** is **Sarie van Niekerk** ("SvN"), voormalige polisiebeampte en joernalis van die koerant *Beeld*.

Die redakteur van *NONGQAI* se digitale publikasies en ook groep-bedryfsbestuurder is **Dr. Willem Steenkamp** ("WPS"), afgetrede prokureur, ambassadeur en voormalige lid van N.I. en die D.B.S. Willem versorg *NONGQAI* se YouTube-kanaal en BLOG, en bestuur die uitgewer-maatskappy, GREXPA s.a.

Daar is twee sub-radakteurs. Kol. **Logan Govender** ("LG"), is ons historikus vir die geskienis van polisie-lede van Indiër-afkoms. **Henning van Aswegen** ("HvA"), skrywer voorheen van die Nasionale Intelligensie Akademie, versorg intel-nuus.

Enige menings uitgespreek deur enige lid van die redaksie (of deur enige ander bydraer), is hulle persoonlike verantwoordelikheid en moet hulle individueel toegereken word, **nie die redaksie, eienaars of uitgewer nie**.

## Aim & Policy - Doel & Beleid

Our goal is to collect and record our national security history for publication in the *NONGQAI* for future generations.

We publish the articles and stories as we receive them from our correspondents; we only correct spelling mistakes. It's important to publish the stories in the form and context that we received them from our correspondents. Policemen and Defence personnel have their own language and sub-culture. We are not a scientific or literary journal. We only work with historical building blocks, as in the oral tradition.

Ons doel is om die nasionale veiligheidsgeskiedenis in die *NONGQAI* aan te teken en só vir die nageslagte te bewaar.

Ons gebruik die artikels en stories soos ons dit van ons korrespondente ontvang; ons maak slegs die spelfoute reg. Dis belangrik om die stories te bewaar in die vorm en in die konteks soos ons dit ontvang. Lede van die veiligheidsmagte het hul eie taal en ons moet dit ook so aanteken. Ons is nie 'n letterkundige of wetenskaplike joernaal nie. Ons werk slegs met die boustene van die geskiedenis, in die orale tradisie.

## COPYRIGHT POLICY

*NONGQAI* is an educational publication without a profit motive, distributed free. As such, under S.A. Law it enjoys the general "reasonable use" exemption from the copyright that may be held by others in material re-published here-in. Ethically, such original authors and publications are cited and credited to the best of our ability, also regarding photos and imagery. **All we request for the use of our material is the same courtesy of crediting us in full.**

## ERKENNING VAN KOPIEREG

*NONGQAI* is 'n opvoedkundige publikasie sonder winsbejag wat gratis versprei word. As sodanig geniet dit onder S.A. Reg die "redelike gebruik"-vrystelling van ander se outeursreg in materiaal wat hierin her-publiseer word. Eties, word sulke oorspronklike outeurs en publikasies na die beste van ons vermoë siteer en erken, ook vir foto's en beeldmateriaal. **Al wat ons vra vir die her-gebruik van ons materiaal, is dieselfde hoflikheid van volledige kreditering.**

## Contact Particulars - Kontakbesonderhede

**Brig. Hennie Heymans:** **+27 (0)72 336-1755** editor@nongqai.org **WEB:** www.nongqai.org

*Nongqai Magazine is carried on ISSUU and, with Nongqai Digital Media, is published by GREXPA s.a., incorporated in Guatemala – more info on website.*

HB Heymans: heymanshb@gmail.com

# NONGQAI oorsprong & oogmerke

sedert 1907

***NONGQAI*** is 'n gratis aanlyn bewaarplek van herinneringe, historiese gegewens en ontledings rakende die nasionale veiligheidsgeskiedenis van Suider-Afrika. Dit dek van die heel onlangse tot die koloniale verlede van polisiëring, militêre ontwikkelinge, intelligensie en diplomasie in die streek. Dit word gedoen met twee hoof oogmerke: om rou historiese gegewens en die insigte van werklike deelnemers, geboekstaaf in die tradisie van orale vertellings, te bewaar tot voordeel van toekomstige geslagte; en, tweedens, om aan veterane van die dienste en gewapende magte 'n platform te bied waardeur hulle hul verhale en foto's kan deel, vir die leesgenot van ou kamerade, vriende en familie. ***NONGQAI*** doen dit sonder om die verlede te verheerlik, en ook nie om die verlede weer te wil herleef nie. Ons wil help om die goeie in die verlede te koester, deur die geskiedenis sonder kwaadwilligheid te boekstaaf.

Die eerste ***NONGQAI*** het in Maart 1907 verskyn as die amptelike kwartaallikse tydskrif van die polisie van die kolonie Natal. Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910, en die daaropvolgende stigting van die Unie-weermag en die nasionale polisiemag in 1913, is besluit om die tydskrifte van die verskillende koloniale magte van voor die Unie, saam te voeg in een. Die naam ***NONGQAI***, wat in Zoeloe beteken "die koning se wagte", is gekies vir hierdie saamgevoegde tydskrif, wat die tydskrifte van koloniale dienste soos *The Bandolier*, *The Qakamba*, *The South African Constabulary Journal* en *The Transvaal Police Magazine* vervang het. Die nuwe 1913-weergawe van die ***NONGQAI*** verteenwoordig dus al die uniformdienste van die Unie, insluitend die Polisie, Weermag en Gevangenisdiens.


Nadat die Unie die Republiek van Suid-Afrika geword het, het die verskillende dienste geneig om hul eie tydskrifte te ontwikkel, soos *Paratus* vir die weermag en *Servamus* vir die polisie. Die oorgang in 1994 na 'n nie-rassige demokrasie het 'n einde gemaak aan daardie era, maar nie 'n einde aan belangstelling in die geskiedenis van daardie epogmakende tye nie. Brigadier Hennie Heymans het daarom die ***NONGQAI*** in e-tydskrif vorm laat herleef as 'n bewaarplek van data, herinneringe en ontledings oor die nasionale veiligheidsgeskiedenis van Suider-Afrika.

***NONGQAI*** se tradisionele e-tydskrifte (standaard en vroue-edisies) word aan die begin van elke maand gepubliseer en word gratis op ons Blog www.nongqai.org en die **ISSUU**-platform gedra. Spesiale uitgawes, wat elk oor 'n spesifieke tema handel, word gereeld gepubliseer. Ons Blog-artikels daarenteen, verskyn deurlopend, en so ook ons video's op YouTube. Die beleid van die redakteurs van ***NONGQAI*** is om nie in te meng met die inhoud wat deur bydraers voorgelê word nie, behalwe vir eenvormige blad-opmaak en hersiening van spelling en grammatika. ***Die inhoud is dus die verantwoordelikheid van elke individuele bydraende outeur; Nongqai, sy redakteurs en uitgewers aanvaar geen aanspreeklikheid daarvoor nie***. Die doel is om die voormalige deelnemers so outentiek en direk as moontlik te laat praat, sodat historici dit as bron van rou historiese gegewens kan gebruik in hul historiografiese evaluerings. ***NONGQAI*** self is dus ook nie 'n akademiese geskiedenis-publikasie wat aanspraak maak op wetenskaplike beoordeling of verifiëring van die inhoud wat sy vrywilliger bydraers op sy bladsye gedeel het nie.

***NONGQAI***, hetsy as tydskrifte of digitale media, is heeltemal gratis en toeganklik op ons web-blad: https://nongqai.org Dit kan aanlyn gelees word of as .pdf-dokumente afgelaai word. Die argief van vorige uitgawes verteenwoordig 'n skatkamer van historiese gegewens, foto's, persoonlike herinneringe en staaltjies, sowel as ontledings van belangrike nasionale veiligheidskwessies van die verlede en die hede – dit word bewaar op ons Blog, sowel as deur die Akademia Biblioteek.

# NONGQAI since 1907 our roots & goals

***NONGQAI*** is a free online repository of memories, historic data and analysis relating to the national security history of Southern Africa. It covers from the very recent to the very ancient past of policing, military developments, intelligence, and diplomacy in the region. It does so with two main goals: to provide raw historic data and insights from actual participants, in the tradition of oral history, for the benefit of future generations; and, secondly, to provide ex members of the services and armed forces with a platform through which to share their stories and photographs, for the reading pleasure of old comrades-in-arms, friends and family. This ***NONGQAI*** does, without glorifying the past, nor wishing to live again the past. It helps cherish the good in the past, recording history without malice.




The original ***NONGQAI*** magazine had started out in March 1907 as the official quarterly magazine of the police of the colony of Natal. After the establishment of the Union of South Africa in 1910, and the subsequent founding of the Union defence force and the national police force in 1913, it was decided to amalgamate the magazines serving the different pre-union colonial forces into one. The name ***NONGQAI***, which in Zulu means "the king's watchmen", was chosen for this amalgamated magazine, which replaced the pre-union colonial services magazines such as *The Bandolier*, *The Qakamba*, *The South African Constabulary Journal* and *The Transvaal Police Magazine*. The new 1913 version of the ***NONGQAI*** thus represented all the uniformed services of the new Union, including the police, the military, and the prisons service.

After the Union became the Republic of South Africa, the different services tended to develop their own magazines, such as *Paratus* for the military and *Servamus* for the police. The 1994 transition to a non-racial democracy brought an end to that era, but not an end to interest in the history of that era. Brigadier Hennie Heymans thus revived the ***NONGQAI*** in e-magazine form, as repository of data, memories, and analysis about the national security history of Southern Africa.

***NONGQAI*** in its traditional magazine format (standard and Ladies' editions) is published at the beginning of each month and is carried on our Blog www.nongqai.org and the ISSUU platform. Special issues, each dealing with a particular theme, are regularly published. Our Blog posts and YouTube videos, on the other hand, are published throughout the month.

The policy of the editors of ***NONGQAI*** is not to interfere with the content of articles submitted and deemed publishable, except for uniform formatting and reviewing spelling and grammar. ***The content is therefore the responsibility of each individual contributing author; the editors, owners and publoshers accept no liability for it.*** The objective is to let the former participants talk, as authentically and directly as possible, for historians to use as source of raw historic data in their historiographic evaluations of past events. ***NONGQAI*** itself thus isn't, nor does it pretend to be, an academic history publication laying claim to scientific assessment or verification of the content its volunteer contributors had shared through its pages.

***NONGQAI*** is entirely free and accessible on the internet, where it can be read online or downloaded as .pdf documents. Its archive of past editions represents a treasure trove of historic data, personal recollections, and anecdotes, as well as analysis of important national security issues, past and present. This archive can be found on our Blog, and in the care of the Akademia Library.

## Table of Contents


Penskets AP Stemmet ..... 7

DANKBETUIGING ..... 8

Hennie Heymans ..... 8

SSVR-Logo ..... 10

VOORWOORD ..... 10

Hardus Mynhardt ..... 10

ADAMUS PAULUS STEMMET: DIE MAN AGTER DIE DESTYDSE STAATSVEILIGHEIDSRAAD. ..... 11

Sarie van Niekerk ..... 11

MNR. A.P. STEMMET:- ‘n REUS IN NASIONALE VEILIGHEID:- WAARDERING VIR ‘N VRIEND ..... 15

Brig. (afgetree) Hennie Heymans ..... 15

AP se DNS ..... 21

Pleitstukke vir die Wêreldhof in Den Haag. ..... 28

Die moord op Dr. HF. Verwoerd: ..... 30

Die Minister van Justisie moes tydelik uit pos verwyder word. ..... 31

● Landdros en Kommissies van Ondersoek ..... 32

TYD SAAM MET FW DE KLERK ..... 33

A.P. Stemmet – Die Man agter die destydse Staatsveiligheidsraad. ..... 35

Eerste Aftrede ..... 37

Tweede Aftrede ..... 40

ADAMUS EN ‘N PAAR VRIENDE PAK ONGERYMDHEDE BY GEPF. ..... 41

RSG Geldsake 21 November 2023 ..... 45

Foto’s ..... 51

ADAMUS SE ONDERVINDINGE EN HERHINNERINGE ..... 53

Angola tydens die Bosoorlog ..... 53

THE NINE-DAY WAR ..... 57

MAAK LEWENDIG DIE BEES ..... 60

VERHOUDING MET PW.BOTHA ..... 62

Die Driekamerparlement ..... 64

Die Tak Nasionale Vertolking (TNV). ..... 65

Tak Strategiese Kommunikasie ..... 65

ADAMUS BRING HULDE AAN SY KOLLEGA EN VRIEND. AFSTERWE VAN ADV. KLAUS VON LIERES UND WILKAU. ..... 78

Von Lieres : Lafaards moes leeukuil toe. ..... 80


Spotprent ..... 83

Zimbabwe en die wapens ..... 84

DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE. 87
AP SE BANDE MET EUGENE DE KOCK. 89
AP en Koedoe Eksteen (Kissinger) 90
JONAS SAVIMBI SE SKOOLTJIE 95
ADAMUS OOR DIE AFDRAENDE PAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS. 99
DIE NAGEVOLGE VAN KADERONTPLOOIING. 100
Adamus het natuurlik ook sy mening hieroor in ‘n brief aan Rapport duidelik gestel 103
Anosognosia (Gebrek aan insig oor eie probleme). 104
ANDER AKTUELE SAKE UIT DIE PEN VAN ADAMUS 107
DIE NASIONALE GESONDHEIDSVERSEKERING. 115
DIE 2024 VERKIESING. 118
Verkiesing. 119
VERKIESINGS IS DEESDAE VERVERLIG. 122
DIE KOMS VAN TV NA SUID-AFRIKA 123
PETRO (OLIVIER) STEMMET 124
AS JY MET GRASIE OUER WORD. 132
3 JUNIE 2024. NET TOE EK DINK EK IS KLAAR, TOE KOM HIERDIE E-POS BOODSKAP NOG VAN ADAMUS AF. 133
SLOT | END 138

**Penskets AP Stemmet**

**Adamus Paulus (AP) Stemmet: Skets deur Dawn Stewart Kellerman**



**DANKBETUIGING**

**Hennie Heymans**

My hartlike dank aan my oud-kollega en redakteur van die Vroue-Nongqai, Sarie van Niekerk, vir haar skitterende uitgawe oor een van my vorige hoofde, mnr AP Stemmet, ‘n voormalige Adjunk-hoof en later Hoof Koördinerende-beampte van die Tak Landsveiligheid van die Departement van die Eerste Minister (dit is later die Sekretariaat van die Staatsveiligheid Raad genoem). Hy was ook die stigter en Hoof van die Tak Strategiese Kommunikasie (TSK) by die Sekretariaat van die Staatsveiligheidsraad (SSVR) en wat laaste Hoofkoördineerder van die Sekretariaat van die Staatsveiligheidsraad was. Ook aan hom, mnr AP Stemmet, vir sy samewerking om hierdie historiese uitgawe moontlik te maak. Ons kollegas ken hom as “AP” en Sarie noem hom “Adamus” – dis een en dieselfde. Hier verskyn twee foto’s: Een van Sarie en een van “AP” toe hy op die voorblad van ‘n ander Nongqai gepryk het.

**Hennie Heymans: Redakteur: Nongqai.**




NONGQAI
YOUR SECURITY HISTORY MAGAZINE WITHOUT MALICE
U VEILIGHEIDSGESKIEDENIS TYDSKRIF SONDER KWAADWILLIGHEID
Binne: deel 4 van ons reeks oor
Die Nasionale Veiligheidsbestuurstelsel
Mnr. Adamus Stemmet
Vol 12 - No 11 - November 2021

**SSVR-Logo**

**SSVR-logo**

**VOORWOORD**

**Hardus Mynhardt**



Dit is vir my ‘n besondere voorreg om ‘n voorwoord te skryf vir my jarelange vriend AP Stemmet en my mentor as jong staatsamptenaar.

Ek was betrokke by die kabinetsekretariaat in die kantoor van die eerste minister en word op 1 Maart 1980 oorgeplaas na die tak veiligheidsbeplanning om die tak administrasie aldaar te vestig. Mnr Stemmet was die tweede-in-bevel en primêr verantwoordelik vir die ontwikkeling van die nasionale veiligheidsbestuurstelsel. Sy leierskapeienskappe het my uit die staanspoor beïndruk en hy het die vermoë gehad om op ‘n professionele dog menslike manier die beste uit al



die personeel te haal. Die tak het ‘n hoë werkslading gehad en ‘n mens moes vinnig aanpas by mnr Stemmet se vinnige pas om dinge gedoen te kry. Teikendatums en tye moes deurentyd gehaal word. Ek herinner my aan ‘n spesifieke insident toe daar ‘n dringende vergadering by kommandement Noord-Transvaal belê is. Ek moes, op baie kort kennisgewing, dokumentasie vir die vergadering voorberei en ook ‘n braaivleis na afloop van die vergadering reël. Dit het omtrent vlugtige voetwerk gekos!

Nadat dit in 2011 aan die lig gekom het dat daar ondeurdagte beleggings deur die Staatsdienspensioenfonds (GEPF) en die Openbare Beleggingskorporasie (OBK) gedoen is, was mnr Stemmet in 2016 verantwoordelik vir die stigting van die Vereniging vir die Monitering en Bevordering van Staatspensioene (AMAGP) wat hom beywer vir die instandhouding van die pensioenfonds. Hy sal in die anale van die geskiedenis onthou word vir sy rol as kampvegter vir die beskerming van die fonds.

Hy het my in 2019 gevra om betrokke te raak by dié vereniging en ek skryf op ‘n deurlopende basis briewe aan verskeie koerante en politici om te poog om die plundering van die fonds teen te werk.

Daar die Stemmets in die Kaap woonagtig is sien ons mekaar nie gereeld nie, maar het ons by ‘n paar geleenthede lekker gekuier. Ek wens vir hom, Petro, die kinders en kleinkinders net die beste toe vir die toekoms.

AP, ek salueer jou en is groot dank aan jou verskuldig oor die wyse waarop jy my geskool het om daarna te streef om ‘n beter mens en toegewyde staatsamptenaar te wees.

**Hardus Mynhardt**: Mosselbaai: 5 Januarie 2024

**ADAMUS PAULUS STEMMET: DIE MAN AGTER DIE DESTYDSE STAATSVEILIGHEIDSRAAD.**

**Sarie van Niekerk**

Gereelde lesers van Beeld en Die Burger se briewe kolomme sal die naam Adamus P Stemmet baie goed ken. Slaan maar net een van die twee koerante, en somtyds ook nog die Volksblad (toe dié nog as gedrukte koerant bestaan het) oop en die kanse is baie goed dat die naam Adamus P Stemmet daar sal opduik.

Maar wie is die mens agter die briewe wat die regering so gereeld in briewe na koerante aanvat oor hulle mislukkings op elke dankbare gebied? Of dit nou ou geboue, die Staatsdienspensioenfonds of die erg omstrede Nasionale Gesondheidsversekering of Eskom se beurtkrag is, hy hou die staat behoorlik op hul tone met sy stroom briewe aan koerante.

Toe Brigadier Hennie Heymans (afgetree), hoof-redakteur van die Nongqai-tydskrifte, my die dag vra om vir mnr. A P Stemmet te bel en ‘n baie lang onderhoud met hom oor sy lewe en sy veelsydige loopbaan, te voer het ek eerlikwaar nie geweet wie A P Stemmet is nie hy het glo nie van publisiteit oor hom gehou nie. Brigadier Heymans het my vining bietjie vertel wie hy is en ek het besluit hier kan iets interessants uitkom. Hennie se opdrag was “trek sy lewe uit hom uit, ons wil alles van hom af weet”.

Ek stuur toe vir A P Stemmet die volgende WhatsApp-boodskap.

“Goeiemiddag mnr. Stemmet (sjoe maar dit klink vreeslik formeel). My naam is Sarie van Niekerk, ek is lid van die bestuurskomitee van Nongqai (elektroniese tydskrif vir die Magte). Ek is ook redakteur van die NONGQAI VIR VROUE. Ek is ook ‘n oud polisiedame en ‘n afgetrede joernalis.

Ek wil asseblief graag met jou gesels, ek wil ‘n baie lekker verhaal oor jou skryf vir NONGQAI. Kan jy asseblief net laat weet wat sal ‘n goeie tyd wees Maandagoggend om jou te bel, dan kan ons bietjie gesels as jy nie omgee nie.

Komplimente van Hennie Heymans.

Groete, Sarie.

Hy aanvaar die uitnodiging en hy stuur toe die volgende WhatsApp-boodskap vir my:

10:00 Maandag. Breedweg watter onderwerpe wil jy dek?

Regspleging ? Aanklaer, Landdros, Wetsopsteller, parlementêre beampte. Ondersekretaris van Justisie.

Landsveiligheid. SVVR

Bestuurder Raad van Balju’s

Moeilikheidmaker- Staatsdienspensioenfonds

Soldaat

Oorlog in Angola

Pantserbevelvoerder op die grens

Laat weet asseblief.

Groete

A P Stemmet .

Vreeslik opgewonde laat weet ek terug

Jou hele lewe! As dit te lank word kan ons dit oor twee uitgawes plaas. Met groot klem op die SSVR, aanklaer, landdros, oorlog in ANGOLA. Soos ek sê, jou hele lewe asseblief

Nog ‘n WhatsApp-boodskap gaan uit na hom toe: Maandag net na 10:00 sal uitstekend wees want dan het ons ‘n periode wat daar nie beurtkrag sal wees nie.

Groete

Sarie.

Die afspraak is gemaak vir 11 September 2023 en in die naweek het ek so bietjie op die internet rondgeswerf om bietjie meer van hierdie man, wat lankal reeds veronderstel is, om as afgetrede te ontspan, maar nog by vele dinge betrokke is, uit te vind. Ek kom toe ondermeer agter dat hy graag sy mening oor dinge wat verkeerd loop in die land, in veral Beeld en Die Burger se briewe kolomme, uitspreek. A, so reg in my kraal, darem al een punt om mee te begin.

So glad het dinge egter nie verloop nie. Soos dit mos maar meestal die geval is, verloop die eerste afspraak toe nie heeltemal volgens plan nie. Maandagoggend breek aan en dit is net een van daardie oggende wat alles nie volgens plan verloop nie. Eskom is toe die eerste een wat ‘n stokkie voor my beplande afspraak steek met hul beurtkrag. In my huishouding het dinge skeefgeloop en daar vergeet ek werklikwaar van ons afspraak!

Maandagoggend om 10:52 ontvang ek die volgende WhatsApp-boodskap van hom af:

Sarie,

Wat het van jou geword? Ek het 12:00 ‘n ander afspraak.

APS

O genade, het ek gedink. Hoe kon ek nou werklikwaar van die afspraak vergeet. Onmiddellik het ek net gedink ‘wat gaan ek doen as hy ná my blaps my nie ‘n tweede kans wil gee nie? Hy klink beslis nie baie beïndruk met my nie.

Ek het onmiddellik gebel en baie mooi om verskoning gemaak. Hy sê toe vir my sy vrou, Petro, wat aan kanker ly, is dieselfde oggend in die hospitaal opgeneem en hy wil hospitaal toe gaan. Maar ons spreek toe af dat ek hom net na 12:00 sal bel.

Dit is hier, by hierdie punt waar daar toe sowat twaalf ure se telefoon gesprekke, uitgesprei oor drie maande, begin het. Ek het intussen vir my ‘n lang lys vrae uitgewerk en hy het behoorlik aan die anderkant, in sy huis in Durbanville, Kaapstad, met boeke en boeke vol herinneringe reggesit met die antwoorde. Die eerste gesprek het letterlik drie ure geduur. Wat ‘n verskriklike klomp inligting het hy nie vir my gegee nie!

Nog voor die einde van die eerste onderhoud, het hy reeds vir my vertel “nadat hy by die Raad van Balju’s afgetree het, het hy en ‘n vriend begin optel, uit koerantberigte, nuusuitsendings en op ander maniere dat dinge by die Staatsdienspensioenfonds nie baie goed gaan nie”. Hulle het toe ook sommer dadelik begin om inligting bymekaar te maak hieroor.

Voor ons groet ná die eerste onderhoud, moes ek eenvoudig vir hom vra waar die naam Adamus vandaan kom. “Dit is ‘n familie naam. “My voorouers het in die 1700’s na Suid-Afrika gekom van Nederland af, of dalk een van die omliggende lande, soos België”. In Latyn sê hy  word Adamus afgelei van ‘n woord wat “EER” of LOOF beteken . Nou hoe pas Paulus (sy tweede naam) by die Latynse Adamus? Paulus verwys natuurlik na die Bybelse PAULUS, eintlik sê hy beteken sy naam dus moontlik “EER OF LOOF PAULUS”.


Ons het toe reeds ooreengekom dat daar beslis meer onderhoude gaan volg. En glo my, daardie ure lange onderhoude was van die interessantste wat ek ooit gevoer het.

Hy belowe ook om sommer voor die volgende onderhoud vir my ‘n klomp inligting per e-pos te stuur. Hy het nie grappe gemaak toe hy gesê het “ek sal vir jou ‘n klomp goed aanstuur waarna jy ook kan kyk en gebruik,” nie. Dit is presies wat hy sedert daardie eerste onderhoud nog steeds doen.

Met elke antwoord het ek besef hierdie man, wat toe reeds 86 jaar oud was, het nog ‘n brein so skerp soos ‘n Chinese “tjopper”.

**MNR. A.P. STEMMET:- ‘n REUS IN NASIONALE VEILIGHEID:- WAARDERING VIR ‘N VRIEND**

**Brig. (afgetree) Hennie Heymans**



**Inleiding**

Dink ek aan mnr AP Stemmet – my vriend en vorige hoof – alom bekend as “AP” - dan dink ek met respek ek aan hom en dan ook die Chinese woord “nahuli” (foneties) – wat op ‘n positiewe manier, iets soos “you sly old fox” – beteken.

Oud-aanklaer, -landdros en -ondersekretaris van justisie en later na die kantoor van die eerste minister om veiligheidsbeplanning te doen. Hy is nog later as stigterslid na die sekretariaat van die staatsveiligheidsraad (hoof van die tak: strategiese kommunikasie) gesekondeer en is voorlaaste hoof van die sekretariaat van die staatveiligheidsraad (SSVR). Hy was ‘n senior lid van “ou” Suid-Afrikaanse nasionale veiligheidstoneel – ‘n reus op wie se skouers ons talle male gestaan het.

Ek het my vriendin en mede-kollega, Sarie van Niekerk, self ‘n oudlid van die veiligheidspolisie – ‘n gesoute joernalis en Beeld-verslaggewer gevra om ‘n onderhoud met mnr. Stemmet te doen. Ek is seker hy was “skaam” om my “alles te vertel” want sou hy gedink het, ek dink hy spog – en hy het rede om te spog!!

Ek het ‘n artikel met opskrif: “Die dag toe Koevoet ons gatte gered het” vir die boek: Koevoet: The men Speak geskryf na ek ‘n onderhoud met mnr Stemmet in Kaapstad gevoer het. Daarna het verskeie artikels deur hom en selfs ‘n spesiale Nongqai oor verskyn.

**Die persoon AP Stemmet**

Ek was ‘n majoor in die SA Polisie wat pas ‘n BA (Hons) in Nasionale Strategiese Studies verwerf het. Genl. F.M.A. Steenkamp (veiligheidshoof) het my ingeroep en gevra sal ek die kommissaris van polisie by die sekretariaat van die staatveiligheidsraad (SSVR) verteenwoordig?

Ek het dadelik ingestem want ek het “alles” geweet wat in die land gebeur as gevolg van my intense belangstelling in nasionale veiligheid. Ek het gereeld die veiligheids- en inligtingsverslae van SAP(V), die weermag en NI-gelees en ek wou baie graag sien hoe lyk ‘n “strategie” en ek wou meer weet oor ons nasionale veiligheid en die rol wat elke departement daarin speel. (Natuurlik as gevolg

van my studies het ek geweet hoe FBI, CIA en NSA werk en hoe hul nasionale veiligheidsopset werk.)

**By die SSVR**

Ek is egter baie trots op die polisie, weermag en NI en die groot rol wat ons almal daarin gespeel het. Ek het aan verskeie verenigings behoort en baie simposia bygewoon. Ons nasionale veiligheid en inligting was van hoogstaande gehalte – die beste in Afrika! Alhoewel ek soms krities is, is ek as geskiedkundige nogtans lief vir die SAP, NI, SAW die SAS en die spoorwegpolisie se geskiedenis en hul strategiese rol in landsveiligheid. Ons almal is nie verhewe bo kritiek nie.

Genl. (dr.) H.S. "Stanley" Schutte was ook daar gesekondeer en hy het aan my beken dat dit 'n traumatiese ervaring is om by die SSVR gesekondeer te wees. Onthou ons moes alles op die "army"-manier skryf en doen.

Mnr AP Stemmet was egter altyd vriendelik teenoor my en het my soos 'n senioroffisier behandel en as kollega hanteer. Ons was op voornaam-terme. Hy was 'n ware heer. Ek kon gou sien hierdie man het krygslis – net soos 'n slim aanklaer wat die beskuldigde se jas gaan vasdraai. Hy het ook hierdie krygslis in sy werk toegepas. Vir my was hy 'n fantastiese persoon en 'n mens-mens.

Mnr Stemmet het altyd, vir alles, 'n plan gehad! Hy is 'n man wat vroeg opgestaan het! Ek wou meer weet van sy operasionele suksesse maar hy wou nooit oor sy werk of suksesse praat nie. Maar tog met monitor- en opvolgverslae het mens sy suksesse gesien. Ek dink aan sy "knyp"-operasies maar ek het nie eerstehandse kennis daarvan gehad nie.

Ek het lekker onder hom gewerk. Ook het hy my genooi om teenwoordig te wees per militêre vlug om 'n stryd tussen die afdelingskommissaris en die plaaslike kommandement bevelvoerder by te woon. Dit was inderdaad 'n interessante oefening. Die polisieman was 'n "senior" brigadier (destyds 'n adjunk-kommissaris in teenstelling met 'n "junior" brigadier: assistent-kommissaris – vandag is daar net een klas brigadier). Die brigadier (later generaal) was ook 'n slim man – iemand wat ook vroeg opgestaan het!

Na drie jaar is ek terug na die SAP en as veiligheidsman word ek by SAP-hoofkantoor geplaas by die Nodale Punt (van die Nasionale Veiligheidsbestuurstelsel) onder bevel van die inspekteur-generaal, agtereenvolgens generaals D.K. Genis, C.A. Swart en F.G. van Zyl, waar ek ook hul stafoffisier was.

**1988: Republiek van China (Taiwan): Politieke Oorlogvoering (POLWAR)**

Mnr AP Stemmet het stewige bande met die Republiek van China - vandag beter bekend as Taiwan – gesmee en alle Suid-Afrikaanse opleiding aan die Fu Hsing Kang-kollege gekoördineer – militêre sowel as siviele kursusse. Natuurlik is hy ook vereer met verskeie Taiwannese-medaljes en dekorasies. In die proses het hy ‘n enorme bydrae gelewer om ons amptenare internasionale blootstelling te gee – onthou ons was internasionaal totaal geïsoleer.

Eendag besluit genl. Genis ek moet oorgeplaas word na die uniformtak en ek moet uniform dra. Na ‘n ruk word ek deur mnr AP Stemmet en genl. F.G. van Zyl beveel om ‘n drie maande lange militêre-kursus in politieke oorlogvoering in Taiwan by te woon.

Mnr. Adriaan Vlok het my ontbied na hy my reis se onkostes en dies meer. goedgekeur het. Hy het my ekstra fondse gegee om vir sy eweknie in Taiwan en vir die kollege geskenke te gee. Hy het my versoek om die SAP-skakeling met Taiwan uit te bou. (Hierdie opdrag was nooit aan die kommissaris ter inligting deurgegee nie.) Dit was later ook ‘n baie interessante en aangename oefening.

Wat ‘n ervaring was dit nie! Ons het die ses tipes politieke oorlogvoering bestudeer. Die Chinese is hoofsaaklik almal Chinese en praat Mandaryn, so dis hoofsaaklik ‘n homogene gemeenskap.




**Besoek aan Taiwan.**

Ons het ook oor die Chinese-see gevlieg en die garnisoen-eiland, Kinmen of Kimoi, teen die Chinese vasteland besoek – dit was ‘n hoogtepunt om Rooi China en sy bedrywighede van naby te sien – ook om Rooi China self vanaf die grens te Lok Wu in Hong Kong te sien. (Ons het in Suid-Afrika

baie Chinese kommunistiese lektuur, ook Mao s "Rooi Boekie" onder oë gehad. Hier kon ek hul in lewende lywe beskou.)

Hierdie was 'n Chinese kursus vir "Engelssprekende" lande soos byvoorbeeld. Singapoer, Maleia, Thailand, Saoedi-Arabië (die polisieman het in 1988 reeds $600 per dag ontvang) en Suid-Afrika. (Ek moes te vrede wees met R7-50 "kamptoelae" per dag.) Daar was gelyklopend 'n Spaanse militêre kursus vir manne uit Suid-Amerika.

Hierdie laaste twee weke was die beste en interessantste kursus wat ek ooit in my lewe ondergaan het. Die twee weke het praktiese, politieke, oorlogvoering behels. Daar was 'n tafelblad met groen berge, bosse, riviere, stede, dorpe, paaie en treinspore. Ons het 'n strategiese skets ontvang en toe moes ons bepaal hoeveel tyd, geld, veiligheidsmagte, masjinerie en krygstuig beskikbaar is. Elk een het 'n rol gekry om te speel en die ander klasmaats het op 'n "arena" gesit en kyk hoe ons inligting, operasies en kommunikasie hanteer. Soos die tyd aangestap het, het ons verskillende berigte ontvang en ons moes optree aan die hand van wat ons beskikbaar gehad het!!!

**Geestelike ondersteuning en moreelbou**

Die Russe en die Chinese het 'n sogenaamde "politieke kommissar" gehad

- Die Taiwannese het 'n "Polwar officer" gehad (motivering en welsyn)
- Ons Suid-Afrikaners het 'n kapelaan gehad

Dit is die onsigbare onaantasbare dinge wat jou sterk maak – soos die wil om te veg, geloof, gebed, vertroue in God, krygslis en strategie. Jy moet ten minste geloof, die wil en 'n plan hê om te oorwin. (Daar is volop voorbeelde in die Bybel, ek dink byvoorbeeld aan Bloedrivier.)

**Politieke oorlogvoering in Suid-Afrika**



**Hier kyk Adamus Kinmen af na Rooi Chinese op die "Mainland" (Vasteland)**

Kyk gerus na die ou kaart van Suider-Afrika: Ons het verskeie volke en tale in Suider-Afrika gehad. Dit is moeilik om Chinese toepassings op Suid-Afrika te maak. Voorbeelde van politieke oorlog was ondermeer wen die bevolking se harte en gedagtes, sielkundige operasies, inligting-oorlogvoering en massa-oorlogvoering.

Ek is steeds jammer dat die "ou" Buro vir Inligting en sy kundigheid vir ons verlore was.

Die SAKP-ANC-UDF-alliansie het egter met "mass rolling action" geweldige sukses behaal – ons destydse regering het nie 'n teenmiddel gehad nie, behalwe kru repressiewe optredes (byvoorbeeld inperkings en aanhoudings) wat nie die gewenste kalmerende uitwerking gehad het nie. Die buiteland het glad nie hiervan gehou nie! Agter die skerms was mnr Stemmet altyd doenig om sy vinger in die dyk te druk! Die meerderheid van die mense – ook die meerderheid van die media en die mense van alle bevolkingsgroepe in die stede was ook nie aan "ons kant van die draad nie" – veral weens volgehoue negatiewe kritiek en kommentaar. Hulle het ook nie die drie-kamer-parlement gedagte gekoop nie. Die massas is aangevuur deur uiters bedrewe "terroristiese-verslaggewers" hier nasionaal, asook plaaslik. Ook gemeenskapskoerante die sogenaamde "knock & drop-koerante" het hul kant gebring om die massas te mobiliseer. Joernaliste, verslaggewers en

TV-ankermanne in die buiteland gesetel het vandaar volgehoue druk op ons toegepas. Ongelukkig het ons optrede soms reg in hul hande gespeel.

My kritiek is: Ek is geleer daar is net drie maniere om iemand se kop te draai, naamlik om hom te lok, te oorreed of om dwang toe te pas. Moes ons nie meer gedink het nie?

Ek glo aan twee dinge:

(a) Don’t work harder, work smarter; en

(b) ken die verskil tussen: doen die regte ding en doen dinge reg!

Ons was in ‘n politieke oorlog en die oplossing is beslis nie die “skiet”-opsie nie – gegewe die tydsgewrig waarin ons geleef het en waarin die ganse wêreld hom begeef het - maar eerder om ‘n vreedsame oplossing vir ons knellende situasie te kry. Die land was feitlik bankrot. Ons was onderworpe aan sanksies. Nou, dis maklik om jou tot “skiet” te wend – maar wat maak jy om ‘n blywende oplossing te kry? Elke skoot wat ons skiet, of elke gasgranaat wat ons gooi vind neerslag in buitelandse koerante!

Mnr. Stemmet het ‘n deurslaggewende, maar koördinerende rol gespeel om die gety teen ons te draai. (Hy was dus nie ‘n uitvoerder van strategiese kommunikasie planne nie.) Persoonlik weet ek hy het ook ‘n groot positiewe invloed op mnr PW. Botha gehad. Hy was ‘n geniale operateur “na bo in die stelsel tot by PW.” – ongelukkig moes hy sy talente gebruik om te koördineer. eerder as ‘n uitvoerder. Juis hieroor het ek vir Sarie gevra om met mnr. Stemmet te gesels want ek is bang inligting gaan verlore.

**Nadraai van Kursus**

Na die kursus het ek ‘n kommissaris/minister-memorandum opgestel en voorgestel dat die SA Polisie “uit een mond” moet praat. Daar was hoofsaaklik drie punte wat persverklarings uitgereik het, naamlik. die minister se kantoor, direktoraat openbare betrekkinge en veiligheidshoofkantoor. Ons het nie altyd uit een mond gepraat nie of die regte boodskap uitgedra nie. Genl. Van der Merwe het my ontbied en hy het my voorstel goedgekeur en my gevra wie dink ek moet aan die hoof staan? Ek het sonder aarseling genl. H.D. Stadler voorgestel. Hy was ‘n deskundige en was van die veiligheidstak na “opleiding” by hoofkantoor verplaas. Genl. Stadler is toe aangestel om te sorg dat alles mooi netjies gekoördineer word.

Ek het ook talle onthale vir die Chinese gereël en gereeld van hul skemerkelkies bygewoon alles te danke aan my vriend, “AP”. Hy is een van die ankers in die vorige bestel se nasionale

veiligheidsbestuurstelsel. Ek is bly ons kan sy rol hier by Nongqai vir die nageslag behoue laat bly! Sy invloed en eerlikheid, gerugsteun deur sy regservaring, was beduidend.

**AP se DNS**

Voor ons nou begin saam stap met hierdie man wat net eenvoudig nie ‘n einde het nie, laat ons ‘n vinnige kykie kry van wie Adamus Paulus Stemmet regtig is.

Ek het aan Adamus 18 vrae gestuur waarop hy baie eerlik moes antwoord. Kom ons noem dit AP se DNS. Hier is hoe hy homself kortliks beskryf. Hier kan ons so klein kykie in sy lewe kry.

1. Advokaat

2. Regs.

3. Dag mens maar dit moet vroeg begin.

4. Goeie koffie.

5. Pap, vleis en groente, vrugte. AFVAL

6. Vleiseter

7. Gedekte tafel.

8. Boeke oor aktuele sake. Verpes outobiografieë en biografieë

9. Blou maar NIE Blou Bulle blou nie.

10. Pakke terwyl ek gewerk het, nou ontspanne drag. Het altyd formele werk gehad wat pakke noodsaaklik gemaak het.

11. Toyota of Mercedes.

12. Plaaslewe.

13. Klam biltong en droë wors

14. Pap.

15. Geen alkohol.

16. Nee! Glad nie burgers en chips .

17. Geen een, verkies eie chalet-tipe selfsorg.

18. Jag, glad nie. Nog nooit ‘n bok geskiet nie. Vroeër ‘n bietjie probeer visvang.



**Adamus, sy vrou Petro hul een dogter en hul soetste kleindogter.**

Lees gerus hierdie Spesiale Uitgawe van Nongqai oor hierdie man wat net eenvoudig nie einde het nie en oordeel self.

Ek sê baie dankie Adamus dat jy besluit het om juis teenoor my so lekker te gesels oor jou lang loopbaan!!

Kom stap nou saam met my deur die lewe van hierdie merkwaardige man, wat vandag nog net so bedrywig is soos die jong mannetjie wat direk na matriek moes gaan werk het.

Wie en wat ek agter die masker gevind het, was veel meer as wat ek ooit kon dink. Ons het sowat twaalf ure se onderhoude per WhatsApp-oproepe oor meer as drie maande gevoer, en elke keer wat ons gesels het, het ek iets nuuts oor AP uitgevind. Die stroom e-posse en foto’s wat feitlik daagliks in my e-pos beland het, het my nog meer omtrent hierdie merkwaardige man laat ontdek. Merkwaardig en boonop formidabel is hy gewis. ‘n Bittereinder as daar nou ooit ‘n bittereinder was.



Op 87 het hy nog nie daaraan gedink om terug te sit en net te ontspan nie. Daardie begrip verskyn net eenvoudig nie in sy woordeboek nie.

Hy vertel met groot erns: “Ek was ‘n slegte staatsamptenaar want ek het ‘red tape’ gehaat!” Regulasies moes nagekom word maar as die goed nie meer sin maak nie moet dit gewysig word.

AP skroom nie om reguit te sê waar die staat verbrou, of belastingbetalers se geld vermors, of wat ook al die geval mag wees nie. Hy skroom nie om behoorlik mond uit te spoel as hy dink daar word nou “met belastingbetalers se koppe gesmokkel” nie.

Vir hierdie pa en  oupa is dit steeds ‘n uitdaging en Godgegewe plig om te veg vir sy vaderland. Sy voorgeslagte is nou wel van Nederland, maar Suid-Afrika is sy geboorte land en hy sal enigiets doen om dinge weer normaal te laat verloop in die land.

# PHOTO RESTORATION & HAND COLOURISATION




Have you ever wondered what that old black and white photo would look like in full colour?

I do not make use of colouring apps nor do I alter nor change the integrity of the original photo. Each photo is respectfully, and meticulously transformed, object by object, colour by colour.



If you are interested to have a precious family photo or a period historic photo colourised, please consider my services -

Drop me a message or Facebook mail me to discuss putting the colour back on your precious memories.



JennyB Colourised Photos.

jennybosch5@gmail.com

JennyB Colourised Photos © 2021

**Wie is Adamus Paulus Stemmet?**

Adamus Paulus Stemmet is op 26 Februarie 1937 op Vredendal in die Wes-Kaap gebore. Die gesin het, toe hy ses jaar oud was, na Montagu verhuis, waar hy grootgeword het. Hy het in 1954 aan die Hoërskool Montagu, aan die voet van die Montagu-berge gematrikuleer as Hoofseun.



**Foto van die ou plaashuis, Keisie, Montagu . Dit is al foto wat ek kon kry van die ou huis wat toe ek my verstand gekry het al in Stemmet hande was. Ek het al vir meer as 80 jaar 'n kamer daar.**

Doen diensplig in 1956 en in die burgermag (later deeltydse mag ). Is opgelei as instrukteur in lugafweer en doen daarna op 'n deeltydse basis vir meer as vyftig jaar diens in die Pantserkorps in die Regiment Oranjerivier. Doen aktiewe diens in Angola en op die Namibiese grens met Angola. Gekwalifiseer tot die rang van Majoor en doen Gesamentlike Stafkursus (GSK.) Ontvang twee dekorasies en vier medaljes. Word drie keer eervol vermeld. Tree in 2010 finaal af as Ere-Kolonel van die Regiment Oranjerivier.

Hy wou bitter graag gaan studeer om 'n advokaat te word. Maar met twee jonger susters in die huis wat ook graag wou studeer kon sy ouers nie bekostig om hom ook universiteit toe te stuur nie, want dan sou hulle in 'n stadium drie kinders gelyktydig op universiteit moes onderhou, en daarvoor was daar net eenvoudig nie geld gewees nie.

Hy besluit hoewel hy seker nooit ‘n advokaat sou word nie, sou niks hom keer om in die regte te gaan werk nie. Hy het toe wel in die regte later deur die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) gestudeer.

Hy het sy loopbaan begin as Klerk van die Hof op Montagu waar hy net drie maande gewerk het voordat hy na Port Nolloth verplaas is. Soos dit maar daardie jare in die staatsdiens gebeur het moes hy hom ook daarmee vereenselwig om so  baie verplaas te word.

Dit was toe ook nie eers snaaks toe hy net ‘n jaar later weer sy goed moes vat en trek nie. Die keer is hy na Springbok verplaas. Hier het die jong Adamus behoorlik sy voete en sy roeping gevind. Hy het, in sy eie woorde, vreeslik lekker gewerk. Is onmiddellik in die gemeenskap opgeneem en aanvaar en met sy loopbaan het dit  ook baie goed gegaan. Hier het ek my gate uit geniet! Sy moeder was na alles a gebore Namakwalander. Hier tussen die Namakwalanders, die opregte Afrikaans wat hulle nog daar gepraat het. Nog so eg  met hier en daar iets in Namas.”

Hy was skaars 21 jaar oud, toe is hy verplaas na George waar hy van die Landdroskantoor se Inkomste - Afdeling die Hoof was voordat hy ongeveer 1960 Pretoria toe is vir twee maande se opleiding by Justisie Akademie. Vandaar is hy as aanklaer na Lydenburg verplaas. Hier het sy loopbaan as aanklaer en later landdros dan ook vlam gevat. Na net een jaar by Lydenburg word hy verplaas na Justisie se aflospersoneel wat reg oor die land gewerk het.

“In die tyd toe ek op die aflospersoneel was, het ek op baie plekke gewerk in alle Provinsies. Ek het veral in die destydse Natal (vandag KwaZulu-Natal) gewerk, daar het ek leer Engels praat. Plekke in die Vrystaat, Pretoria, Johannesburg, Kaap, ag sommer regoor die land”.

In 1963 moes hy in die Transkei gaan aflos, maar dit is gekanselleer en hy is Johannesburg toe waar hy sy vrou Petro ontmoet het.

Terwyl hy  op die aflospersoneel was, onthou hy dat hy ‘n Morris Minor motortjie gery het. Voor dit het hy heerlik trein gery. Hoewel hy in sy werkopset nie kronkelpaaie neem nie (behalwe wanneer dit kom by sy liefde vir die behoud van ou geboue), het hy terwyl hy in die uitgestrekte land gewoon en gewerk het, al die agterpaaie gebruik. “Ek het nooit die hoofpaaie gery nie, dan kan mens nie die mooi van die land waardeer nie. Ek het al die agterpaaie uitgekies. Dit het my ook van punt A na punt B geneem en ek het baie meer van die wonderskoon van die natuur gesien as om net met die hoofpaaie te ry. Dit het my natuurlik baie langer geneem om my bestemming te bereik, maar so kon ek die wondernatuur van hierdie ongelooflik land besigtig.”



**Saam met ou vriend, ‘n streekhofpresident (afgetree) Koos Pietersen. In ons jeug was ons saam staatsaanklaers in Johannesburg. Hy was ‘n gas op ons troue op 5 Desember 1964. Ons jonges het baie by hom geleer as mentor. Regs staan my vrou, Petro.**

Ek het twee keer in Johannesburg as Staatsaanklaer gedien, die beste leerskool vir Staatsaanklaers. Hier het jy geleer om vinnig op jou voete te dink en jou man te staan teen die beste Advokate en Prokureurs.

Hy het sy vrou, die destydse Petro Olivier, ontmoet toe hy by die landdroskantoor in Johannesburg die tweede keer gewerk het, “Petro het die hof se dokumente getik en was pragtig maar vreeslik skaam. Die dag toe die bom in die Johannesburgse stasie ontplof het, het sy dit net met vyf minute misgeloop. Sy het die betrokke dag met die bus stasie toe gery. Hulle bus was net vyf minute weg van die stasie af toe die bom ontplof het, so die bus het eintlik haar lewe gered”.

Hy vertel tussendeur dat die beste opleiding wat hy in justisie gekry het, was toe Rudi Rein die Prokureur-Generaal was. “Hy het ons op ons tone gehou. Hy vertel laggend hoe lede van die ANC – toe nog ‘n verbode organisasie was – wat deur hom aangekla is na die 1994-verkiesing in die parlement gaan sit het. Daar loop ek toe een van my “ slagoffers “ Andrew Mhlangeni raak. Toe lag

ons lekker oor hoe ons mekaar probeer uitoorlê het, George Bizos het ook onder andere teen my verskyn en hy was versigtig vir my".

Hy word gedurende 1964 na Justisie Hoofkantoor verplaas as Wetsopsteller. Dien ook as Sekretaris van die Regs Hersieningskomitee onder Voorsitterskap van die Hoofregter L.C. Steyn. Ook Sekretaris van die Komitee vir die Beskikbaarstelling van Gemeenregtelike Kenbronne. Dit wil sê vertalings van ou regsbronne uit Latyn na Afrikaans en Engels.



**Hoe lekker eet die twee manne. Dit was jare gelede toe ek en James Galvin nog jonk was. Skaapkop boetie! Kyk net die toe oë. Toe *smile* die ding met sy wit tande ook nog vir ons. Heerlik. Tyd dat James weer een vir ons kry.**

**Pleitstukke vir die Wêreldhof in Den Haag.**


Hy word tydelik gesekondeer aan die Departement van Buitelandse Sake om die span advokate van die Republiek van Suid-Afrika (RSA) behulpsaam te wees met die opstel van die pleitstukke vir die wêreldhof in Den Haag. Dit was die saak van Liberië en Ethiopië teen die RSA in verband met die voogdyskap van die RSA oor Suidwes-Afrika, nou Namibië. Oor hierdie ondervinding sê Adamus "dit was vir my 'n ongelooflike ervaring. Ek het so baie geleer uit hierdie verrigtinge. Pik Botha was 'n uitstekende advokaat saam met ander senior advokate en ons het 'n baie gedugte span daarheen gestuur.

Hy is daardie tyd getroud en toe die res van die A-span, waarby ‘n jong Kudu Eksteen, later die RSA se verteenwoordiger by die VVO en ook hoof van die SAUK was, oorsee vertrek het waar hulle veg vir die reg om die RSA se voogdeiskap oor Suidwes te behou. Toe die A-span oorsee vertrek het, was hy en Petro op hulle wittebrood. Hy was toe die skakelbeampte tussen die span in Den Haag en dié in Suid-Afrika.

Hy moet net eers vinnig afwyk van die onderwerpe waaroor ons besig om te praat en eers vertel van hom en Pik Botha (die latere Minister van Buitelandse Sake).

“Pik en ek was vir ‘n tydperk saam parlementêre beamptes vir ons onderskeie departemente gewees. Na hierdie gebeurtenis het Pik op ‘n dag vir my gevra of ek nie vir hom kan help sodat hy ‘n oorplasing kon kry na Justisie toe nie as ‘n Staats Regsadviseur nie, aangesien hy nie bevordering by Buitelandse Sake kry nie. Ons het juis in daardie tyd ‘n geweldige tekort in Justisie aan mense met LLB-graad gehad. Oom Ouboet Oberholzer was daardie tyd Sekretaris van Justisie gewees en ons dreig toe Buitelandse Sake dat ons al hul amptenare met regsgrade na Justisie sal laat oorplaas.

Tjop-tjop kry Pik toe bevordering. Ek en een van die ander amptenare het Pik later aangemoedig om in politiek in te gaan. Die gevolge is welbekend.



Adamus se Petro en Pik se Helena (sy eerste vrou) het groot vriende geword hierna. “Helena het op ‘n stadium toe sy baie siek was vir Petro gesê dat sy soms baie eensaam voel omdat Pik in sy politieke loopbaan so baie uithuisig was, sy was siek en kry nie besoekers nie. Ons besluit eendag om vir haar te gaan kuier, ons wou haar verras, maar op pad na haar toe het die boodskap deurgekom dat sy oorlede is. Ek is steeds spyt dat ons haar nie weer voor haar dood gesien het nie.”

Adamus sê dat hy altyd spottenderwys vir Pik geterg het en vir hom gevra het hoe hy dit reggekry het om as so ‘n onbeskofte persoon so ‘n mooi vrou met so ‘n pragtige persoonlikheid soos Helena getrou het.

Adamus keer in 1965 terug na die Departement van Justisie en word op 31 Maart 1965 aangestel as Justisie se Parlementêrebeampte. Wyle Advokaat John Vorster was die Minister van Justisie, met wyle Dr. HF. Verwoerd as die eerste minister van Suid-Afrika. Die amp het hy vir tien jaar beklee.

**Die moord op Dr. HF. Verwoerd:**

Die dag van 6 September 1966, sal soos in die geval met miljoene ander Suid-Afrikaners, vir ewig in sy geheue ingebrand wees.

“Ek is aangesê om die dag om 14:15 in die parlement teenwoordig te wees want Dr. Verwoerd sou in die parlement praat. Maar ek was nie in die parlement nie, ek wou net hoor wat hy gaan se wat my minister sou raak en het dit eers later in sy toespraak verwag. Almal het geweet hy gaan iets baie belangriks sê. Die verwagting was dat hy oor toekomstige staatkundige ontwikkeling in Suid-Afrika sou praat. Dr. Verwoerd het dieselfde oggend eers van Pretoria af in Kaapstad aangekom en niemand het dus geweet wat hy sou sê nie. Hy was nie iemand wat van ‘n geskrewe toespraak gepraat het nie, gewoonlik het hy net ‘n stukkie papier met notas op by hom gehad met statistiek op.” Dit ten spyt was dit nie snaaks vir hom om tot twee-en-‘n-halfuur te praat as hy die dag iets belangriks te sê gehad het nie. Skinder stories dat sy toespraak in sy tas was, wat glo sou verdwyn het, is nie waar nie. Dr. Verwoerd het nie 'n tassie gedra nie.



Hy voeg by dat die parlement destyds nie baie veiligheidsbewus was nie. Dr. Verwoerd (foto) was self nie baie gepla oor veiligheidsreëlings vir hom persoonlik nie.

Daar is die geval van die polisieman aan diens by die parlement wat een oggend 02:00 opgemerk het dat daar lig in Dr. Verwoerd se kantoor skyn. Hy het gaan ondersoek instel en het Dr. Verwoerd daar aangetref waar hy met sy rug na die venster sit en werk!


Na die dood van dr. Verwoerd is veiligheidsmaatreëls vinnig opgeskerp.

**Die Minister van Justisie moes tydelik uit pos verwyder word.**


Toe die destydse Minister van Justisie, Mnr Peet Pelser, se personeel begin agterkom dat hy snaaks optree en alles nie pluis was met sy gesondheid nie, hoewel hy geweier het om mediese advies te kry, moes vinnig 'n plan gemaak word. Die minister moes oor vier dae twee belangrike wette deur die parlement sit.

"Sy personeel sê toe vir my die minister is siek, baie siek, maar hy wil nie huis toe gaan nie. Ek gaan spreek toe die minister en bevestig dat hy nie in staat was om 'n parlementêre debat te voer nie.

"Ek en Ben van Wyk, sy Privaat Sekretaris, gaan toe na Mnr John Vorster, wat toe Eerste Minister was, toe en vertel vir hom van die siek Mnr Pelser. Hy het voorheen aan Ben gesê as iets met Mnr Pelser verkeerd gaan, moet hy hom persoonlik bel en hy sal dan 'n plan maak. Mnr Vorster bel toe sy en Mnr Pelser se persoonlike dokter en vra hom om Mnr Pelser te bel en te vra dié moet asseblief dadelik Groote Schuur-hospitaal toe kom vir toetse deur hul dokter. Dié sit Mnr Pelser dadelik in die bed en sê hy sal ongelukkig 'n paar dae in die hospitaal moet bly. Die dag toe die wette voor die parlement moes dien, is dit deur 'n ander minister gedoen. Minister Pelser het kort daarna uit diens getree." AP het dit as sy plig gesien om as parlementerebeampte toe te sien dat alles wat sy departement raak, glad moes verloop.



- **Landdros en Kommissies van Ondersoek**



AAN die weledele ADAMUS PAULUS STEMMET,

'n beampte van die Departement van Justisie van die Republiek van Suid-Afrika.

NEEM KENNIS dat ek as besondere blyk van my vertroue en geloof in u getrouheid, eerbaarheid en bekwaamheid dit goedgevind het om u kragtens die bepalings van artikel 10 van die Staatsdienswet, 1957 (Wet 54 van 1957) te bevorder, te benoem en aan te stel tot een van die LANDDROSTE van die REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA om binne die distrikte of streekafdelings waarvoor u van tyd tot tyd aangestel mag word, al die regte en voorregte wat aan genoemde aanstelling verbonde is of daartoe behoort, te besit en te geniet in dieselfde volle mate waarin ander Landdroste belese in die Reg dit besit of geniet tesame met die reg om in die howe waarvoor u van tyd tot tyd aangestel mag word reg te spreek ooreenkomstig die reg van die Republiek.

TEN BEWYSE WAARVAN hierdie brief uitgereik is onder my hand op hede die AGSTE dag van FEBRUARIE in die jaar Eenduisend Negehonderd DRIE-EN-SEWENTIG.

*Minister van Justisie van die Republiek van Suid-Afrika*

J 6 A
G.P.-S.

**Aanstellingsbrief as landdros 1973**

Adamus was betrokke by verskeie kommissies van ondersoek, onder andere Die kommissie van Ondersoek na Sekere Organisasies (die Schlebusch-kommissie) in 1973. Hy lei getuienis en skryf die verslag in verband met die Instituut vir Rasseverhoudinge ( IRR). Vir die werk wat hy hier gedoen het, word hy deur die Eerste Minister vereer. Toe die kommissie die IRR se hoofkantoor in Johannesburg besoek bestook studente van Wits ons met eiers en tamaties. Lang Louis Le Grange probeer nog sy langlyf agter 'n Volksiekewer wegsteek toe 'n tamatie hom voor die bors tref.


Genootskappers Lewer Besondere Diens

By 'n gesellige byeenkoms op 14 Februarie 1974 in 'n onthaalsaal van die Volksraad, het mnr. A.L. Schlebusch, L.V., voorsitter van die Kommissie van Ondersoek na Sekere Organisasies, aan mnre. S.S. van der Merwe en A.P. Stemmet elk 'n aandenking oorhandig as blyk van waardering vir hul dienste aan die Kommissie. Die byeenkoms is bygewoon deur lede van die Kommissie en as gaste was onder andere teenwoordig Sy Edele die Eerste Minister en die Sekretaris van die Eerste Minister se Departement.

Op die foto oorhandig mnr. Schlebusch aan mnr. Van der Merwe 'n aandenking terwyl mnr. Stemmet toekyk.

**TYD SAAM MET FW DE KLERK**

AP was parlementêre verteenwoordiger toe FW de Klerk as jong man na die parlement gekom het. "FW was 'n prokureur op Vereeniging in 1972 in die parlement aangekom het. Ons albei het kinders op skool gehad, en het dus vroeg na Kaapstad (Akasia Park) verhuis. Terwyl hulle gewag het vir die Parlement om te begin het hulle 'n deeglike studie van die Kaapse gholfbane gemaak en goeie vriende geword.

FW is verwys deur sy kollegas na my vir advies vir 'n onderwerp vir sy nooienstoespraak toespraak. Hy vra my toe vir advies oor 'n onderwerp. Ek stel toe voor dat hy oor regshervorming praat waaroor ons eersdaags 'n wetsontwerp by die parlement sou indien. Ek het my notas vir hom gegee en gewag dat hy dit met my moet kom bespreek en sê waar ek moet verander, maar hy het dit net so gelewer."

"Na my dae by die parlement word ek tot ondersekretaris bevorder. Ek het my gate uit geniet om hierdie konserwatiewe departement op sy kop om te keer. Vir alles moes jy toestemming kry. Selfs

as jy ‘n tikmasjien wou koop, moes jy eers by die Staatsdienskommissie en dan by die Tesourie toestemming kry daarvoor. ‘n Lang proses.

“Woordverwerkers het daardie tyd net ingekom. Justisie en Tesourie wou egter nie geld gee vir die aankoop van woordverwerkers nie, hulle het moeilik modernisering goedgekeur. Woordverwerkers het gehelp om die werk baie gemakliker en vinniger te laat verloop. Ek stel toe vas dat daar geen voorskrifte was wat my verhinder het om dit te huur nie. Ek kry toe ‘n kwotasie vir huur, maar ek sê vir die kontrakteurs om die kwotasie te laai sodat die apparaat na twee jaar ons eiendom word – dit was makliker om dan later ‘n arbeidsbesparende hulpmiddel te vervang. Die woordverwerkers is gehuur en almal het die waarde daarvan in kantore besef”.

FW is toe amptelik as president van Suid-Afrika ingesweer.

FW de Klerk het ongelukkig in sy loopbaan as Minister nooit in sogenaamde ‘rasse’ en veiligheids departemente gedien nie. Hy was dus totaal onkundig oor landsveiligheid en ras aangeleenthede. Ongelukkig het hy nie kundiges oor daardie velde aangestel nie.

Ek is bewus daarvan dat toe die Staatsveiligheidsraad en Kabinet by geleenthede deur die veiligheids magte ingelig is, FW as Minister sleg deurgeloop het. Miskien was sy wrewel teen die veiligheidsmagte dus verstaanbaar. Dat hy egter die land skade aangedoen het deur sy persoonlike verleenthede op die veiligheidsmagte uit te haal kan nie verskoon word nie. Ongelukkig het hy emosie bo landsbelang gestel.

AP kon toe bevordering na Ondersekretaris van Justisie by die parlement kry, maar hier moes ‘n belangrike besluit in gesinsverband geneem word. My dogter was toe gereed vir hoërskool en my seun was reeds in Hoërskool Wagpos op Brits. Vêrdere parlementêre diens sou ontwrigtend vir die gesin wees. Ek het ‘n klein plasie tussen Brits en Pretoria gehad.

Hier eindig my loopbaan as Justisie se verteenwoordiger by die parlement.



**Adamus en Petro saam met hul seun en skoondogter op die gholf baan.**

**A.P. Stemmet – Die Man agter die destydse Staatsveiligheidsraad.**

In 1980 het hy twee vinnige bevorderings gekry, een was na die Tak Landsveiligheid (later die Sekretariaat van die Staatsveiligheidsraad genoem) in die departement van die Eerste Minister as tweede in bevel. Toevallig tref ek my Opperbevelhebber van jare gelede, in Angola, waar ek as lid van die Regiment Oranje Rivier diens gedoen het, daar aan as hoof van die Tak. Ek was verantwoordelik vir:

Herorganisering van die Tak Landsveiligheid deur die skep van:

• tak administrasie;

• tak strategie;

• tak nasionale vertolking;

• tak strategiese kommunikasie;

• tak Gesamentlikebestuursentrum

• tak opleiding.

Hy bevorder die ontwikkeling van die nasionale veiligheidsbestuurstelsel en stel dit binnelands en in die buiteland bekend.



Senior personeel van die SSVR (veiligheid). Van links na regs: Brig.genl. W. van der Waals, Genl.maj. Alex Potgieter, Genl.maj. J FJ van Rensburg, Lt. Genl. P.W. van der Westhuizen (uittredende hoof!) Lt. Genl. C. Lloyd (inkomende hoof), A.P. Stemmet (hoofkoördineerder) Genl. Maj. Kiewiet Geldenhuys en Brig. Genl. Jan Erasmus. (Almal SAW-generaals).

AP het lank voor FW se toespraak die leiding geneem met die hulp van en deur middel van die Instituut vir Toekomsstudies van die Universiteit van Stellenbosch om die vakgebied in die staatsdiens te skep, ontwikkel en te bevorder (sien die boek “BREAKING THE MOULD” deur prof Nick Segal waarin AP Stemmet as "interviewee" en bron aangehaal word) – ‘n vakgebied waar daar tesame met Onderhandelingsvaardighede ‘n groot behoefte by staatsamptenare en politici was.

Altyd reg vir 'n braaivleis.



**Eerste Aftrede**

Hy het met vervroegde pensioen in November 1990 by Landsveiligheid afgetree, grootliks omdat hy nie bereid was om deel te hê aan die wyse waarop die Nuwe Suid-Afrika geskep sou word nie. FW het na sy mening fouteer deur sy sterkste magsbasis, die veiligheidsmagte, af te takel. Wanneer die ANC dus telkens met massa-aksie gedreig het, het hy geen teenvoeter gehad nie. Die vraag wat telkens ontstaan is waarom FW en sy onderhandelaars by Codesa nooit gebruik gemaak het van mense met kennis van Toekomsstudies en Onderhandelingsvaardighede nie. Daar was sulke mense beskikbaar. Hy het besef hy kan nie met FW se nuwe Suid-Afrika saamwerk nie bloot omdat die regering dit nie goed deurdink het voor FW se dramatiese aankondiging in Februarie 1990 nie. Hy het in elk geval gedink Staatkundige ontwikkeling om alle rasse in te sluit moes baie vroeër al begin het.

*Hy vertel verder dat toe Genl. Constand Viljoen in 1980 hoof van die weermag geword het, het hy reeds die regering gewaarsku dat die veiligheidsmagte net vir solank op die kokende pot se deksel kan sit en dat die staat sal moet verander.*

*In Oktober 1982 het AP op versoek van PW Botha sy mening oor die driekamer parlement as staatkundige oplossing vir die RSA gegee. Eerstens wou PW Botha met sy twee derdes meerderheid in die parlement die staatkundige verandering aanbring sonder om n referendum te hou. Hierteen het AP baie ernstig gewaarsku. Hy was ook van mening dat die driekamer parlement nie sou slaag nie omdat die grootste bevolkingsgroep, die swart mense, heeltemal uitgesluit was. Hy het die politici en die Tak Staatkundige ontwikkeling van die departement van die eerste minister (later deel van die departement van beplanning), oor jare met geen aanvaarbare oplossing vorendag gekom het nie verwyt.*

Op ‘n vraag van wat hy na sy eerste aftrede gedoen het, kom die antwoord: “Ek het so drie of vier maande by my huis op Sandbaai gesit – toe ek ‘n versoek van die nuut gestigte Raad van Balju’s kry. Hulle vra of ek nie ‘n paar maande daar wil kom help om net aan die gang te kom nie. Hulle kon nie die administrasie regkry nie. ‘n Paar maande het toe 10 jaar geword.”

Adamus word in Maart 1991 as eerste bestuurder van die Raad van Balju’s aangestel. Hy was verantwoordelik vir die stig van die kantoor vir die Raad, wat opleiding van balju's, dissiplinêre optrede en die bestuur van 'n getrouheidswaarborg fonds. Hy help die Departement en Minister van Justisie om wysigings aan die Wet op Balju’s op te stel en te implementeer. ‘n Groot taak waarvoor hy verantwoordelik was, was om balju’s in te lig van die bepalings van hierdie Wet. Daar is reeds toe begin om met die oog op die toekoms balju’s van die onafhanklike swart state en selfregerende gebiede op te lei.




**Hierdie was 'n raad om op trots te wees.**

Na sy tweede aftrede in 2001 word AP deur op versoek van die Switsers aangestel om 'n span te lei om met behulp van hul befondsing 'n ondersoek en aanbevelings te maak om swart balju's, veral uit die vorige TBVC-state en selfregerende gebiede op te lei om as balju's in die nuwe Republiek van Suid-Afrika te funksioneer. Met die beskikbaarheid van fondse kon die opleiding van swart balju's kon AP en sy span toe op groot skaal aanpak.

Die beheerliggaam vir hierdie projek het bestaan uit die Adjunk-Minister van Justisie, twee verteenwoordigers van die Switserse skenkers, 'n paar parlementslede en lede van die Raad vir Balju's. Toe AP na die eerste fase aan die beheerliggaam verslag doen versoek hy toestemming om 'n onafhanklike ouditeur aan te stel wat maandeliks aan hom en na die voltooiing van elke verdere fase aan die beheerliggaam verslag moes doen. Die Switsers se reaksie was dat dit onnodig was omdat hulle AP vertrou en hy slegs aan die einde van die projek hoef te sertifiseer dat die fondse

spandeer is vir die doel waarvoor dit geskenk is. AP het botweg geweier om dan voort te gaan aangesien sulke optrede maklik tot korrupsie kon lei wat toe volop in Suid-Afrika was. Die beheerliggaam moes toe aan sy versoek voldoen.

**Tweede Aftrede**

Vir die tweede keer in sy werksloopbaan tree hy einde Februarie 2001 finaal af(of was dit regtig finaal?) bou ‘n nuwe huis en vestig hom en sy gesin te Durbanville in die Wes-Kaap waar hulle vandag nog woon. Hy word onmiddellik as voorsitter van die trustees van die veiligheidskompleks verkies. Hy was toe al byna 70 en het baie jare diens aan Suid-Afrika gelewer, maar rus steeds nie.




**Adamus is ‘n gesinsmens en boonop baie lief om ‘n vleisie te braai. Hier leer hy sy eerste kleindogter, Zanél, die kuns van die braai van vleis - en Marshmallows.**

Maar die Minister van Justisie trek hom weer nader en hy word na sy aftrede as voorsitter van ‘n komitee van ondersoek aangestel om sekere aspekte rakende die balju beroep landswyd te ondersoek en aanbevelings te maak.

Hy is vandag, soos hy sê besiger as toe hy gewerk het. Hy is deesdae so bedrywighede met dinge wat volgens hom verkeerd gedoen word in ons land, dat hy laggend sê “ek wonder party dae of ek so besig was toe ek nog gewerk het.”

**ADAMUS EN ‘N PAAR VRIENDE PAK ONGERYMDHEDE BY GEPF.**

Adamus is ‘n aktiewe draadloosluisteraar en koerantleser. Niks ontglip sy aandag nie en so raak hy en vriend James Galvin toe dan ook gedurende 2011 bewus van ongerymdhede rakende beleggings namens die Staatsdienswerknemerspensioenfonds en begin ondersoek instel. Hy betrek ‘n groepie kollegas hierby in en hulle rig verskeie vertoë in verband met beweerde ongerymdhede en roep die hulp van die Openbare Beskermer in nadat sekere personeel-organisasies nie bereid is om op te tree nie. Adamus tree in September 2016 op as voorsitter van ‘n byeenkoms vir groep staatsdiens pensionarisse om ‘n organisasie te stig wat hom beywer vir die instandhouding van die Staatsdienswerknemerspensioenfonds (AMAGP). Tree later as segsman en mede-parlementêre verteenwoordiger van AMAGP op.

Op 5 en weer 16 Februarie 2016 rig AP skriftelike vertoë aan die Openbare Beskermer (OB) met lang lyste van vermoedelike ongeruimdhede. Gedurende September 2016 beweer amptenare van die OB dat hulle nooit sulke vertoë ontvang het nie. AP het egter kwitansies gehad dat beide dokumente per hand ingehandig is. Geen onderhoude is met AP of kollegas gevoer nie, maar wel met die HUB van die GEPF. Die verslag van die OB is ook net aan daardie HUB gestuur en nie aan AP as klaer nie. Hy moes persoonlik daarvoor vra. Toe 'n parlementêre komitee ondersoek ingestel het na die geskiktheid van die toe dienende OB het AP besluit om nie wraak te neem en sy eiertjie te lê teen haar by die komitee nie.

Maar die begrip van sit en niks doen by die huis was nie in Adamus se woordeskat gewees nie. Hulle vorm ‘n groep met die naam AMAGP en besluit om die beleggings van die pensioenfonds noukeurig dop te hou en ook in te gryp toe hulle agterkom dat miljarde rande “verlore” raak.

Sedert hulle in 2012 met hul veldtog teen wanbesteding en ander ongerymdhede wat by die pensioenfonds aangaan, begin het, het hierdie 88-jarige nog nie voet van die pedaal afgehaal nie. Saam peper die groepie die pensioenfonds se trustees, die Openbare Beleggingskorporasie (OBK), wat die enigste instansie is wat die pensioenfonds beleggings kan doen.

“Ons het reeds in 2011 begin vrae vra toe ons begin agterkom dat dinge in die pensioenfonds nie baie goed gaan nie. Dat wanpraktyke plaas vind en dat skewe beleggings gedoen word. Dat daar soms nie behoorlik, of glad nie, terugvorderings van verliese gedoen word nie.

Een van die eerste voorbeelde van die wanbesteding of skewe beleggings wat ons opgetel en nagevors het, was toe die African Bank in 2014 in een gestort het. Hier is miljarde rande as reddingsboei aan die bank gegee. Op ons aandrang het die Reserwebank Adv. John Myburgh aangestel om ondersoek in te stel en ‘n verslag opgestel. Maar die Reserwebank weier eenvoudig om daardie verslag bekend te maak. Met behulp van die DA word die Reserwebank verplig om die verslag wat verdoemend was bekend te maak. Ongelukkig is die R4 miljard wat die pensioenfonds gely het nooit teruggevorder nie”.

Toe daar met belanghebbendes oorleg gepleeg is om AMAGP te stig was Genl. Johan van der Merwe ‘n afgetrede kommissaris van Polisie van mening dat ons eers van die bestaande strukture tot hul beskikking gebruik moet maak. “Ons weer was van mening dat vakbonde en personeelverenigings oor baie jare geen aandag gegee het aan die volhoubaarheid en groei van die pensioenfonds nie. Miljarde rande is dus tot die skade van die pensioenfonds gelei. Die Mpati-kommissie van ondersoek van ondersoek is toe op AMAGP se versoek en na vele druk deur die president aangestel.

“Die Mpati-kommissie het na ‘n uitgerekte en deeglike ondersoek 377 aanbevelings van ongerymdhede en skewe beleggings deur die Openbare Beleggingskorporasie gemaak. Na vier jaar word dit steeds geheim gehou oor watter en hoe sommige aanbevelings uitgevoer is. Geen polisieondersoeke, vervolgings en terugvordering van verliese het tot op datum plaas gevind nie.”

Hy wys daarop dat die Wet van 1996, waaronder die GEPF ingeskep is is duidelik dat dit ‘n pensioenfonds vir werknemers van die regering geskep is. Volgens die wet moet alle beleggings wat gemaak word dus vir volhoubaarheid en groei van die pensioenfonds gemaak word. Enige beleggings wat nie aan hierdie vereistes voldoen nie is onwettig. Dit is dus duidelik dat beleggings vir enige ander doel gemaak word om regeringsverpligtinge na te kom.

Beleggings in die sogenaamde staatsbeheerdeinstansies soos Denel, Transnet en Eskom word nou al gereeld met pensioengeld reddingsboeie gegee. Byvoorbeeld is tot dusver in Eskom meer as R82 miljard belê. “Daar was al verskeie pogings deur Cosatu om die pensioenfonds se fondse aan te wend om aandele in Eskom te koop. Toe hierdie poging gesink is omdat dit onwenslik was om aandele in ‘n bankrot instansie soos Eskom te koop, is die gedagte gelaat vaar. Toe kom die volgende poging: daar sou dan ‘a special financial vehicle’ geskep word om Eskom se skuld van


R256 miljard onder leiding van die Openbare Beleggingskorporasie te bestuur. Baie instansies het daarteen gestem maar Cosatu het weer baie sterk daarvoor gestem. Toe hulle nie daarmee kon slaag nie, het die regering met die plan gekom dat geld van die pensioenfonds in van die regering se infrastruktuur projekte te belê. Toe dit ook nie slaag nie het die president aangekondig dat die beleggings in infrastruktuurprojekte so aanloklik gemaak sou word dat pensioenfondse graag daarin sal belê. AMAGP se reaksie in ‘n persverklaring deur Adamus was dat dit ‘n mens laat dink aan die ou kinderstorietjie van Jakkals wat vir Gansie vir ete genooi het. Dit lei so: **Jakkals sê vir Gansie kom eet vanaand by my. Daar is heerlike kossies en uintjies uit die vlei! Nee dankie sê die Gansie, as ek by jou kom kuier, eet jy my seker op.”**

Hy vertel van die ongelyste beleggings, die sogenaamde Isibya-Beleggings waarin beleggings gemaak is maar dat hierdie beleggings geheim gehou is. Op versoek van AMAGP het die DA druk op die Minister van Finansies geplaas om besonderhede voor die Staande Komitee vir Finansies (Skof) van die Parlement te lê. Dit het op 18 Oktober 2016 gebeur en die inhoud was skokkend. By die staande komitee is geweier om die OBK se vertroulike verslag aan AP en James Galvin te gee. AP neem (steel) toe 2 kopieë wat vir jare daarna nog met vrug gebruik is.

“Teen 2017 blyk dit toe dat 30% van die Isibya-beleggins “onder presteer”. Latere jaarverslae het aan getoon dat die “onderprestering” reeds jaarliks reeds 47% beloop. Miljarde van die Staatsdienspensioenfonds se geld word dus jaarliks in ‘n bodemlose put gegooi. By ‘n perskonferensie in Oktober 2017 het Dr Dan Matjila, toe HUB van die OBK aangekondig dat die 54% aandeelhouoding in ‘n Isibya-belegging, die sukkelende Daybreak Farms, verhoog is na 100%. Hierdie is een van die grootste hoenderplase in die land.

In Julie 2022 word dit bekend dat een van die senior amptenare van Daybreak Farms in 2021 R150 miljoen gesteel het. In Januarie 2022 ontvang die OBK ‘n forensiese verslag wat hierdie diefstal bevestig. In Julie 2022 toe die OBK aan die finansiekomitee van die Raad van Provinsies verslag doen word hierdie diefstal verswyg. Ek stuur toe aan Mnr Yunus Carrim die voorsitter van die finansiële komitee ‘n epos en vra vir hom of hy bewus is van die R150 miljoen. Hy was absoluut geskok maar stel toe vas dat dit die waarheid is. Daar is na my mening geen stappe teen die OBK gedoen nie”

My ondervinding is dat wanneer instansies soos die OBK en GEPF aan parlementêre komitee verslag doen hulle of vrae nie antwoord nie, of ontwykend is. By een vergadering van Skof het so baie vrae onbeantwoord gebly dat die voorsitter gelas het dat ‘n opvolgvergadering belê moet word om die uitstaande vrae te beantwoord, maar ongelukkig breek Covid19 toe uit en 74 vrae is nooit beantwoord nie.




**Toe ons by AMAGP weer n lawaai opgeskop het omdat die regering van ons pensioenfonds se geld vir hul doeleindes wou misbruik het hierdie kostelike spotprent deur wyle Fred Mouton in Die Burger verskyn.**

AP skroom nie om reguit te sê waar die staat verbrou, of belastingbetalers se geld vermors, of wat ook al die geval mag wees nie. Hy skroom nie om behoorlik mond uit te spoel as hy dink daar word nou "met belastingbetalers se koppe gesmokkel" nie.

**RSG Geldsake 21 November 2023**

Vriende,

Ek hoop u probeer ook Sondae 4nm na die GEPF-program op RSG luister. Dit is nou die van u wat dan nie slaap of vergeet om te luister nie. Tracy Peters verskaf dan inligting.

Vrae kan dan ingestuur word wat Maandae in die Program OP EN WAKKER geantwoord word. Het u dit al gebruik?

My vrae vir môre 20 November gaan oor 1) Forensiese ondersoeke na huwelike wat weduwees maande sonder inkomste laat; 2) Onwettigheid van beleggings; en 3) lang en korttermyn beleggings.

U kan gerus help om so die GEPF op hul tone te hou, Onthou u stilswye kan as instemming vir hul dade beskou word.

Groete

Kom ons kyk of hulle antwoord.

Adamus P. Stemmet

Theo, Bestuur,

Dit was nou ‘n geval van bull shit baffles brains..

Ek het bestuur probeer bel om te luister want met Mabesa het ek so iets verwag. Net As het sy foon geantwoord. Albert is uitstedig.

Ek kan nie glo dat ons aan so n ongelooflik goeie pensioenfonds behoort nie. Die reuse bedrae wat glad nie in perspektief genoem is nie, het blykbaar mense beïndruk.

Mabesa se ophemeling strook ongelukkig glad nie met Mogonjane se inleiding van die jaarverslag nie. Daar verduidelik hy die swak groei as gevolg van swak ekonomiese toestande. Ook nie met die gesukkel om ons 'n 5,5% van die VPI verhoging te gee nie.

Ook nie met die langtermynbefondsing van net in die 70% nie. Ook nie hoekom die korttermyn van 124% na 110% gedaal het nie. Ook nie die 43%" onderprestering " van die Isibaya-beleggings nie. Ook nie. As alles wat Mabesa gesê het waar is , verwag ek 'n pensioenverhoging van ten minste 12.5 % op 1 April 2024.

Ek stel voor Zirk as segsman, skakel met Ryk van Niekerk. Sy program is baie gewild by pensionarisse wat na vanaand nie weet wie hulle moet glo nie.
Groete.

Adamus P. Stemmet

Op 21 Nov 2023, 18:56 skryf Theo Stehle:

AP

Het geluister. Het verwag wat ek gehoor het. Mabesa het die twee, Ryk en Schalk, ooglopend betower. Jammer dat hul oordeel berus op 'n oppervlakkige beoordeling van die syfers. Watter boodskap stuur dit aan die land en veral die lede en pensionarisse van die Fonds? AMAGP skree wolf, wolf!

Iemand behoort die perspektief reg te stel.

Groete
Theo

Adamus P. Stemmet

Mr. Musa Mabesa

The Principal Executive Officer

Dear Mr. Mabesa ,

**RE: GOVERNMENT EMPLOYEES PENSION FUND (GEPF) LAUNCHING OF TRANSFORMATION POLICY.**

We are members of the Public Service Association (PSA) as well as pensioner members of the Government Employees Pension Fund (GEPF). In our first capacity we are privy to the letter with above heading dated 18 October 2023 directed by the PSA to yourself as well as your letter in response dated 26 October 2023.

In our second capacity and because we are really worried about our pension fund, please allow us to comment on said letters.

Firstly: it is trite that the GEPF was created by the Government Employees Pension Law (GEPL), 1996. It is our considered view that as a creature of law, it is a basic legal principle that the GEPF can only act in terms of what is specifically provided for – not implied - in its founding legislation i.e.the GEPL. The GEPF Transformation Policy and its predecessors (ESG objectives, the Responsible Investment Policy, the strategic asset allocation. Investment Policy Statement and more) thus must all adhere to the principles as set down in the GEPL.

The critical principle that guides all GEPF objectives, actions, policies, allocations and statements will be found in the GEPL section 3: Object of the Fund that reads: *The object of the fund shall be to provide the pensions and certain related benefits as determined in this law to members and pensioners and their beneficiaries"* Your statements about

- '*being a good corporate citizen of this country requires one to play its part in addressing inequality'*

-'*servicing the same members and their communities'*

-*'benefit members ultimately'*

-*'growing the fund for the benefit of our members and South Africa as a whole'*

-more'

Unfortunately are not supported by section 3 – 'The Object of the Fund' .

The GEPF's duty is to its '*members and pensioners and their beneficiaries'* and nobody else. Neither the GEPF Board of Trustees nor the GEPF management has the right to deviate from the dictates of legislation. It may be politically tempting to support this 'political correct' policy but it is and remains unlawful. In summary, none of the policy documents that you rely on to motivate the transformation policy will to our mind stand constitutional and/or legal muster.

Secondly: Your motivation for the adoption of the transformation policy is the public profile of transformation:

-addressing inequality;

-financial returns for the GEPF and

-sustainability for the fund.

Our concern however is in the political and distinct racist emotion that drives transformation. This was eloquently stated by the chairperson of the GEPF Mr. Mogojane during an interview on Radio702 on 16 May 2023. We quote from his statement during this interview which reflects his understanding of transformation:

*-the Board of Trustees of the GEPF is a vehicle for transformation to address inequality*

*-the GEPF must use its muscle for transformation. Example: there are about 30 banks in SA. In the banking sector the CEO's, the Chief Risk Officers, the Chief Financial Officers are all white males. This needs to change. He asked the questions at a conference hosted by the*

*GEPF: <u>Does it mean black people cannot count? Does it mean black people cannot read? Does it mean black people cannot manage finances?</u> They all will fall off the GEPF bus*.

We wonder how the public profile driving the GEPF transformation policy can be reconciled with the political and distinct racist emotional drive for transformation as conveyed by chairperson Mogojane.

We and many other employees and pensioners are not concerned about the racial profile of CEO's, CRO's or CFO's in the private sector as long as they meet the '*fit and proper criteria'* set down for those posts because that ensure profit for the company and job security for the employees. We are very concerned about the GEPF's push for appointing in practice deployed cadres as CEO's, Chief Risk Officers and the Chief Financial Officers while not even referring to the fit-and-proper criteria for those posts. It thus is a political demand – not transformational. We note that the cream of available cadres are already deployed in government as well as in state entities and enterprises. If their deployment was political with no reference to being '*fit and proper'* It is a sad reality that they produced spectacular failures and endemic corruption – both well reported in the media. Such deployments will not deliver efficiency or profit and will put job security as well as South Africa at severe risk.

It is our view that the challenge for any transformation initiative is to jettison the racist prioritisation of that and to at all times prioritise merit – the 'fit-and-proper' test. Transformation is a need in South Africa. If the GEPF wants to support it, the challenge will be to do it within constitutional and legal parameters and to the direct benefit of its members. It must be clearly stated that investments as provided for now will be perfectly in order and deserve support provided, they are done primarily for the benefit of the pension fund and not done to satisfy the political masters of the deployed.

Thirdly we note your points – quite correctly – that the fund has grown as from 1996 and recovered from being underfunded for the short term. We however point out that that the fund has given for a period of 10 years a pension increase to its members equal to the inflation rate but for the year 2023. We contribute this to the fact an amount of R35 billion was lost due to questionable investment practices with the classic example the politically tainted investment '*to create a black Naspers'* as

testified before Mpati. Even the GEPF (R2.3 trillion strong) could not lose that amount without passing this loss on to its pensioners. Not all investments as envisaged now, clearly judging from the failures in current investments in unlisted institutions, have any hope of success and are therefore illegal. The investments in the so-called Isibaya investments for instance have been showing for years that 40% or more "underperform".

We make the point that politically motivated investment priorities put the GEPF at severe risk – politics and investments are a bad mix. The inability of the GEPF to call its investment agent – the PIC - to task and ensure consequence management for officials involved as well as the recovery of these funds from these officials in this long list of questionable investments send all the wrong messages: to the perpetrators one of impunity, to the members of the fund that the GEPF is protecting cadres and to the pensioners that the GEPF is not acting in their best interest.

Please attend to this matter.

Finally: Seeing that the Transformation Policy was announced in public and was also widely distributed , we take the liberty to do likewise .

Regards.

James Galvin / Adamus P Stemmet

0828686153 / 0823209245

jgalvinsnr@gmail.com adamusp2602@gmail.com

Concerned members of the GEPF

**Foto's**




**Saam met sy dogter "êrens by die see".**





**Oupa saam met sy oudste twee kleindogters.**



**Adamus (links) saam met twee van sy "YSTER" vriende, Tommie Malan en James Galvin.**

**ADAMUS SE ONDERVINDINGE EN HERHINNERINGE**

**Angola tydens die Bosoorlog**

In Desember 1975 is hy die eerste keer opgeroep na Angola tydens die destydse Bosoorlog. Hier was hy die tweede in bevel van die regiment gewees.

Hy vertel van sy ervarings: "Terwyl ons besig was om oor die grens te beweeg, kom die opdrag ons moet onttrek. Die Organisasie van Afrika Eenheid het gestem en daar is ooreengekom dat Suid-Afrika teen 27 Maart 1976 uit die gebied uit moet wees. Die regering was egter bang dat as Suid-Afrika uit die gebied weg is SWAPO en ander magte uit Angola oor die grens sou stroom. Ons burgermag moet die wag hou (oorwoë terugval). Dit verloop toe so: As die Suid-Afrikaanse magte te stadig terugval raak die vyand ongeduldig en begin op ons troepe skiet. As hulle na ons sin te vinnig Suid beweeg skiet ons weer op hulle.

Die Regiment Oranje Rivier (ROR) was 'n pantser kar – regiment, bewapen met Eland 90 en Eland 60 pantser karre. Daar kom toe 'n opdrag van Opperbevel dat hulle nie die pantser karre teen vyandelike tenks mag aanwend nie. Dit was makliker gesê as gedaan, want toe Russiese tenks ROR se B-Eskadron onder die bekwame Majoor Hennie Brand aanval kon hulle sekerlik nie dit handegevou aanvaar nie. Hulle skiet toe een Russiese tenk uit, toe die tenks by 'n latere geleentheid weer lastig is en moeilikheid soek skiet hulle nog twee uit. In die proses het ROR geen ongevalle of skade gehad nie.

Toevallig tryter die vyand dieselfde B-Eskadron 'n jaar later weer, hierdie keer was dit onder bevel van Majoor AP Stemmet. Die vyand het weer slae gekry.

Hy vertel dat hy en so 'n groepie toe na Ruacana gestuur is om daar te gaan rus. Op 'n Sondag nooi die legendariese Kol. Jan Breytenbach hom om saam te ry Chitado toe in Angola. Daar wag seker so 2 500 mense, katte, honde, vroue, kinders, enigiets tot voertuie op hulle. Die Kolonel beduie toe dat hy die taak gekry het om hierdie lede van die FNLA('n Weerstandsbeweging), uit sentraal en Wes Angola na 'n plek langs die Cuito-rivier aan die Ooste van Angola te skuif. Hy dra toe die taak aan Adamus oor en oorhandig die orders van die SA leer en ook dié van die opperbevelhebber in Angola. Tipies Breytenbach sê hy "Moet jou nie aan hoër gesag steur nie, maak jou eie planne. As jy oorweeg om hulle deur Namibië te vervoer gaan jy groot moeilikheid kry as jy dit met gewapende soldate van die FNLA doen.

"Toe was die paaie in Angola almal twee-spoor paaie en dit was midde in die reën seisoen. Ek kon hulle dus nie Wes-Oos skuif nie en mag nie gewapende vreemde soldate deur Namibië skuif nie. Ek besluit toe om die mense te ontwapen en hulle en hulle wapens in aparte voertuie deur die nag

deur Namibië te neem. Die eerste nag sou ons hulle in die bosse regoor die Etosha-wildtuin wegsteek

Die persoon by wie ek die FNLA-mense oorneem vra vir my of ek die bordeel ook sal saamvat. Ek maak toe beswaar, maar hy oortuig my dat ek ernstige probleme sal ondervind. Hy het die bordeel gestig toe die jong manne getroude vrouens gepla het as hulle mans nie tuis was nie. Terwyl ons besig was om die mense te laai bring my tolke vir my ‘n huilende vrou met twee snotneus kindertjies wat aan haar rokpante vasklou en huil kom by my aan. Al drie huil hartroerend want die man, die pa van die twee kindertjies, is tot die dood veroordeel en moet glo dieselfde aand doodgeskiet word. Ek sê vir my troepe gaan haal die man uit die tronk uit. Vra hom uit oor wat gebeur het dat hy tot die dood veroordeel is en roep die FNLA-leiers en sê vir hulle ek gaan die man nie teregstel nie, hy is hulle verantwoordelikheid.”

“Ons bereik toe uiteindelik vir Rundu waar ons met ‘n ferry oor die Okovango-rivier na Calais in Angola vervoer word. Terwyl die konvooi beweeg vlieg ’n helse groot ongemerkte vliegtuig bokant ons. Ek rapporteer toe per radio aan ‘n paar radiostasies en vra hulle om die vliegtuig te identifiseer hy vlieg aanhoudend laag oor my konvooi. Ek was bekommerd omdat dit duidelik nie ‘n Suid-Afrikaanse vliegtuig was nie. Ek stuur toe ‘n finale boodskap aan die ander radiostasies en sê vir hulle as die vliegtuig weer oor ons kom ek hom gaan afskiet.  Agterna vind ek eers uit dit is ‘n Amerikaanse vliegtuig wat in die Kongo gestasioneer was en ons dopgehou het!”.

Angola is vrek warm en toe hulle laat middag uiteindelik by hulle bestemming aankom, gaan hulle na ‘n ou plaashuis waar ‘n groep Suid-Afrikaanse soldate was dit was langs die Cuito-rivier waar daar ‘n pragtige waterval en groot poel was. Hulle sou daar oornag, maar: “Ek sê vir my manne ons is vuil kom ons gaan swem eers bietjie om skoon te kom en af te koel.” Die bevelvoerder daar waarsku toe dat ons versigtig moet wees. Ewe arrogant beweer Adamus toe dat hy twak praat, want hy weet nie van enige vyand in daardie omgewing nie. Toe van ons troepe, wat eers 'n kliniek behartig waar siek FNLA mense mediese hulp moes kry, later by ons aansluit was hulle baie ongelukkig omdat hulle nie kon swem nie en hulle word toe beloof dat hulle die volgende oggend voor ons vertrek kon swem. Ons verneem toe dat dit nie gevaarlik is as gevolg van vyand nie maar dat daardie poel en rivier vol krokodille en seekoeie was. Die belofte om te swem word toe verander sodat die twee offisiere met gelaaide gewere sou wag hou vir ingeval seekoeie en krokodille sou pla.



**Na ‘n lang dag in die veld in Angola se skroeiende son is ‘n swemgat net waarna die troepe soek. Die twee offisiere sou wag hou om te verseker dat seekoeie en krokodille nie hulle troepe sou vang nie.**

Die volgende jaar was hy ook weer in Ruacana en dit is toe waar hy vir Eugene de Kock raakgeloop het wat by die polisie gestasioneer was as stasiebevelvoerder.

Daarna het die staatsveiligheid hom belet om weer bos toe te gaan. Na sy aftrede het hulle hom egter weer teruggeroep na sy ou regiment toe.

**Ere-kolonel in menasiedrag van Regiment Oranje (Pantserkar-regiment) en sy vrou Petro**





**Saam met vier gewese bevelvoerders van Regiment Oranje Rivier.**
**Staande: Adamus (toe erekolonel), lt.kol. Christie van Zyl en lt.kol. Willem Rall.**
**Sittende: Lt.kol. Gous van Rooyen en lt.kol. Mick Radford.**

**THE NINE-DAY WAR**

A.P. Stemmet, Head Strategic Communication: Secretariate of the State Security Council

On 1 April 1989 I was the Second in Command of the Secretariate of the State Security Council. Our Secretary Lieutenant General Charles Lloyd was away on duty. A few generals of the police and army stormed into my office. They told me that SWAPO was streaming over the border and they were ignoring the rules of the agreement. Part of the accord was that South Africa could keep the police to maintain law and order; however, the SADF had to be out. In terms of the agreement to hold free and fair elections the guns of the helicopters were removed. Armoured vehicles were deactivated. The generals informed me that heavily-armed SWAPO insurgents were storming over the border and killing the people as far as they went. Fortunately, the South African Police was still in SWA/Namibia as part of the accord.

The generals asked me what was to be done. I called a senior diplomat on my staff and instructed him to listen to the generals. I then told the meeting of six or seven members that I had no executive powers although I could tell them what I thought, which was that two things should be done. Foreign Affairs should liaise on the highest level as General Prem Chand was then already in SWA/Namibia and the South African Police and the SA Defence Force should shoot the hell out of SWAPO, as it was clear that they were flagrantly disregarding the agreement.

The reaction of the police and army generals was, 'Thank you, Sir!'. This was in spite of the fact that I had no executive powers. My request to the diplomat, police and army was, 'Don't hesitate. Do it now!' Naturally the security forces had to obtain permission from their own commanders, but it was my own personal feelings that I shared with them.

There was no time to consult with the State President as SWAPO was already on its way to Oshakati. At all levels in the security and intelligence structures the information was streaming in; I had then only advised the diplomat, police and army. When everybody had left, I gave instructions for strategic communication action to be implemented immediately. 'SWAPO se optrede moes aan die groot klok gehang word.' This was done!

The same day the diplomat reported back to me that he had done the necessary. The information was reported to the Minister of Foreign Affairs, Pik Botha. I did not follow up anything further in this matter as I watched developments as the occurred at ground level.

'Koevoet het ons gatte gered en die hel uit SWAPO geskiet.' I read the various intelligence reports and saw what was happening. Koevoet's actions bought the SADF time to re-arm certain sections, especially the SAAF. This resulted in SWAPO being stopped in their tracks.

I was informed later that Pik Botha was in Windhoek on that particular day and went to the airport to meet Mrs Margaret Thatcher. It is alleged that he informed Mrs Thatcher in their vehicle on the way from the airport to Windhoek about what was taking place on the border. He told her that South Africa planned to 'shoot the hell out of SWAPO'. She was against this move. Botha in the mean time asked the security forces for proof. When they arrived at their hotel the necessary proof, including photos, was laid before him.

I want to emphasise is that the South African Police could keep SWAPO at bay until the SADF could regroup. The SA Police was at that time the only force that could resist SWAPO's actions.

Intelligence I received later was that Sam Nujoma was in Harare when SWAPO came over the border. He was advised by Mugabe to conquer as much territory as possible before the elections. This would prove to the future voters that SWAPO had won the war and brought freedom to the territory and would encourage future voters to vote for SWAPO.

After the War during 2007 there were shocking revelations and photographs in the media regarding mass graves had been discovered in the north of Namibia. These graves (of the insurgents killed during the 10 days war) were then opened by bulldozers. The police had taken photographs and fingerprints of all KIA insurgents before their burial in these mass graves.

I then embarked on a one-man war and asked the media to publish the true facts as we know them. I knew that a senior reporter of Die Burger, Ingo Caprara, was in Oshikati at that time. My response was to get him to write an in-depth article on the all events of the past war in SWA/Namibia.

I also contacted the SABC, The Cape Times and The Argus with the request that they put the case in perspective i.e. that a balanced view of the events be published. We South Africans had been made out to be criminals and murderers. By presenting the all the known facts, this matter received wide media coverage and the propaganda storm abated.






**In vrolike luim saam met sy vrou, Petro op ‘n funksie van Regiment Oranje Rivier.**

**MAAK LEWENDIG DIE BEES**

Teen die einde van die oorlog moes Suid Afrikaanse troepe teen 7vm op 27 Maart 1976 uit Angola wees. Ek en n klompie van my regiment se troepe was toe al by Ruacana maar ons regiment het nog een vegtende Eskadron in Angola gehad. Hulle sou die nag oor die grens kom. Hierdie mense was toe al maande lank in Angola , het kontak met die vyand gehad , het al die tyd op droë rantsoene geleef en was doodmoeg.

Ek besluit toe om hulle sodra hulle oor die grens kom met braaivleis en brood te verras. Die brood sou ons van Oshakati insmokkel. Ons sou ʼn bees van die plaaslike bevolking moes koop. Dit was die Nguni beeste met hul groot horings maar klein lyfies . Een sou te min wees vir al die troepe. Alle beeste het glo £7 tien sjielings ( R15 ) gekos.

Van ons troepe onder Sersant majoor Bossie v.d. Heever het ʼn paar kilometer buite Ruacana ʼn reservoir opgepas naby ʼn Ovahimba - stat.

Die ou hoofman daar het ʼn troppie Nguni beeste besit. In die trop was ook twee reuse osse. Bossie kry toe opdrag om een van die osse te koop.

Bossie se plan was om die ou man dronk te maak en dan te oorreed om een van die groot osse teen £7 tien sjielings te koop. Hy laat weet toe ek moes een bottel rum en baie coke stuur. Later vra hy nog ʼn bottel rum.

Die man wat die drank buite sig moes skink , kry toe opdrag om net ʼn klein bietjie rum en baie coke in Bossie te beker gooi . Die ou man moes weer baie rum met min coke kry.

Bossie en die ou man sit toe op twee stoele met Sersant Sarel Strauss wat met sy geweer agter hulle staan. As Bossie die teken gee, moes Sarel vinnig skiet voor die ou man van plan verander. Die piekaniens jaag toe die beeste heen en weer voor die twee onderhandelaars verby. Die eerste bottel rum was gou leeg en die tweede een is oopgemaak. Elke keer as die beeste verby kom sê Bossie: £7 tien sjielings en die ou man hou by £37 tien sjielings . Dan word daar maar weer geskink.

Toe gebeur die onverwagte: Bossie wat nie ‘n groot drinker was nie, begin dronk word maar die ou man hou taai. Toe die tweede bottel amper leeg was en Bossie baie dronk, dog hy die ou man stem in tot £7 tien sjielings en Sarel kry opdrag om een die groot osse te skiet. Toe die val, sê die ou man £37 tien sjielings !! Dit is toe dat Bossie vir Sersant Sarel skreeu: Maak lewendig die bees , Kaptein Stemmet vermoor my oor daardie prys !

Toe ons troepe die nag oor die Kunene kom, het hulle heerlik aan die braaivleis en brood ge- eet.

**Moet nooit iemand op sy baadjie takseer nie.**

AP vertel dat daar in ŉ oorlog dikwels baie te leer is. Een van die lesse wat hy geleer het was dat jy geen mens op sy baadjie moet takseer nie. Hy noem twee gevalle waar hy hom erg met mense misgis het.

In die een geval was hy ŉ stafoffisier by n brigade toe ŉ veggroep rapporteer dat hulle die vyand net Noord van hulle in die bosse hoor kamp opslaan maar hulle niks kon sien nie . Hulle kon ook nie met hul pantserkarre inbeweeg om ondersoek in te stel nie en vra lugverkenning .

A P stuur toe die inligtings-offisier Kaptein Taite om per vliegtuig vas te stel waar die vyand is. Die joviale Kaptein het meer na ŉ skrikkerige buurman as 'n held gelyk. Uit die lug rapporteer hy 'n paar keer dat daar op sy vliegtuig geskiet word. Elke keer word hy aangeraai om liewer die verkenning te staak en terug te keer. Dit ignoreer hy en hou aan soek tot hy presies kon vasstel waar die vyand was.

Toe hy na die landingstrook terugkeer was AP daar om ŉ gewonde af te haal. Hy ontmoet Pat daar en sien ŉ groot gat in sy vliegtuig. Die 12, 6 mm swaarloop het Pat met enkele sentimeters gemis. Toe hy dit aan Pat wys het Pat eers bewus geword van hoe naby hy aan sy dood was. Toe eers skrik hy hom spierwit. Pat het sy lewe keer op keer gewaag om die presiese ligging van die vyand vas te stel. Hy het 'n medalje vir dapperheid verdien.

In n ander geval moes AP toe hy grensdiens gedoen het saam met infanteriste voor n beplande aanval n verkenning te voet uitvoer . Hy laat toe sy voorpos weet dat hulle n radio- operateur met n draagbare radio gereed moes hê om hom en die infanteriste te vergesel. Die verkenning sou baie naby n vyandelike basis plaasvind. A P het een van die radio- operateurs by daardie voorpos glad nie vertrou nie, Dié het altyd senuweeagtig rond gekyk en AP was oortuig dat hy n lafaard was.

Terwyl die patrollie ongeveer 40 meter van die grens was, brand die vyand onverwags op hulle los. Terwyl die ander paniekerig vinnig dekking gesoek het, het die radio-operateur koelkop en sonder om ‘n oog te knip opgetree. Hy was die een wat onder vuur kopgehou en heldhaftig opgetree het.

**VERHOUDING MET PW.BOTHA**

Met PW as eerste minister het die druk op die Suid-Afrikaanse regering vir demokrasie reeds al hoe groter geword.



**Druk vir 'n demokrasie het reeds onder PW se bewind begin toeneem.**

"Die Tak Landsveiligheid, waarvan hy ook lid was, en onder die Departement van die Eerste Minister geval het was PW. se dinkskrum. Hy kon by ons vinnig advies kry wat maande sou neem om uit staatsdepartemente te kry. As ons nie die nodige kundigheid intern gehad het nie, het ons in sy opdrag toegang tot enige bron, die akademie ingesluit, gehad. Natuurlik het die veiligheidstak, nasionale intelligensie, militêre intelligensie en buitelandse sake se inligting altyd die kern gevorm." VT, NI, MI en Buitelandse Sake en Inligting altyd die kern gevorm."

AP was die meeste van sy tyd hier die tweede in bevel het later ook Hoofkoördineerder van Landsveiligheid geword.



**PW het hier aan my een of ander toekenning gemaak, ek kan nie eers meer onthou waarvoor dit was nie.**

PW het nie maklik na raad van ander geluister nie. Hy was volgens AP ‘n hardekop gewees, maar hy het tog soms na AP en sy mense se raad geluister.

DIE BEELD VAN PW BOTHA

AP vertel ietsie oor vreemde versoeke en beeldbouery met Mnr P W Botha.

" In my jare by Landsveiligheid het ek talle vreemde versoeke gekry. Vredeskep tussen twee Zulu - stamme in Noord Natal , Veiligheid van Mnr Buthelezi, Swapo wat Resolusie 435 verbreek ens ens.

Op 'n dag kom twee amptenare van Buitelandse Sake en Inligting my spreek. Hulle sê toe dat hulle probleme het om Suid Afrika se saak te bevorder met n Eerste Minister wat so n onvriendelike en stuurs beeld het.

Hulle was te bang vir hom om hul probleem met hom te bespreek " Maar julle ouens het mos n oop deur met hom "

Ek steek toe my kop vêr uit en skryf n nota aan hom waarin ek die versoek oordra. In die nota vlei ek hom toe om sy droë humorsin meer te gebruik af en toe met n glimlag n grappie te maak. Ek sluit toe nog n paar wenke in waarin ek hom oa versoek om nie met sy wysvinger soos n skoolprinsipaal wat met stoutkinders raas te beduie nie maar om liewer met n oop hand akkommoderend te beduie. Daar sou gereël word dat n paar foto's van hom in 'n vriendelike bui deur die media geneem word. Sulke foto's sou dan aan koerante en TV- stasies verskaf word om telkens te gebruik.

Mnr P W het geduldig geluister en gesê dat ons hom net nie weer soos n sekere Sondagkoerant op n perd se rug kry om vir ure heen en weer te jaag vir foto's nie. Hy het dit gedoen en al wat in die koerant verskyn , het was n kort beriggie en klein foto'tjie.

Hy belowe toe om ons advies te volg.

Mnr PW het ons advies vir n klein rukkie gevolg en nogal vriendelik oorgekom. Maar toe vererg hy hom vir almal en kom die Rubicon-toespraak waarna die wysvinger weer in die lug teruggekeer het. Vir altyd. "

**Die Driekamerparlement**

(Omdat ek nie by die politiek betrokke wil raak nie, het ek hierdie nog nooit voorheen op skrif gestel nie. Ek het geen beswaar dat dit nou bekend word nie.)

Op 'n gereelde besoek uit Kaapstad waar hy gedurende parlementsittings was, dra genl Andre van Deventer die volgende boodskap oor: " Die Eerste Minister sê hy gaan die aanbevelings van die Schlebush-komitee tov 'n Driekamer-Parlement aanvaar. Hy het 'n tweederde meerderheid in die parlement en gaan die RSA se Grondwet wysig sonder 'n vooraf referendum. Wat sê julle?" Omdat ek en die ringkoppe by die SSVR al hierdie onderwerpe behalwe die referendum-gedeelte stofgetrap het, kon ek onmiddellik reageer: Referendum: 'n Referendum is 'n moet: Dit sou vir hom om 'n horde redes wat ek gegee het as politieke leier fataal wees om die Grondwet eensydig te wysig sonder om die kiesers te ken. Driekamer-Parlement: Dit sou 'n groot fout wees om die grootste bevolkingsgroep uit te sluit. Ons waarsku uit 'n veiligheidshoek dat dit ongetwyfeld tot groter weerstand en opstande deur die swart bevolking sou lei. Die veiligheidsmagte kan net tydelik op die deksel van die kokende pot sit. Dit is hoog tyd dat 'n staatkundige oplossing deur die TAK STAATKUNDIGE ONTWIKKELLING EN POLITICI gevind word. (Nota: Ons was altyd skerp met kritiek op daardie Tak waar nie minder as drie professore was wat geen oplossing gebring het nie.) Dit was na ons mening n mite dat 'n minderheid vir ewig 'n meerderheid kon regeer. Afrika is

besig om alles wat vreemd aan Afrika is te verwerp. Ons moet versigtig wees dat witmense nie as "vreemd" beskou word nie. Die antwoord het 'n paar dae later gekom: "Sê vir Mnr Stemmet hy wen hierdie keer i.v.m. die referendum. Dit sal gehou word. Oor die ander: Oor my dooie liggaam. Die tyd daarvoor is nog nie ryp nie." Partykeer wen jy en partykeer verloor jy. Die referendum is toe in 1983 gehou.

**Die Tak Nasionale Vertolking (TNV).**

Tradisioneel deel intelligensie dienste/instansies nie inligting nie. Die gevolg is dikwels botsende uitsprake en optrede en selfs lewensverliese .

Dit was ook in die RSA die geval en in 1980 gee die Eerste Minister opdrag dat ʼn Nasionale-inligtingsvertolkingsliggaam geskep moes word. Ministers sou voortaan net op inligting afkomstig van daardie liggaam mog optree. Daar was ʼn gedurige stryd tussen intelligensiedepartemente.

Aangesien ek, pas uit Justisie .heeltemal onafhanklik was , word ek as voorsitter van n komitee aangestel om ʼn implimenteringsverslag saam met die intelligensie departemente op te stel

Ons aanbevelings is aanvaar en Tak Nasionale Vertolking ( TNV) by die Sekretariaat van die Staatsveiligheidsraad het tot stand gekom.

Die voorsitter wat elke twee jaar sou roteer, sou op Genl. Maj. vlak wees. Twee lede uit elke intelligensiedepartement op Kolonel/Brigadiersvlak sou die bemanning uitmaak.

Inligting sou daagliks op daardie senior vlak ingevoer, ontleed en vertolk word , waarna een inligtingsdokument aan elke Minister sou gaan.

Almal sou dus voortaan met dieselfde dokument as basis optree. Botsende uitsprake sou so voorkom word.

Die stelsel het dadelik eenvormigheid van optrede gebring. Die Westerse wêreld het nie geglo dat so iets kon werk nie.

Op versoek van die skeptiese Amerikaners en later ook die Franse het ek ons stelsel op televisie verduidelik . Hulle was van mening dat hierdie 'n wêreldeerste was. Miskien was ons die wêreld voor.

**Tak Strategiese Kommunikasie**

“PW Botha het destyds gesê die ANC klop Suid-Afrika ‘hands down’ sover dit die propaganda veldtogte aangaan. Hy het gesê ons moet ‘n organisasie skep om ANC se propagandaveldtog te keer. Ek kry toe die taak en stel ‘n span van sewe deskundiges aan om voltyds te werk aan voorstelle. Omdat PW altyd haastig was en ‘n volledige verslag binne twee maande wou hê moes hulle daagliks aan my vordering rapporteer. So het dit aangegaan vir twee weke voordat ons op ‘n model besluit het”.

Daar was baie lande waarby ons kon leer. Ons het gevind dat die Oos-Duitsers, Rusland en die Chinese van The Republic of China(Taiwan) die beste was. “Die Fu Hsing Kang-kollege is ‘n universiteit in Taipei wat mense oplei in politieke oorlogvoering wat propoganda insluit. Hulle het baie goeie materiaal en ons het goeie samewerking met die mense van Taiwan.”

Die SAW het reeds soms soldate na FU HSING KANG KOLLEGE vir kommunikasieoperasie-opleiding gestuur. Om dit uit te brei na ander departemente, het ek met die SAW en Taiwannese se Political Warfare Department ooreengekom om daardie funksie oor te neem. In 1984 is ek en n span na Taiwan om samesprekings te voer en ons vordering te meet. Ons het ook belanggestel in hul werk in verband met die jeug. Ons het geweet van China Youth Corps se kursusse en wou meer daarvan weet, Ons was ook verantwoordelik vir opleiding in die Nasionale Veiligheid Bestuurstelsel en het daarom van ons opleidingspersoneel asook van die Kommissie van Administrasie saamgeneem. Hulle was verantwoordelik vir opleiding van siviele staatsamptenare en hul hoof van opleiding plus een personeellid is saamgenooi.

Die Taiwannese verkies om Chinese genoem te word aangesien sommige van hulle of hul voorgeslag in 1949 uit China gevlug het. In Taiwan en ongeveer 30 klein eilandjies het nog groepies oorspronklike inwoners gewoon.

Die Chinese het vir ons met baie trots soveel as moontlik van die land gewys.

Ek het as burgermag soldaat baie belang gestel in Kinmen-eiland wat ongeveer 2000 meter van Rooi China af geleë is en waar vlieëniers van die S A Lugmag in 1953 gedurende die Koreaanse Oorlog geland het. Ek het geweet dat Rooi China die eiland in 1958 aangeval het en sleg slae gekry het. Natuurlik wou ek weet hoe hulle dit teen die magtige Rooi China reggekry het. Daar kon ons soldate van Rooi China deur n teleskoop beskou.



**Tydens die 'n besoek van die Political Warfare Departement se hoofde aan Mnr Mangosothu Buthelezi: Van links na regs: Tolk, Genl. Yen Pai-chen, Buthelezi, AP en Genl. Wan.**



**Saam met die stigter van die Inkatha Freedom Party Mangosuthu Buthelezi.**

By Fu Hsing Kang het ek ‘n referaat gelewer oor Psychological Warfare in South Africa en ons span het baie gesprekke met hul deskundiges gevoer. Ons span was tevrede dat ons op die regte pad was. Gedurende die besoek is die POLITICAL WARFARE MEDALJE aan ons almal toegeken uit erkenning van ons stryd saam met hulle teen kommunisme..

Vyf jaar later in 1989 is ons weer na Taiwan genooi. Ek was toe terug in die tweede in bevel pos met die benaming hoof koördinerende beampte. 'n Soortgelyke span as in 1984 is saamgestel, My opvolger by TSK, Brig. gnl Jan Erasmus en ek is genooi om ons vrouens saam te bring.

Hierdie keer het ons gashere weer uit hul pad gegaan en ons is oorweldig deur hul gasvryheid . Hulle het ons regoor die land geneem om besienswaardighede te besigtig . Ons is selfs na hul vloothoofkwartier aan die suidpunt van die land by Kaoshung asook ander militére basisse genooi . Ander pragtige dele van die land is aan ons gewys.



**Hierdie keer is die dekorasie : ORDER OF EXCELLENCE aan my toegeken . (Volgens die sitaat was dit vir die bevordering van goeie verhoudings tussen ons lande.).**



**FW  ontmoet Genl. Yen Pai-chen, die toe hoof van Polwar.**




**Met besoek aan die Republiek van China. Gas van die hoof van Political Warfare Ek dink dit was genl. Hsu li Nung.**

Teen daardie tyd was ons al die tak strategiese kommunikasie (TSK) van die SSVR en die akroniem “Stratkom” het ontstaan.



**Adamus verduidelik ‘n inval in Angola aan die Chinese in Taipei.**

Ons het dadelik begin om amptenare van soveel as moontlik departemente na Fu Hsing Kang te stuur nadat ons hulle eers in die RSA opgelei het. Ekself het Fu Hsing Kang en baie projekte in Taiwan gaan besoek. In die RSA is kursusse gereël om amptenare op te lei. Nie almal kon na Fu Hsing Kang gaan nie.

Hy lag heerlik as hy vertel van die verbasing van die Chinese wat soms in samesprekings Mandaryns gepraat het, besef hy verstaan so ietsie van wat hulle gesels. Want sien, hy kon so bietjie die taal verstaan.



**Genl. Yen Pai-Chen hoof 'Political Warfare Department' ontmoet. Genl. Willie Willemse, Kommissaris van Korrektiewe Dienste.**

"Toe ek weer uitgenooi is om Taiwan te besoek, het ek sleg gevoel omdat ek die hele wêreld vol rits en my vrou moet altyd by die huis bly. Ek stel toe aan Genl. Jan Erasmus voor hy moet sy vrou ook saam neem want ek gaan vir Petro saam neem. Ons groep het ook die hoof van die Taiwanese vloot besoek. Toe ons by die hawe by Kaoshung aankom het ons gevind dat daar 'n spesiale geleentheid gereël was. Hulle het geweet dat dit Genl. Erasmus en sy vrou se huweliksherdenking was, en het 'n spesiale geleentheid daarvan gemaak. Hulle het 'n hele fees aangelê".



**My besoek aan China Youth Corps. Kyk ons vlag is verkeerd drapeer. Ek het niks gesê nie.**



Fu Hsing Kang-kollege (Foto: HBH)

Dit was die regering se streng beleid dat die Takveiligheid se amptenare nie uitvoerend mog optree nie. Uitvoering van projekte moes altyd deur departemente binne hul lynfunksie uitgevoer word. Takstrategiesekommunikasie(TSK) kon dus sleg beplan en uitvoering deur departemente koördineer. Staatsdepartemente het nie geld gehad vir hierdie nuwigheid nie. PW het dus opdrag gegee dat TSK projekte moes befonds totdat Departemente in staat was om die projekte te befonds. Intussen sou TSK geheime fondse kry om te befonds. AP het beswaar gehad aangesien hy van mening was dat finansiering 'n deel van uitvoering was wat heeltemal teen die veiligheidsbestuurstelsel gebots het. Hy was van mening dat as jy finansier dan tree jy uitvoerend op. PW sê egter gaan voort.

Ons het baie groot suksesse behaal in die binneland sowel as in die buiteland. 'n Bewys van ons sukses was toe die ANC in hul lyfblad, Sechaba, geskryf het: "*Do not listen to these people, they are be fucking the minds of our people".* Dit het vir my gewys ons het hulle geslaan waar dit seergemaak het.

Strategiese kommunikasie is maar hoe jy mense beïnvloed. Goed of sleg.



**Adamus in gesellige luim saam met twee SAW-kollegas, Genl Kiewiet Geldenhuys en Genl Hans van Rensburg**



**FW de Klerk het pas as president in sy kantoor ingetrek toe hierdie groepie manne hom besoek het. Van links is brig.genl. F.C. Erasmus, die toe direkteur-generaal, dr. Jannie Roux en pres. FW. De Klerk**
***Nota van AP*: Genl. Erasmus was op ons personeel by genoemde tak veiligheid en ook die seun van oud-min. F.C. Erasmus van die 1948-kabinet. Hy was ook hofknapie op pres. PW. Botha se troue.**

**ADAMUS BRING HULDE AAN SY KOLLEGA EN VRIEND. AFSTERWE VAN ADV. KLAUS VON LIERES UND WILKAU.**

# Von Lieres und Wilkau bly stil oor 'pantser-geveg'

**Adamus P. Stemmet, Durbanville**

My vriend, kollega as staatsaanklaer en kameraad in uniform Klaus von Lieres und Wilkau is oorlede.

Ons was dieselfde tyd staatsaanklaers. Wat 'n plesier om so 'n kollega te kon hê. Oor sy beroep as staatsaanklaer en prokureur-generaal hoef ek nie veel te sê nie. Hy was legendaries. Later, toe ek in die justisie-hoofkantoor dien, het ons kontak gehou.

Hy was een van die twee prokureurs-generaal wat in 1995 op die internasionale simposium oor die toekomstige regspleging in die nuwe Suid-Afrika beswaar aangeteken het teen die sentralisering van die vervolgingsgesag.


Klaus was ook 'n gerekende soldaat. Albei van ons het ook jare in die burgermag diens gedoen. Ek was in 'n brigade in 'n pantserregiment en Klaus was in die divisie wat oor ons bevel gevoer het. Gedurende die eerste inval in Angola loop ek die toe kol. Von Lieres daar raak. Daar was streng opdragte dat ons nie met ons pantserkarre vyandelike tenks mog aanvat nie. Dit gebeur toe dat vyandelike tenks met ons skoorsoek



**Klaus von Lieres und Wilkau**

op 'n afgeleë plek. Uit selfverdediging looi ons pantserkarre hulle toe en skiet 'n paar Russiese tenks uit sonder verlies of skade aan ons kant.

Om uit die moeilikheid te bly besluit ons om die voorval geheim te hou. Ons kon in ernstige moeilikheid wees sou dit uitlek, selfs al het ons die vyand net uit selfverdediging aangeval. Jare later kom dit aan die lig dat Klaus toevallig 'n radioberig tussen ons pantserkarre onderskep het en dus van die voorval geweet het. Maar hy besluit toe om ons stilswye oor die voorval te respekteer.



Klaus von Lieres und Wilkau en sy vrou, Beata, omstreeks die laat 1980's. Hy is Maandag op haar verjaardag dood.
Foto: VERSKAF

# Oud-vervolgingshoof sterf op 83

**Anè van Zyl**

Adv. Klaus von Lieres und Wilkau SC, 'n voormalige vervolgingshoof, is Maandagaand in die ouderdom van 83 in 'n leunstoel in sy huis in Gordonsbaai in die Wes-Kaap oorlede, vermoedelik weens hartversaking.

Hy was destydse prokureur-generaal van die Witwatersrand en volgens adv. Gerrie Nel " 'n legende".

Hy was aan die hoof van die span wat in 1993 vir Clive Derby-Lewis en Janusz Walus weens die moord op Chris Hani vervolg het. Nel was 'n lid van die span.

"Ek dink hy was waarskynlik die begaafste regspraktisyn met wie ek nog saamgewerk het," sê Nel.

"Hy was 'n merkwaardige aanklaer en hy het my gevorm.

"Toe ek hoor hy is oorlede, het ek en 'n kollega dadelik begin staaltjies vertel.

"Een ding wat my altyd sal bybly, is sy toewyding aan voorbereiding. Hy het my geleer dat 'n mens nooit genoeg voorberei het nie. Dit is 'n les wat ek nou nog saam met my dra en oordra aan dié wat ek mentor.

"Wat my geweldig beïndruk het van hom, is dat hy 'n aanklaer gebly het en nie net 'n administrateur was nie. Hy het steeds aangekla as hoof van die kantoor. Hy was nie bang om self in die praktyk te staan nie."

Von Lieres het destyds die staatspan gelei wat in die konstitusionele hof onsuksesvol geveg het vir die behoud van die doodstraf.

Hy het betoog dat die doodstraf in baie dele van die wêreld as legitiem erken word; dat dit 'n afskrikmiddel vir die pleeg van geweldsmisdade is; dat dit voldoen aan die samelewing se behoefte aan vergelding vir afskuwelike misdade; en dat dit in Suid-Afrika as 'n aanvaarbare vorm van straf beskou word.

Die konstitusionele hof het egter in Junie 1995 beslis dat die doodstraf ongrondwetlik is en afgeskaf moet word.

Nadat hy as 'n aanklaer afgetree het, het hy vlugtig vir Najwa Petersen, veroordeelde vrou van die vermoorde musiekman Taliep Petersen, verteenwoordig.

Von Lieres het ook opgetree vir Petrolene de Wet, wat in 2004 skuldig bevind is aan aanranding nadat sy iemand gehuur het om haar miljoenêrsman, Deon, "skrik te maak". Hy is egter in die proses doodgeskiet.

Von Lieres was die een wat die besluit geneem het om Winnie Madikizela-Mandela in die 1990's te vervolg en was die eerste aanklaer wat in die vorige bedeling 'n veiligheidspolisieman weens die dood van 'n aangehoudene aangekla het, lui 'n 1995-skrywe deur die skrywer en joernalis Mark Gevisser.

Sy seun, Hein von Lieres van die regsfirma Von Lieres, Cooper & Barlow in Kaapstad, sê sy pa "het 'n blywende indruk op mense gelaat. Hy het 'n vertrek met sy teenwoordigheid gevul.

"En dié wat hom ontmoet het, het beslis 'n mening oor hom gehad, goed of sleg. Hy het geglo 'n aanklaer moet onafhanklik en vry van politieke beïnvloeding optree.

"Hy kon moeilik wees en het sy foute gehad, maar sy hart was op die regte plek, hy was vrygewig met kennis en gawes en 'n steunpilaar vir sy gesin en sy familie. Sy dood laat 'n groot leemte."

Von Lieres is op sy vrou, Beata, se verjaardag dood. Hy word ook deur 'n dogter, Nell van Vuuren, en vier kleinkinders oorleef.

**Von Lieres : Lafaards moes leeukuil toe.**

Redakteur,

Advokaat Klaus von Lieres se oorlye onlangs bring baie herinneringe terug. Ek het hom ontmoet toe ek en ' n kollega in Pretoria onderhoude gevoer het met jong advokate wat pas afstudeer het. Hulle moes in voorkeur volgorde aandui in watter afdeling van die Departement van Justisie hulle geplaas wou word. Die jong Von Lieres was adamant : Net in die prokureur-generaal se afdeling, geen volgorde nie! . Hy is daar geplaas en ons vriendskap het begin

Laat 1975 word ek en Klaus, toe al beide relatiewe senior justisie-amptenare maar ook weermag-soldate, opgeroep om militêre diens in die "operasionele gebied" te doen. Waar dit was, was toe nog 'n geheim. Vir ons twee ook. Ons benadering was dat ons land ons nodig het en ons sou gaan. Waar ook al.

Ek het die taak gekry om my regiment, die Regiment Oranjerivier, in Kaapstad te gaan mobiliseer. Omdat ons 'n pantserkar regiment was, het ek besef dat iets groot aan die gang was. Pantser is bedoel en word aangewend in n oorlog -- 'n skietoorlog. Klaus was ‘n kolonel in sewende Divisie. 'n Divisie voer bevel oor brigades, bataljonne en regimente. Ons afleiding was dus : HIER KOM 'n GROOT OORLOG. Nie ek of Klaus het getwyfel wat ons plig was nie.

Ek sou die volgende dag saam met my gesin met vakansie gaan. In plaas daarvan moes ek dadelik Kaapstad toe. Daar in die kasteel in my hoofkwartier tref ek een junior offisier en n klerk aan. Ons drie sou ‘n groot regiment mobiliseer. 'n Reuse taak.

Aansoekers om vrystelling het na ons hoofkwartier gestroom. Onderhoude moes met elkeen gevoer word terwyl drie telefone aanhoudend gelui het. Die redes om nie oorlog toe te gaan nie was vindingryk en soms lagwekkend. Party was eg. Ander was kansvatters. Een goeie rede was dié van ‘n bruid: "Kaptein ons trou volgende Saterdag, Daar is al baie geld spandeer. Dit is die troue van die jaar op Carnarvon. Gaan maak jy jou oorlog, los ons net uit! "Oplossing?" Gaan voort met die troue. Hy kan ‘n week later by ons aansluit. "Ek sou laat weet waar. 'n Week later het hy getrou in Windhoek, Namibië, by ons aangesluit waar ons regiment per trein noord gereis het. Dit is lojaliteit!

Party aansoekers om vrystelling het gesoebat ander het gevloek en gedreig met sy parlementslid. Die wat goeie redes gehad het, het vrystelling gekry. Die ander nie.

Die verskonings en pogings om mense te laat vrystel het ingestroom. 'n Paar landdroste bel en probeer my vertel hoe ‘n hof eintlik werk en dat die staatsaanklaer baie noodsaaklik vir ‘n strafhof is om te funksioneer. Hoe durf ek sy aanklaer oproep! .As oud afloslanddros en staatsaanklaer het ek myself gate uit geniet. As jy dan vir hulle vertel dat kapt. Stemmet en ondersekretaris Stemmet van justisie een en dieselfde persoon is was die reaksie: "O my vader meneer, dan het ek mos klaar verloor.!"

Ek en Klaus het ons plig gaan doen in Angola. Ons was teleurgesteld en na ons tuiskoms uitgesproke oor die baie justisie-amptenare wat aansoek om vrystelling van militêre diens gedoen het. Ons en ander het hartlik gesing **"Ons sal antwoord op jou roepstem ons sal offer wat jy vra "ensovoorts ensovoorts. Ander was na ons mening lafhartig en dislojaal.** Die wat nie ons sentimente gedeel het nie, is reg of verkeerd summier as lafaards verdoem. 'n Moeë soldaat het nie geduld of genade nie. Vir party was ons helde, ander het ons twee verpes.

'n Spotprenttekenaar wat die storie gehoor het, steek toe die draak met ons. In 'n tydskrif verskyn toe die spotprent van my en Klaus wat as Romeinse soldate ‘n ontduiker in die leeukuil gooi -- presies soos ons gevoel het.

Mag my vriend, kollega en makker in vrede rus. Ons het die goeie stryd gestry.

Adamus Stemmet


TOTALE BEPLANNING
TOTAL PLANNING
GEHEIM
BOEK 1/BELEID
KOPIENR: 91 VAN 100
DIE RSA SE BELANGE EN DIE RSA-REGERING
SE DOEL, DOELSTELLINGS EN BELEID
VIR ORDELIKE REGERING
ASOOK
RIGLYNE VIR DIE UITEINDELIKE STAATKUNDIGE
BESTEL VAN SUIDER-AFRIKA

**Spotprent**



**Adamus en Klaus uitgebeeld as Romeinse soldate toe hulle by justisie gewerk het**

**Zimbabwe en die wapens**

Soos almal weet, kom Suid-Afrika aan die einde van die jaar tot stilstand. So was dit ook in 1980. Die komitee sou toe eers in Januarie 1981 sy werk voortsit

Een oggend daag Genl. Hans van Rensburg van die SAW by my op. Zimbabwe dring aan op die onmiddellike vrystelling van ALLE wapens en ammunisie wat nog in die RSA was. My reaksie was dat hulle tot Januarie 1981 kon wag tot die komitee sy werk afgehandel het. Die generaal kom toe later terug en sê RSA se handelsverteenwoordiger, Waldi Kuhn, het geskakel . Hy berig dat Mugabe sê hy het die wapens dringend nodig en dat hy die Britte sou nader om druk op ons uit te oefen.

Ek probeer toe om Generaals Van Deventer en Magnus Malan te bel maar kon hulle nie kry nie. Eerste Minister P W Botha was ook nie beskikbaar nie. Ons moes toe 'n plan maak .Ons besluit toe dat aangesien die gevoel by die komitee was dat daar geen beswaar was dat wapens en ammunisie wat nie teen die RSA gebruik kon word nie , ons haelgewere en .22 gewere en ammunisie ens sou vrystel op voorwaarde dat hulle lokomotiewe en trokke van ons Spoorweë wat Mugabe teruggehou het, terselfdertyd moes terugstuur. Ons twee het egter geen magtiging van die regering gehad nie en moes vir tyd speel.



Ek bel toe die Spoorwegpolisie en vra hulle om ŉ paar ton vrygestelde wapens na Beitbrug moes stuur waar dit met twee leë treine omgeruil moes word. Dit gebeur toe maar daar sluip toe n foutjie in. Die vol trein kom toe terug en die leë treine gaan terug na wat toe nog Salisbury was. Waldi Kuhn bel toe en sê Mugabe is woedend. My reaksie was dat Mugabe se onnosel treinpersoneel fouteer het en dat ons die poging moes herhaal.

Toe die vol trein Salisbury bereik, was Mugabe eers kwaad. Hy dring toe weer aan dat jaggewere en oorlogswapens onmiddellik aangestuur moes word. My boodskap aan hom is nie publiseerbaar nie en ek twyfel of die diplomaat Kuhn dit woordeliks oorgedra het.

Na die vakansiedae skryf ek toe n nota aan die Eerste Minister waarin ek hom inlig van wat gebeur het . Natuurlik was ek voorbarig om ongemagtig namens die RSA op te tree eb ek het n paar taai klappe verwag. Toe hy weer die Eerste Minister moes gaan spreek neem Genl van

Deventer my nota saam. In plaas daarvan om my tereg te wys, het die Eerste Minister glo heerlik gelag.



ANGOLA

In Desember 1975 sou ons met verlof aan na ons jaarlikse Kersfees diens kry ek op my lessenaar 'n groot vaal koevert: “...Nademaal die Minister van Vereeniging ...90 dae in die operasionele gebied...” Met ander woorde. OORLOG iewers.

“Ek kom toe terug, maak my lessenaar mooi skoon en pak my tassie. Ek kan huis toe en sê vir my vrou, ons kan nie weer weggaan nie, ons gaan maar net op die plasie vakansie hou vir 'n paar dae. Toe kom die opdrag uit Kaapstad. Ek moet drie dae later in Kaapstad wees om die Regiment te mobiliseer. Die hele regiment is opgeroep, maar niemand wou oorlog toe gaan nie.

“Daar bel toe ‘n landdros my, wat hy nie geweet het nie is dat ek baie lank self ‘n landdros en aanklaer was, hy sê vir my julle het my aanklaer opgeroep en 'n hof kan nie sonder 'n aanklaer funksioneer nie. Hy het nie besef dat Kaptein Stemmet en Onder Sekretaris Stemmet een en dieselfde persoon was nie. Toe sê hy ‘o my God, nou het ek klaar verloor’. Landroste het by Justisie gekla omdat hulle personeel opgeroep word, toe Justisie bel en AP vra dat die lede van die regiment moet by die regiment aansoek doen om vrystelling vir hulle lede van die regiment, was hulle reaksie: “Ons mense sê dit help nie, want daar by die Kasteel was daar so ‘n harde gat kapteintjie wat net sê, ja, ja, jy moet rapporteer. Die grootste organisasie vir hierdie mobilisering was in Bloemfontein gewees.

**Mike Siddle**

“Daar word baie duidelik vir een van die manne, Mike Siddle, wat siek was en word deur die Regiment dokters verbied om grens toe te gaan en daar word baie duidelik vir hom gesê hy moet op die basis agterbly. Ons moes met die trein ry van Bloemfontein af na Grootfontein. In Bloemfontein waar ons almal medies ondersoek is, moes die wat medies ongeskik was op die basis agterbly en mag nie verder saam met ons reis nie.

Een van die troepe, Mike Siddle, was een van die manne wat op Bloemfontein agterbly weens mediese ongeskiktheid. Mike het egter ander planne gehad. Na so uur of twee op die trein buite Bloemfontein, is ek na 'n kompartement geroep waat Mike onder die treinbank vol stof uitgekruip het. Hy sê toe vir my: "Kaptein, ek gaan saam." Ek stem toe in maar sê ook aan hom dat hy op Grootfontein weer deur 'n dokter ondersoek moet word.



**In 'n vliegtuig iewers oor Afrika. (Staande 2de van links: Brig Hans Dreyer van die SA Spoorwegpolisie se veiligheidsafdeling)**

"Na hierdie dokters ondersoek op Grootfontein word Mike verbied om verder saam te gaan. Hy moet op Grootfontein agterbly. Ek sit egter een aand in Angola in die kamp en daar kom groot vragmotors in wat voorrade bring. Skielik hoor ek toe 'n stem wat baie bekend klink. Dit was toe voorwaar Mike se stem gewees. Ek vra toe hom hoe het jy hier gekom. Hy sê ewe vir my ek het gehoor hulle soek vragmotor drywers ek is mos 'n drywer. Hoe hy dit reggekry het weet ek nie. Hy begin toe sommer dadelik werk. Ek sê toe vir hom dat ek sal hom nie opgee nie, maar dat hy op eie risiko in Angola is.

Mike het toe baie vragte gery, maar toe loop hy hom in een van ons dokters vas en hy word weer afgehaal en teruggestuur na Grootfontein. "Sy pa laat toe weet hy het Mike vreeslik nodig in die besigheid, kan ek hom nie maar huis toe stuur nie. Ek vertel toe vir sy pa hoe ontsettende goeie werker Mike is en hoe bitter graag hy in Angola wil wees. Mike na daardie dag deur die hele bosoorlog gegaan en het nooit siek geword nie. Hy was dwarsdeur die oorlog saam met ons gewees

en het saam met ons teruggekom toe ons regiment teruggekeer het. Mike is ongelukkig in die vroeë 1990's op jong ouderdom oorlede”.

Ons het opdrag gehad dat elke troep elke Maandag vir hulle mense poskaarte huis toe stuur. “Maandae was PPP-dag, pos, pille en padre (predikant) dag. Op ‘n Maandag moes elke troep malaria pille drink.

**DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE.**

Die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) is in 1995 op die been gebring om beweerde wandade van die verlede, veral van lede van die destydse veiligheids takke van die voormalige Suid-Afrikaanse Polisiemag te ondersoek met die oog op vervolging al dan nie lede nie, of om aan lede wat die volle waarheid voor die kommissie bieg vrywaring van vervolging te gee. Daar is in 1996 met die verhore begin.

Maar wat was die Waarheid-en-versoenings kommissie (WVK) en wat was die doel daarvan. Hy verduidelik.

Geïnspireer deur 'n Chileense Rettig-verslag, is die WVK ingevolge die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening, Nr. 34 van 1995, gestig en was in Kaapstad gesetel. Dit op rekord te plaas, en in sommige gevalle amnestie aan oortreders van misdade, wat verband hou met menseregteskending, toe te staan, asook om herstel en rehabilitasie te bewerkstellig.

Van die hoë-profiel lede van die WVK was onder meer: Aartsbiskop Desmond Tutu (Voorsiter), Alex Boraine (Adjunk-Voorsitter), Sisi Khampepe, Wynand Malan en Emma Mashinini.

Die WVK is deur baie beskou as 'n kritieke deel van die oorgang na 'n volle en vry demokrasie in Suid-Afrika. Ondanks foute, word die WVK oor die algemeen (maar nie universeel nie) as 'n sukses gesien.

Die Instituut vir Geregtigheid en Versoening is in 2000 gestig as die opvolger van die WVK.

Persone wat vir amnestie in aanmerking wou kom moes:

Die volle waarheid oor hulle misdrywe vertel;

Hul misdade moes polities gemotiveerd gewees het, en ook proporsioneel tot die politieke doel (daar moes 'n redelike verhouding wees tussen die ernstigheid van die oortreding en die nagestrewe van 'n politieke doel).

‘Die werksaamhede van die WVK is deur drie komitees verrig:

Die Menseregteskendings- komitee het die skending van menseregte ondersoek wat tussen 1960 tot 1994 gepleeg is.

Die Reparasie- en Rehabilitasie-komitee se pligte was om die slagoffers se waardigheid te herstel, en voorstelle te maak hoe die rehabilitasie moet geskied.

Die Amnestie-komitee het die aansoeke van indiwidue oorweeg wat ingevolge die bepalings van die wet vir amnestie aansoek gedoen het.

As AP gedink het dat hy na sy aftrede by die Raad van Balju’s rustig agteroor gaan sit en ontspan, (nie dat hy die tipe mens is wat dit kan doen nie) het hy hom misgis. Hieroor sê AP: “My goeie vriend, genl. Johan van der Merwe, bel my toe op ‘n dag, ek was regtig verbaas oor dit. “Gaan jy amnestie vra by die WVK”, wou hy weet. “Ek het baie vinnig gesê néé ek gaan nie”. (in die tyd wat ons hierdie onderhoud gevoer het, was genl. Van der Merwe toe reeds meer as ‘n jaar oorlede. Hy onderbreek toe eers die onderhoud om vir my te se dat hy regtig baie spyt was toe hy gehoor het van die Generaal se siekte en afsterwe).

Maar dit was nie die einde van AP en die WVK nie. Hy sê ‘n tyd later op ‘n Donderdag agtermiddag lui sy telefoon. Hy sien hy ken nie die nommer nie wonder wie is nou weer so lastig. “Dit was toe iemand van die einste WVK wat hom bel. “Ek kan nie eers sy naam onthou nie, maar hy sê toe ek moet die volgende oggend in Pretoria voor die kommissie getuig. Toe stuur ek hulle warm plek toe, ek was nie bereid om op kort kennisgewing oornag na Pretoria te vlieg en te getuig oor onderwerpe waaroor ek nie eens ingelois is nie. Ek het hulle gesê dat hulle vooraf reelings moet tref en 'n lys van hulle vrae moet stuur. Ek hoor toe niks weer verder van hulle nie. Hulle moet my net nie dagvaar om voor die kommissie te gaan getuig nie, ek is bereid om my samewerking te gee”.

Hy gaan toe een Donderdagmiddag na ‘n begrafnis toe. Toe hy die volgende oggend in sy kantoor instap lê daar ‘n verskriklike dik dokument in sy kantoor “’n hele 186 bladsye lank. Die dokument sê toe onder meer ek moet die Maandag oggend in Kaapstad voor die kommissie getuig. Herder, dink ek, hier sit ek in die moeilikheid! My hoof sonde was ek het pakke lêers vernietig om moorde in die Oos-Kaap te verbloem” (bewering).

AP het die hele naweek saam met oud kollegas 'n studie van die bewerings gemaak. Wat hom kwaad gemaak het was dat hy 'n bevinding van die navorsers van die WVK op 'n los bladsy in hulle lang dokument gevind het. Daarin is bevind dat AP honderde leêrs sou vernietig het. Toe hy die Maandag oggend by die WVK kom vra hulle hom wat gaan my strategie wees. Hulle weet of hulle

sy geskrewe voorlegging kon kry, maar hy het nie ‘n geskrewe voorlegging gehad nie, hy praat uit my kop. En dit was toe ook so – AP het hulle die heel dag besig gehou en net mooi alles vertel - uit sy kop uit. Aan die einde van die dag sê hulle toe hulle sal alles wat hy gesê het bestudeer en hom dan weer kontak”.

Hy het ook twee dae lank in die destydse Port Elizabeth. (vandag Gqeberha) “Daar was ‘n span van sewe advokate en prokureurs wat my ondervra het toe hy daar voor die WVK se komitee verskyn het. AP is toe 'n tweede dag weer geroep. Toe het hy aan hulle uit die oorkonde van sy getuienis voor die Hoogeregshof in 1993 'n geregtelike nadoodse ondersoek in Port Elizabeth bewys dat die staat reeds in besig was van alle dokumente in verband met die gebeure in Port Elizabeth. Hul navorsers het bloot 'n halwe werk gedoen.

AP het toe aan hulle sy belied by Landsveiligheid ten opsigte van die vernietiging van amptelike dokumente verduidelik, en het hulle verwys na 'n brief wat AP aan NI gerig het en waarin AP geweier het om geheime dokumente te oorhandig vir vernitiging. Hy het beweer dat dit onwettig sou wees, 'n bewering wat as korrek beskou is deur die Hoof Argifaris.

Hulle vra toe of AP hulle sal help om hulle verslag oor te skryf oor sy getuienis. AP het geweier.

**AP SE BANDE MET EUGENE DE KOCK.**

Oor Eugene de Kock, die man wat tronkstraf moes uitdien in verband met verskeie moorde, vertel AP dat hy en sy vrou, Petro vriende was met Eugene se ouers. So het hy Eugene as kind leer ken. Eugene se pa Louwrens, was ‘n bekende rugbyspeler gewees en AP het ook sy pa as landdros geken.

Eugene en sy broer Vos, wat ook in die polisie was, en was ook leerling aan die Hoërskool Voortrekker in Boksburg. Eugene was ‘n baie begaafde rugbyspeler gewees, eintlik ‘n briljante speler.

Hy vertel ‘n groep ouers van die skool was groot rugby ondersteuners gewees en was gereeld langs die veld, maak nie saak waar die spanne gespeel het nie.

“Ons het die hoërskool rugby vreeslik geniet”.

Dit was 1976/77. Eugene was in 1977 bevelvoerder op Ruacana gewees. “Toe ek die eerste dag by die polisiestasie instap tref ek toe so wraggies vir lt. Eugene de Kok daar aan as stasiebevelvoerder. Perfek en so netjies! Jy kon van die vloer af eet. Ek het egter nie veel kontak met die polisie gehad

nie, die polisie het suiwer op misdaad gekonsentreer, daar was geen kryg samewerking gewees nie. Eugene het op ‘n baie lae vlak beweeg. Daar was ‘n goeie verhouding tussen Eugene en die infanteriste.

“Ek was vrek verbaas toe ek later hoor van Vlakplaas en alles wat hy aangevang het. Vir my was dit ‘n groot skok gewees. Hy was vermoedelik te lank in Namibië gewees. (Die destydse Suidwes-Afrika). Niemand weet wat daar verkeerd geloop het nie. Ek het nogal kontak met sy pa gehou toe Eugene in die tronk was. Sy ma, Hope, is oorlede voor hy tronk toe was. Ek het toevallig eendag ‘n stukkie van sy verhoor bygewoon.

(Eugene was verskriklik bang om te praat. Ons het eendag by Maders Steakhouse in Pretoria gaan eet. Sy wagte het ons agtervolg net waar ons gegaan het, na sy vrylating.)



**AP en Koedoe Eksteen (Kissinger)**

As daar nou iets wat hier oud-landdros en vele meer dinge sommer laat rooi sien is dit wanneer iemand sy vriende te na kom.

Die volgende is aanhalings uit ‘n artikel wat Tim du Plessis van Rapport op 3 Desember 2023 op bladsy 9 onder die opskrif **Ons steun julle! (En toe nie meer)** geskryf het wat hom behoorlik warm onder die boordjie gemaak het. So kwaad dat hy dadelik ‘n brief aan die koerant se briewe redakteur geskryf waarin hy sy misnoeë baie duidelik gemaak het.

***Wyle Henry Kissinger, die VSA se super-diplomaat wat nou dood is, het ‘n aanbod gehad in die begin van die Bosoorlog.***

*Henry Kissinger, die magtige Amerikaanse diplomaat wat dié week dood is, het dit dalk nie geweet nie, hy het ‘n kamee-rol gehad in die Bosoorlog van die middel-70’s tot die vroeë 90’s.*

*Kissinger was ‘n sleutelspeler in die diplomatieke-militêre maneuver in1975 wat gelei het tot die RSA se eerste-gewapende inval in ’n buurland, Angola.*

*Vir wit SA was dit die begin van twee jaar se verpligte militêre diens, daarna skofte van drie maande elke, tweede jaar “iewers op die grens.” Brug Veertien, van seuns van skaars 19 in lyksakke op LMB Waterkloof, die seuns se militêre begrafnisse, van patrollie loop en ‘n “kontak stamp”, van “bosbefok” raak jong diensplig dokters wat amputasies doen, die “Recces” kapelane wat bid vir oorwinnings en die End Conscription Campain.*

*‘n Hele letterkundige genre, “grens-literatuur” het uit die Bosoorlog ontspring, asook ‘n hand vol rolprente, toneelstukke wat steeds nie end kry nie.*

*Die Bosoorlog verdeel ons vandag nog, amper 40 jaar ná die einde daarvan. Vir die teenstanders van die apartheidsbewind was dit alles behalwe oor die weghou van kommunistiese regimes in ons buurt. Eerder die destabilisering van buurstate wat skuiling gebied het aan in sypelaars.*

*“The Guns of Gaborone” het die triomfantlike-banier-opskrif van The Sunday Times gelui oor ‘n aanval op ‘n ANC-teiken in Botswana. Soos soortgelyke aanvalle op Maputo en Maseru het onskuldige burgerlikes saam met die geteikende ANC’s gesterf.*

*Terwyl die meeste militêre konflikte ‘n duidelike wenner en verloorder opgelewer het, twis ons steeds oor Cuito Cuanavale -amper 40 jaar nadat Kissinger die VSA se jawoord vir ‘n SA inval in Angola oorgedra het.*

*Kissinger het nooit geglo dat SA se militêre toetrede tot die burgeroorlog in Angola in 1975 sou die Westers-gesinde Unita en FNLA die oorhand besorg oor die Sowjet-gesinde MPLA nie, sê die voormalige hoof van die ou SAUK, dr. Riaan (Koedoe) Eksteen die afgelope week aan Rapport. Dit was ook nie Kissinger se idee om die hulp aan die SA-Unita-FNLA-aksies – ‘n skamele $26 miljoen*

*en n klompie Amerikaanse Stinger-missiele – te verleen nie. As minister van buitelandse Sake in die Republikeinse administrasie van pres. Gerald Ford het hy wel formeel met die destydse Suid-Afrikaanse premier, John Vorster, geskakel.*

*Verskeie lewensketse van Kissinger, die VSA se super-diplomaat praat afwysend oor sy rol in die konflikte in Suider-Afrika gedurende die Koue Oorlog toe die VSA en die Sowjetunie mekaar wêreldwyd met polisiemagte beveg het, Kissinger is onder meer 'n "massa-moordenaar" en 'n "oorlog-misdadiger" genoem*

*Eksteen sê die gedagte dat SA met die VSA aan die kant van Unita en die FNLA teen die MPLA gaan baklei, was dié van William Colby, destydse direkteur van die CIA. In daardie tyd het Colby in Washington DC 'n gerusstelling oorgedra aan genl. Hein du Toit, destydse senior figuur in die SAW se afdeling militêre intelligensie. SA het niks te vrees nie, die VSA sou by hom staan, sou Colby aan Du Toit gesê het.*

*PW Botha, minister van verdediging en die destydse hoof van die SAW, genl. Magnus Malan, was lankal lus vir baklei. Krygkor, die land se ontluikende wapenvervaardiger met PW se vriend, kmdt. Piet Marais, aan die stuur, was lankal gretig om die nuwe wapens wat Krygkor aan ontwikkel was te toets. Boonop het die SAW reeds troepe op Angolese grondgebied gehad, glo om die Calvurque-dam en -pompstasie te beveilig, sê Eksteen.*

In Julie 1975 magtig die Vorster-regering die SAW om Angola binne te val om steun te verleen aan Unita en die FNLA. Twee veggroepe word gestig en 'n opmars begin waarin dorpe en vestings in Suid- en Sentraal-Angola op 'n streep ingeneem word – in die bestek van weke.

PW sou later by verskeie geleenthede spog dat die SA magte in minder as twee maande so diep tot in Angola gevorder het dat hulle "die liggies van Luanda kon sien.

Maar toe verander die politiek in die VSA nadat die Demokratiese senators – Dick Clark van Iowa, Frank Church van Idoho en John Tunney van Kalifornia – Die Amerikaanse kongres oorreed het om die VSA se hulp in Angola te beëindig. In die lig daarvan besluit die SA regering op 'n taktiese onttrekking suidwaarts. Die SAW is nietemin beveel om in Angola aan te bly en steeds steun veral aan Unita te lewer. Die weermag moes ook weerstand bied teen die groeiende aantal Kubaanse soldate wat dies MPLA-regime na Luanda gestuur het.



**Wyle Henry Kissinger.**

PW Botha en figure in sy dampkring het vi jare daarna nog smalend gepraat oor Kissinger wat Suid-Afrika dan nou op die nippertjie in die steek gelaat het toe hy op die punt was om die kommuniste uit Luanda te verdryf.

Kissinger het self die brief aan die SA regering geskryf waarin hy hulle meedeel dat die hulp gestaak word. Pres. Gerald Ford het die besluit beskryf as 'n "diep tragedie". In hul biografie, PW, oor PW Botha, skryf Dirk en Johanna de Villliers: "Kissinger was in 'n onmoontlike posisie, hy wou help, maar kon nie," (bls. 266).

Eksteen sê Kissinger het onwrikbaar geglo dat konflikte soos dié in Suid-Afrika net deur onderhandelinge beëindig kan word. Waar die VSA betrokke was, soos in Viëtnam en kortstondig in Angola, het hy ewe sterk die doktrine aangehang dat sy kant maksimum militêre voordeel moet behaal vóórdat die onderhandelings fase aanbreek.

Kissinger het geglo jy kan nie by 'n onderhandelings tafel hoop om voordeel te verwerf wat jy nie op de slagveld kon inpalm nie.

**In antwoord op hierdie artikel in Rapport, het Adamus dadelik die rekenaar nadergetrek en 'n brief aan *Rapport* geskryf waarin hy sy misnoë met die artikel duidelik te kenne gee:**

*From: **Adamus Stemmet**<adamusp2602@gmail.com>Date: Sun, 03 Dec 2023, 18:47*
*Subject: Kissinger, Angola en die waarheid.*
*To: Rapport Weekliks <pmalan@rapport.co.za>*

*Dit is jammer dat my ou vriend Koedoe Eksteen afleidings maak wat dan as die waarheid deur Tim du Plessis in 'n andersins goeie artikel ingesluit word.*

*Koedoe, ek wil jou nie in die gesig vat nie maar ek was daar en weet dalk so ietwat meer as jy van wat die situasie op die grond was. Dan hou ek ook daarvan om met feite te werk. Feite wat gestaaf kan word.*
*Stellings soos die volgende in die artikel op 3 Desember 2023 in Rapport oor Kissinger hou eenvoudig nie water nie of vertel soos my ou swart vriend gesê het, die waarheid nie mooi reg nie. Koedoe sê glo volgens die artikel:*

*"Mnr P W Botha en die destydse hoof van die S A Weermag genl. Magnus Malan was lankal lus vir baklei." Genl. Malan was nie die hoof van die S A Weermag tydens die inval in Angola nie. Adm. H H Biermann was. Lus vir baklei? Sak Sarel. Ons praat van menselewens op die spel plaas.*
*" Krygkor .... was gretig om nuwe wapens .... te toets. "In 'n oorlog? Bog! Krygkor was nog nie gereed vir 'n oorlog nie en nuwe wapens is in elk geval elders getoets. Al relatiewe nuwe wapens wat in 1975/76 gebruik is, was die Eland 90 en 60 pantserkarre en dit het ook nog aanpassings nodig gehad soos die oorlog bewys het. Wapensgewys was die RSA nie gereed vir 'n oorlog nie. Daarvan getuig die ou wapens soos byvoorbeeld die kanonne en ander uitrusting uit die Tweede Wêreldoorlog wat gebruik is wat geen antwoord op byvoorbeeld die Russiese Stalin-orrel was nie.*
*" Boonop het die SAW reeds troepe op Angolese grondgebied gehad* ***'glo'*** *om die Calueque-dam en pompstasie te beveilig". Definitief nie* ***'GLO'*** *nie maar werklik. Die Calueque-dam asook die dam en kragstasie by Ruacana was deel van 'n gesamentlike projek tussen die RSA en die Portugese wat toe nog Angola regeer het. Die RSA het miljoene daarin belê. Dit was bedoel om water (uit Calueque) aan die inwoners van Ovambo en elektrisiteit aan die toe nog SWA en die RSA te verskaf. Natuurlik was dit n teiken van die drie vryheidsbewegings in Angola en Swapo wat toe nog terroriste-organisasies genoem is. Die Portugese kon dit nie meer so vêr Suid beskerm nie. Dit was dus logies dat die RSA sy belange beskerm.*
*Ek is geen politikus nie en het geen lus om betrokke te raak by vervelige argumente van Slimjannies oor die noodsaaklikheid al dan nie van die sogenaamde Bosoorlog nie maar is dit werklik te veel gevra dat ons by die waarheid hou oor die destydse gebeure? Dit is hartseer genoeg vir ons wat makkers verloor het en nog erger vir die wat geliefdes verloor het om nog aanhoudend agterdog aan te hoor oor die noodsaaklikheid van daardie oorlog. Kom ons hou by die waarheid en eer hul nagedagtenis.*
*Mense kan gerus weer J.P.J. Coetzer se boek GISTER SE DADE EN VANDAG SE OORDEEL lees en die inhoud op die bosoorlog toepas.*

*Adamus P. Stemmet*
*Durbanville*
*0823209245*
*adamusp2602@gmail.com*



## JONAS SAVIMBI SE SKOOLTJIE

**Adamus met sy besoek aan Joas Savimbi se hoofsaaklik Afrikaanse skooltjie in Angola.**

Ek het hom op Jamba gaan besoek en ook die dag daar saam met hom geëet. Hy besluit toe ek moet asseblief kyk na sy skooltjie wat hy daar het. Die skooltjie was verskriklik primitief en daar was ‘n totale tekort aan boeke en skryfbehoeftes, ag sommer ‘n tekort aan alles wat ‘n skool benodig.



**Tydens sy besoek aan die destydse leier van UNITA, Jonas Savimbi.**

“Ek vra toe vir hom nou wat is nou die skooltjie se behoeftes. Daar vind ek toe uit ‘n baie groot persentasie van die mense daar is Afrikaans sprekend. Maar die heel grootste behoefte daar op JAMA was die dienste van ‘n dokter. Ek die ding so gekyk, as ‘n ou vir my met daardie naalde moet inspuit sal ek so ver as moontlik weghardloop. Daardie naalde was al so stomp gesteek dat ek nie eers weet hoe dit nog in iemand se liggaam ingesteek kon word nie.

“Toe ek toe weer terug is in Suid-Afrika, gaan spreek ek toe die geneesheer-generaal. Ek bespreek die behoeftes van die skooltjie met hom en sê toe sommer ook vir hom kom ons gaan ‘n ooreenkoms aan. Jy gee die mediese voorraad en vir ander goed sal ek sorg. Daar het gereeld vliegtuie in

daardie rigting gevlieg so die vervoer sou nie ‘n reuse probleem wees nie. Ek kom toe terug by my kantoor en ek gee vir my mense die geld en ‘n lys van wat die skooltjie benodig. Die opdrag was kyk wat julle kan doen. Hulle het hulle behoorlik gate uit geniet.




**Geskenk van Dr Jonas Savimbi. Dit is van ivoor en Dolfhout gemaak in Jamba .**

“Ek kon die vragte vol goed opstuur na Savimbi en sy skooltjie. Ek het daarna nooit weer van hom gehoor nie, maar ek weet hoe welkom was daar voorrade gewees.

“Ek het ‘n baie hoë dink van hom gehad. Net jammer hy het vroue so misbruik. Hy was ‘n goeie krygsman, ‘n goeie bevelvoerder en ook ‘n goeie politikus.”

Hy vertel dat Savimbi ook die stigter was van die beweging Total Independence of Angola (UNITA). Daar was ses keer probeer om hom te vermoor en daar was minstens by 17 geleenthede waar daar aangekondig is dat Savimbi dood is, wat toe geblyk het nie die waarheid was nie. Savimbi is op 22 Februarie 2002 dood toe hy slaags geraak het met die Angolese regerings magte.

**SY PASSIE VIR DIE BESKERMING VAN OU GEBOUE – VERAL OU HOF GEBOUE.**

Hy word later in beheer geplaas van justisie se geboue. Wanneer hy hieroor praat lag hy al te lekker. Hier sê hy was baie in die moeilikheid gewees, want justisie het altyd te klein gebou. Hy het aan die toekoms gedink en altyd uitgewerk hoe die betrokke kantoor se behoeftes oor tien of 20 of selfs 30 jaar sou wees en wou altyd voorsiening maak vir uitbreiding, wat die base nie kon of wou raaksien nie.

“In daardie tyd is daar besluit dat die Hooggeregs Hof in Johannesburg te klein geword het en daar dringend ‘n nuwe gebou, gebou moes word. Ek is mos een vir die behoud van ou geboue. As daar iets is wat my verskriklik kwaad maak, is dit wanneer pragtige ou gebou platgestoot word om nuwe moderne maar gewoonlik beknopte op te rig. Ek kon my byvoorbeeld in Engeland verwonder aan pragtige ou geboue veral Kerke, wat 'n duisend jaar en ouer is.

“Toe daar dus besluit word dat Johannesburg ‘n nuwe Hooggeregs Hof moes kry, het die gestryery gekom. Ek het gesien daar hoef nie ontslae geraak te word van die bestaande gebou wat nog uit Oom Paul Kruger se dae gedateer het. Waar justisie net plaat en lank wou bou, het ek en die hoof argitek in ons denke die geleentheid gesien van iets wat ‘n kombinasie was van die oue en die nuwe. Ons restoreer die ou gedeelte. Hierdie Hooggeregs Hof word vandag nog gebruik.



**Die landdroskantoor in Johannesburg. Hier moes AP behoorlik veg om tog net iets van die ou oorspronklike landdroskantoor te behou daar dit te klein geword het. Die vooraansig is toe behou en daar is net uit- en op gebou vir meer spasie en meer modern.**

“My baas het tydens die bou tydperk baie oorsee gegaan. Elke keer wanneer hy oorsee was, het ek verdiepings by gevoeg. Die mure kon maklik verskuif word om kantore kleiner of groter te maak. Daardie dae as jy bo die goedgekeurde bedrag vir gebou gaan, moes jy gaan verduidelik.”

Die Hooggeregshof is vandag nog in gebruik. Met sy pragtige fasade wat uit Paul Kruger se dae dateer en dan die hoë toring gebou wat agter die pragtige vooraansig uittoring Almal weet dadelik van watter gebou word gepraat as gepraat word van die ou Hooggeregshof in Von Wielligh straat in die middestad van Johannesburg.

Verduidelik kon hy goed en die oorspandering het nooit uit sy sak gekom nie. Geld is oor-en-weer verplaas van die een gebou na die ander om sodoende vir die oorspandering te betaal.

“Ek het die hofgebou (landdros) in Pretoria op dieselfde manier verander toe daar besluit is die huidige gebou is nie groot genoeg nie. Ek kon nie sien dat daar maar net ‘n nuwe gebou moes gebou word nie. Ek het grond laat uitkoop aangrensend aan die hofgebou, om plek te maak vir uitbreiding en ook sommer vir toekomstige uitbreiding. Ek is op ‘n stadium gedreig dat ek self sal moet betaal vir oorspandering. Mens. Ek was R2 500 000 oor die aanvanklike begroting gewees, maar ek het my daar uitgewikkel en weer geld van ander projekte oorgeplaas om te betaal vir die oorspandering”. Hierdie landdroskantoor word steeds gebou, hoewel daar al verskeie kere uitbreidings aangebou is.

Nog ‘n ou landdroskantoor wat sy bloed vandag nog laat kook is die van Montagu in die Kaap. AP het ook daar gewerk, hy het ook op die dorp skool gegaan. “Die dorp het die mooiste landdroskantoor gehad, ‘n pragtige voorbeeld van die ou Kaapse boustyl. Dit was ‘n plesier om elke dag daar in en uit te stap. Maar so wragtig waar, toe ek jare later weer op Montagu kom, toe sien die ou gebou is eenvoudig plat gestoot en ‘n nuwe moderne gebou daar opgerig. Ek word vandag nog kwaad as ek daaroor dink. Ek sou beslis nie dit toegelaat het as dit nog in my dae gebeur het nie”.

Hy kan eenvoudig nie verstaan hoekom daar nie vandag veel omgegee word vir die behoud en bewaring van ou geboue nie. “Hoekom moet alles wat uit so pragtige boustyl era dateer, summier platgestoot met hoe minder aantreklike, somtyds onaansienlike geboue vervang word. Veral in justisie, die hofgebou het ‘n fase deur gegaan waar al die landdroskantore op dieselfde bouplanne gebou is. Sulke plat lang geboue en klein vertrekkies binne.

Die aand met sy afskeid by justisie het sy baas in sy toespraak verwys na al sy oorspandering. “Toe ek aan die woord gestel word, het hy vir die baas gesê ‘jy moet nie bekommerd wees oor die

waarvan jy weet nie, bekommer jou oor die waarvan jy nog nie weet nie'. Hy sê in die vyf jaar as hoof van geboue het hy baie hoofpyne veroorsaak.

Toe daar vir Pofadder, 'n nuwe landdroskantoor gebou moes word, was dit AP wat sy stem dik gemaak het oor waarheen die mense sal trek toe hulle die ou gebou moes ontruim. Hulle vat my toe na 'n gebou waar jare gelede nog die primêre skool gehuisves was. Die gebou is ontruim omdat te klein geword het vir 'n skool. Dit is 'n pragtige ou geboutjie gewees en dit kon toe maklik omskep word in 'n nuwe landdroskantoor. Justisie koop toe die gebou en daar is aan die werk gespring. Daar staan toe die pragtigste landdroskantoor in dieselfde ou geboutjie waar die skool was. Die geboue is aangepas en nie buite verander nie."

Sy boodskap is: "**Moenie afbreek nie. Pas die geboue aan. Bewaar tog asseblief die ou geboue.**

,


**Die ou landdroskantoor (hierbo die Pretoria stadsaal) in Pretoria het AP ook hard voor geveg om te behou dit daar is besluit is dit is nie meer geskik vir 'n landdroskantoor nie. Maar weer eens het hy sy sin gekry en is daar net aangebou en ook aan die agterkant uitgebou.**

**ADAMUS OOR DIE AFDRAENDE PAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS.**

So tussen deur die onderhoude gooi hy ook sy gevoel oor die polisie se range deesdae in die gesprek

Hy het toevallig by Malmesbury se polisiestasie ingestap en daar was die stasiebevelvoerder toe sowaar ‘n vol kolonel gewees. “Dit is mos deesdae ook die beleid dat die hoofde van speurders op grondvlak ook ‘n vol kolonel is. Range in die polisie is goedkoop gemaak, dit word eenvoudig te maklik uitgedeel aan mense wat dit nie behoort te kry nie. Die manne het nie meer respek vir die range van offisiere nie. Dit neuk ook ons pensioenfonds heeltemal op”.

Baie verontwaardig vertel hy ook vinnige so tussendeur die onderhoud dat daar in April 2022 by hom ingebreek is, maar dat hy nooit eers die speurder te siene gekry het wat die saak moes ondersoek nie. Hy het net later ‘n kort SMS van die polisie afgekry dat die ondersoek toegemaak is.

Nog ‘n voorval wat hom sommer woedend maak wanneer hy dit ook so tussen ingooi, is die feit dat daar op ‘n stadium onwettig geld uit sy bankrekening onttrek is waarvoor hy sy verklaring netjies gesit en uittik het. “Daar wou hulle toe nie my getikte verklaring neem nie en word daar vir my vertel ek het nie ‘n saak het nie, want ek het niks verloor nie”!

Dit sal ook nie Adamus wees as hy nie sy opinie oor die huidige Minister van Polisie, genl. Bheki Cele lug nie. “Die ineenstorting van die polisiediens is tot ‘n groot mate aan kader ontplooiing te danke. Die probleem wat soos ‘n kettingreaksie loop van bo tot onder het en speel steeds ‘n baie groot rol in die swak diens wat die polisiediens aan die land lewer.

“Selfs die minister val hieronder, maar hy is so dom dat hy nie self verstaan wat dit is wat hy doen nie. Jy kan nie iemand aanstel wat nie in die polisie was nie en as hy nie deur die range gegaan het nie, en dit geld vir die kommissaris en ander generaals wat so vinnig bevorder is”. Terloops gooi hy vinnig so tussen werpsel in, genl. Le Roux Stemmet was my neef. Op skool was hy seker die stoutste kind. Toe beweer word daar beweer dat hy ‘n fotografiese brein het, maar eintlik het hy maar net baie hard geleer en gewerk totdat hy die hoogste sport in sy loopbaan bereik het”.

Maar voor ons die dag se onderhoud afsluit, wil hy nog gou sy mening gee oor die Phala Phala-gedoente (soos hy dit stel). Dit, sê hy , die manier waarop die hele aangeleentheid van die inbraak en diefstal van miljoene Amerikaanse dollars op Ramaphosa se plaas, deur die parlement en die uitvoerende komitee van die ANC hanteer is, is maar net weer eens ‘n bewys van hoe hulle mekaar sal beskerm. “Maar weer is dit ‘n kwessie van ‘what is in it for me.’

**DIE NAGEVOLGE VAN KADERONTPLOOIING.**

Hy is behoorlik uitgesproke oor kader-ontplooiing in Suid Afrika die afgelope 30 jaar sedert die 1994 eerste demokratiese verkiesing toegepas word. Dit is nie die eerste keer dat dit in Suid-

Afrika toegepas word nie. ( Ek kon nie help om my asem skerp in te trek en my oë te rek nie . Dit is tog iets waarmee die ANC vorendag gekom het ) " Nee, kom die antwoord. Die Nasionale Party het ook kader-ontplooiing toegepas maar het dit nie so openlik op kleur en ras gegrond nie. By die ANC moes die kaders aan die party behoort. Na 1948 is senior staatsamptenare geleidelik vervang met bekwame persone en was meriete die grondslag. Dit was nie moeilik nie want die meeste staatsamptenare het die tradisionele Britse tradisie gevolg waarvolgens amptenare tradisioneel die regering van die dag gedien het.

Dit het hom behoorlik siek gemaak toe Adjunk-president Paul Mashatile hierdie beleid verdedig het deur te sê " We only re-deploy the best of the best. " Dit, terwyl meeste staatsorganjsasies en staatsdepartemente in n vrot toestand is asgevolg van ongekwalifiseerde en dikwels onbekwame amptenare -- kaders.

Hy sê 'n goeie voorbeeld van wat kader-ontplooiing aan die land doen, die Staatsdienspensioenfonds ( GEPF) en die Openbare Beleggingskorporasie ( OBK) is. Die Raad van Trustees van die GEPF bestaan uit 16 lede waarvan 8 deur die regering aangestel word, 2 verkies word en ses deur vakbonde aangestel word. Cosatu wat tot onlangs deel van die drie partyregering was, en steeds saam met die ANC beweeg, het dus n rol by die aanstelling van 8 lede en ten minste nog 3 deur sy vakbond-affiliasies. Die oormatige finansiële steun aan bankrot staatsbeheerde instansies soos Eskom en vele ander asook agtergeblewenes is dus nie vreemd nie. Die OBK wat vir die GEPF se beleggings verantwoordelik is, belê hartlik in ongelyste instansies soos die ISIBAYA - BELEGGINGS wat tans teen n tempo van meer as 47:% onderpresteer. Die OBK is natuurlik 'n staatskorporasie waarvan 100 % van die lede deur die Minister van Finansies aangestel word. Die Adjunk-minister van Finansies is die voorsitter. Met n regering wat die GEPF as sy spaarvarkie beskou, is dit nie vreemd dat hy sy kaders in beheer daarvan plaas nie.

Daar kan natuurlik geen beswaar wees dat die OBK in sogenaamde swart besighede belê nie . Dit is trouens noodsaaklik in die nuwe Suid Afrika maar beleggings moet altyd gedoen word met die doel om die GEPF in stand te hou en te laat groei . Daar moet ook n redelike verwagting wees dat beleggings sal groei.

Foute in verband met beleggings word doodeenvoudig toegesmeer en vrae by die Staandekomitee oor Finansies word ontwyk. In 2019 byvoorbeeld is 79 vrae deur lede onbeantwoord gelaat.

Daar word groot geld gesteel of wanaangewend maar skuldiges kom met moord weg. Tenspyte van sterk aanbevelings deur die Mpati-kommissie meer as vier jaar gelede, het geen skuldige nog aan die pen gery of is verliese al goedgemaak nie.

**Adamus het natuurlik ook sy mening hieroor in ‘n brief aan Rapport duidelik gestel**

***Kaderontplooiing*.**

Media24 nuus <newsdiary@news24.com> 29 Oktober 2023

Redakteur,

Mnr. Paul Mashatile het verlede week baie mense van verbasing laat regop sit toe hy vrae oor kaderontplooiing in die Raad van Provinsies geantwoord het. Hulle kon hul ore nie glo nie.

Hy het óf nie die waarheid gepraat nie óf mense se intelligensie sleg onderskat. Vir iemand wat duidelik politieke aspirasies het, gaan hy gevaarlik met die waarheid om. Of hy weet nie wat in die land aangaan nie óf sy beriggewers vertel nie die waarheid aan hom nie.

Verbeel jou: "Kaderontplooiing is 'n goeie beleid wat demokrasie en transformasie bevorder "Net die beste van die beste word ontplooi “. Soe!

'n Mens wonder of mnr. Mashatile aan diens aan die gemeenskap gedink het met sy stellings. Hoe bevorder ontplooide kaders die vrot diens in staatsdepartemente soos binnelandse sake, vervoer, justisie, onderwys, landbou, almal! Watter staatsbeheerde instansies word doeltreffend bestuur? Eskom, Denel, Transnet, PRASA, Openbare Beleggingskorporasie, Landbank, SAUK, SAL? Vertel ons mnr. Mashatile.

Watter ANC-beheerde munisipaliteite reg oor die land lewer bevredigende diens aan die publiek? Resultate? Vertel en wys ons liewer suksesse wat die beste van die beste kaders behaal. Kom ons gooi mnr. Mashatile nie toe met die swak kaderbeheerde plaaslike besture in al die ANC-beheerde provinsies nie want almal is in ‘n gemors. Kom ons kyk net na een provinsie, die Vrystaat. Watter munisipaliteit in die Vrystaat word doeltreffend deur sy beste van die beste kaders regeer? Nie een nie meneer!

Hoeveel en watter provinsiale paaie is rybaar? Wys ons. Moet ons net nie vertel nie. Dalk glo ons nie.

Kom ons kyk elders. Wat werk nog in Suid Afrika al spog die president met die reuse vordering wat sedert 1994 gemaak is. Al verpes ANC-leiers dit om van hul volgelinge te hoor dat apartheid sleg was MAAR DAT ALLES GEWERK HET.

Klaers kan gerus ophou om ‘n lys te maak van wat nie werk nie. 'n Lys van wat nog werk sal korter wees. Dit wil sê as so iets nog gevind kan word. Hersien so 'n lys net weekliks. Hierdie week kan ‘n mens UNISA en TRANSNET van die lys wat nog werk verwyder. Daar dreig nog 'n paar wat nog werk wat dalk volgende week nie meer daar sal wees nie. Die lysie is reeds baie kort.

Miskien moet 'n mens nie die publiek se mening oor mnr. Mashatile se stellings oor kaderontplooiing vra nie. Party se ervaring van die ANC se bestes van die bestes sal sekerlik nie publiseerbaar wees nie.

Nou verstaan 'n mens waarom die land op die randjie van 'n afgrond is. Die ANC se beste van die bestes was nie goed genoeg nie.

Mnr. Mashatile se onderrok hang uit as hy nie ook verduidelik waarom die ANC appèl aanteken teen ‘n hofbevel dat die ANC binne 7 dae die notules van die vergaderings waarop kaderontplooiing bespreek is aan die DA moet verskaf nie. As hy dan so selfversekerd is dat net die beste van die beste kaders ontplooi is hoekom agter geheimhouding skuil ?

Adamus P. Stemmet
Durbanville
0823209245
adamusp2602@gmail.com

**Anosognosia (Gebrek aan insig oor eie probleme)**

Na aanleiding van die ANC, by monde van Fikile Mbalula, sekretaris-generaal dat hulle vir die parlement gelieg het oor Jacob Zuma se brand poel by Nkandla, het hierdie brief van Adamus op 10 Januarie 2024 in Die Burger en Die Volksblad verskyn.

Mbalula het op Sodag 7 Januarie 2024 in Barberton, Mpumalanga op ‘n byeenkoms aan ANC-lede gesê ANC-LP’s het agteroor gebuig om Zuma te beskerm oor die opgraderings by Nkandla.

“Ons het na die parlement gegaan en ‘n ad hoc-komitee aangestel en gesê ‘n swembad is ‘n brand poel. Die destydse Minister van Polisie, Nathi Nhleko het gesweet aangesien dit ‘n leuen was, want dit is moeilik om leuens te verduidelik. Mense het hulle loopbane verloor weens daardie ding”, het Mbalula gesê”

Hierop was Adamus se reaksie: “Hoe dom kan mense tog wees. Die ANC kan mos nie ‘n paar maande voor die verkiesing in die openbaar erken dat hulle vir die volk gelieg het nie. Dit kan hulle mos baie seer maak in die verkiesing”.

## Waaroor lieg Ramaphosa en die ANC nog?

DB-VOLKSBLAD 10.1.2024

**Adamus P. Stemmet, Durbanville**

Dat die ANC oor Nkandla gelieg het, het almal behalwe goedgelowige volgelinge van die ANC geweet.

Dit is vir hulle wat die ANC nou om verskoning moet vra.

Onthou u die lekkerlagkomedie op TV toe die "entoesiastiese" minister van polisie sy lyf TV-ster gehou en ons oortuigend vertel het dat by Nkandla die maan van kaas gemaak is? Vuurpoele die lot.

'n Heruitsending voor die verkiesing is nou noodsaaklik. SA TV sal as onafhanklike dienaar van die publiek dit seker noudat dit 'n treffer is, weer uitsaai. Miljoene kykers is gewaarborg en adverteerders sal toustaan.

Leuenaars lieg as 'n gewoonte en nie net een keer nie. Waaroor het die ANC nog gelieg en waaroor lieg hulle nog steeds, veral nou dat daar 'n verkiesing kom? Ons weet Cyril lieg oor die ANC se prestasies van goeie regering.

Veral die ongekunstelde en eenvoudige kiesers glo nog die ANC. Deur hulle nie reg te help nie, lieg hulle mos ook. Maar waaroor het hy en sy kaders nog gelieg?

Die leuenaar se probleem is dat as hy die waarheid praat, mense hom ook nie glo nie. Kiesers hoef hulle egter nie daaroor te bekommer nie: Die ANC het niks waaroor hy die waarheid kan praat nie.

Twee vrae: Het Zuma die R7,8 miljoen terugbetaal wat VBS by weduwees, wese en pensioenarisse van die Staatsdienspensioenfonds gesteel het om aan hom te leen sodat hy sy skuld aan die staat kon betaal? En is die voorvadergeeste wat hy en sy kollegas onlangs geraadpleeg het, tevrede met die wyse waarop die land regeer word?


In sy opmerking aan my het hy gesê: Anders as in die geval van Pinocchio se neus, groei neuse nie meer as mens lieg nie, anders sou Suid-Afrika al bekend gestaan het as die land met die mense met die lang neuse.

**Hy stuur toe ook sommer die onderstaande interessante stukkie inligting saam:**


WAARSKUWING !
MOENIE STEEL NIE,
DIE REGERING HAAT
KOMPETISIE


NONGQAI
nasionale veiligheidsgeskiedenis sonder kwaadwilligheid
vanaf | since
1907
om die verlede te bewaar,
sonder om in die verlede te lewe

**ANDER AKTUELE SAKE UIT DIE PEN VAN ADAMUS**



**AP druk besig om weer 'n brief te skryf oor iets wat pla met die regering**



*Voorste ry (van links na regs):* Mr. L. G. MURRAY, M.P.; Mnr. LOUIS LE GRANGE, L.V. (Ondervoorsitter); Mnr. A. L. SCHLEBUSCH, L.V. (Voorsitter); Mnr. E. G. MALAN, L.V.
Agterste ry: Mnr. C. P. J. PRINSLOO; Mnr. A. P. STEMMET; Mnr. S. S. VAN DER MERWE; Dr. G. DE V. MORRISON, L.V.; Mnr. MARAIS STEYN, L.V.; Mnr. J. J. ENGELBRECHT, L.V.; Mr. W. M. SUTTON, M.P.; Adv. D. J. LOUIS NEL, L.V.
Inlas: Mnr. H. J. D. VAN DER WALT, L.V.

**Sarie, ek het die S A Instituut vir Rasseverhoudings hanteer. Ek het vergeet om jou te vertel.**

# Pas Strafproseswet aan, nie vervang

**Adamus P. Stemmet, Durbanville**

Die minister van justisie het pas 'n komitee kundiges aangestel om die Strafproseswet te herskryf en te vervang. Dit word glo as 'n apartheidswet beskou.

Die huidige Strafproseswet van 1977 het op die wetboek verskyn ná lang en harde werk deur kundiges en regskenners.

Ook regters, advokate, landdroste, akademici en prokureurs kon, en het, bydraes gelewer. Dit het tot 'n uitstekende Strafproseswet gelei.

Ek ken nie die span wat nou die Strafproseswet moet vervang nie, en ken dus nie hul vermoens nie. Om die huidige wet binne 'n taamlik kort tyd te herskryf, is dalk 'n onbillike taak.

Wat enige strafproseswet nodig het, is tydige en gereelde aanpassings om tred te hou by veranderende omstandighede.

Dit is gereeld met al drie Suid-Afrika se vorige strafproseswette gedoen.

En dit is wat die 1977-weergawe nou nodig het – aanpassing by veranderde omstandighede, nie vervanging nie.

Een faset wat ongetwyfeld aandag nodig het, is die ruimte wat wetgewing skep om strafsake uit te rek met eindelose en soms sinlose appèlle, soos byvoorbeeld dat die staatsaanklaer bevooroordeeld sou wees. (Natuurlik het ek onder meer die Jacob Zuma-sirkus in gedagte, wat nou al byna 14 jaar uitgerek word met sinlose appèlle.)

Daar is nog moontlike wysigings wat deurtrap moet word.

Byvoorbeeld, hel die reg nie weens oorbeklemtoning van menseregte te veel oor in die guns van die beskuldigde nie?

Moet parool in byvoorbeeld seksuele misdade nie deur die paroolraad eers terugverwys word na die verhoorhof voordat 'n pedofiel of verkragter parool toegestaan word nie?

Word die polisie nie te veel beperk by die voorkoming en bekamping van misdaad nie? Hoekom moet hulle byvoorbeeld magteloos toekyk hoe vure in paaie gemaak word?

So kan 'n mens meer en meer voorbeelde noem.

Daar is ruimte vir veranderings aan die Strafproseswet, ja, en dit kan redelik vinnig gebeur.

Maar om van die aangestelde komitee te verwag om 'n nuwe strafproseswet met spoed te herskep bloot omdat dit 'n sogenaamde apartheidswet is, is onbillik en onnodig.

Om die nodige aanpassings te maak, is noodsaaklik.

**Op 6 Oktober 2023 het Adamus hierdie baie interessante e-pos aan Brenda Robson gestuur:**

Brenda,

Perhaps that is why the Zulu people called me polecat in Zulu: Gaqiet.

When I was a prosecutor in Natal three white farmers killed a farm worker. The detectives were inexperienced, and I helped them investigate the case. I then prosecuted the farmers for murder, and they were eventually in the supreme court sent to gaol for long periods.

After the trial in the supreme court the parents of the deceased gave me a fowl as a present to thank me. They told me that the Zulu people have changed my nick name GAQA (Kiewiet, a long legged bird because I was always in a hurry) to GAQIET. polecat, because I will dig out any smelling thing. I was really moved by the gift from the poor people. Amongst my colleagues I was for years then called the polecat of Northen Natal.

At the trial of the three farmers at the Circuit Court an old farmer came up to me and told me that I better leave town as soon as possible because “ONS SAL JOU VREK MAAK”. I never regarded such threats as serious. I was on the relief staff and was on my way in any case after the trial

A few years after this incident my wife and I were on holiday at Umdloti, north of DURBAN when a police officer from Pietermaritzburg came up to me to warn me that some people threatened to kill me and were still looking for me and one of the detectives. This detective had to be transferred and I paid him a visit at his new station. A relative of one of the farmers who went to jail was arrested when he tried to trace this detective. He had a revolver with him and admitted that he was looking for him "and that bloody Stemmet”. He told me that the other detective resigned and disappeared.

I had more to do than to give attention to threats like these. I, however, on the advice of the police stayed away from that town. I in any case had no reason to go back ever.

Regards.

Adamus P. Stemmet
Durbanville

0823209245
0871580225
adamusp2602@gmail.com

**In antwoord hierop het Brenda op 6 Oktober 2023 geantwoord:**

On Fri, 06 Oct 2023, 15:39 renda robson, <mrs.b.beetle@gmail.com> wrote:

Wow! Maybe it was because you are smart and once you get your teeth into something you don't let go.
B



DB 29.12.2023

# Só word die vet katte net al hoe vetter

**Adamus P. Stemmet, Durbanville**

Hardus Mynhardt opper in sy kort brief (27.12) verskeie kwessies wat by herhaling opduik en nie net skadelik vir pensioentrekkers is nie, maar ook skandelik bly voortbestaan.

Erger nog, wat toegelaat word om voort te gaan asof misdaad en korrupsie aanvaarbaar is. Nóg erger, wanpraktyke wat selfs deur die parlement toegelaat word. Bestaan die voorheen uitstekende parlementêre toesigrol nog, veral waar kaders betrokke is?

Blykbaar nie as weggekyk word van hoe 377 aanbevelings van die Mpati-kommissie van ondersoek stilweg onder die mat ingevee word nie. Aanbevelings wat gemaak is nadat wanpraktyke en moontlike misdaad ten opsigte van miljarde rande oopgevlek is.

Wanpraktyke wat so skadelik is dat die Staatsdienspensioenfonds (GEPF) jare lank al nie 'n ordentlike verhoging aan sy lede kan toestaan nie.

Ook nie as die verteenwoordigers van die GEPF deur die parlementêre staande komitee oor finansies toegelaat word om 74 vrae van sy lede in een verslagvergadering te ontduik nie.

Ook nie as diefstal van R150 miljoen by Daybreak Farms verswyg word wanneer die Openbare Beleggingskorporasie (OBK) aan die staande komitee verslag doen nie. Skouers optrek is al resultaat wat gekry word.

Ook nie wanneer miljarde rande onwettig ingepomp word in ongelyste instansies, waarvan 30% reeds in 2017 en meer as 40% die afgelope jaar "onderpresteer" het nie. Miljarde wat volgens wet aangewend moet word om die GEPF in stand te hou en te versterk.

Daar word al jare gekla oor die gebrek aan goeie bestuur, deursigtigheid en integriteit by sowel die OBK as die GEPF. Nuwe gevalle soos dié van die R4,5 miljoen wat blykbaar die weg na die private rekeninge van Vuyani Hako, 'n senior lid van die OBK, gevind het, kom as geen verrassing nie.

Wat anders kan verwag word as ander kaders byna vier jaar ná ernstige aanbevelings van die Mpati-kommissie steeds sorgeloos rondloop? As miljarde deur die OBK afgeskryf word asof hulle Monopoly speel?

As die raad van trustees van die GEPF hul tyd bestee daaraan om skemas uit te dink om witvoetjie by die regering te soek met moontlike onwettige beleggings in transformasiedrome pleks daarvan om na die belange van die pensioenfondslede om te sien?

Hul toesigrol oor die geld van die GEPF? Vergeet daarvan. Dit bestaan jare reeds nie meer nie. Lê die antwoorde nie dalk daarin dat die OBK 100% en die GEPF se raad van trustees oorheersend deur ontplooide kaders van die ANC beman word nie?

Kaders wat, aldus 'n minister se stelling, nou 'n beurt kry om te skep? Ongelukkig is dit vet katte wat vetter word ten koste van pensioenarisse.

**Brief wat op 29 Desember 2023 in Die Burger verskyn het.**

...massed on the Ukrainian border.

mensdom sk...
verontagsaan...

# Briewe **Sê jou sê:** Skryf aan briewe@beeld.com

Briewe moet die skrywer se naam, adres en telefoonnommer bevat. *Beeld* behou hom die reg voor om briewe te verkort en te redigeer. Laster, persoonlike beledigings of haatspraak word nie gepubliseer nie.

## GEPF-baas praat uit twee monde

**Adamus Stemmet, Durbanville**

Die Staatsdienspensioenfonds (GEPF) se 2023-jaarverslag, wat pas verskyn het, verg deeglike studie en word tans ontleed.

Die voorsitter van die raad van trustees, Dondo Mogajane, se inleidende kommentaar dui in teenstelling met verlede jaar se ongegronde gespog op meer realisme. Verlede jaar is met die wonderlike groei van die GEPF gespog; net om 'n paar weke later te besef dat 'n verhoging teen VPI-koers vir pensioenarisse nie moontlik is nie.

Vanjaar word wyslik weens swak ekonomiese toestande geen verwagtinge geskep nie.

Wat tref uit die voorsitter se kommentaar: Daar word hard probeer om die transformasiebeleid van die GEPF binne die bepalings van die Pensioenfondswet van 1996 te bring. Die gevolge van hierdie beleid bots lynreg met die Pensioenfondswet, waarvolgens beleggings net vir die instandhouding en groei van die betrokke pensioenfonds gemaak mag word. Hierdie bepaling word al vir jare deur die GEPF geïgnoreer en is onlangs ook deur die voorsitter geïgnoreer.

In 'n onlangse radio-onderhoud en weer onlangs toe hy die transformasiebeleid van die GEPF aangekondig het, het hy geen woord gerep oor die volhoubaarheid en groei van die GEPF nie. Toe het alles om die rol van die GEPF in transformasie gedraai.

Aanvanklik wil dit voorkom of die voorsitter sedert sy onlangse uitsprake 'n Damaskus-ervaring beleef het, want skielik verklaar hy: "Our investments must be sustainable and grow the funds under our management." Werklik? Net sodra 'n mens hande wil klap oor sy wonderlike gesindheidsverandering verval hy weer in sy verkeerde weë en praat hy soos van ouds oor transformasie en "the betterment of the broader society". So asof hy dit steeds as 'n rol vir 'n pensioenfonds sien. Het dit nie tyd geword dat Mogajane besef hy is nie meer in beheer by die tesourie nie? Hy moet besef die GEPF se doelwitte verskil ietwat van dit waaraan hy gewoond is.

**Adamus P. Stemmet, Durbanville**

Die berig oor die "nuwe" transformasiebeleid van die Staatsdienspensioenfonds (GEPF; "Drukgroep meen beleid oortree wet", 20.10) het betrekking.

Met sy bontpratery oor die nuwe transformasiebeleid maak Dondo Mogajane, voorsitter van die raad van trustees van die GEPF, dit moeilik om die bal en nie die man te speel nie.

Miskien moet hy nou finaal sy baadjie as hoof van die tesourie uittrek en besef dat hy nie meer in diens van die staat is nie. Hy hoef nou nie meer politieke doelwitte van sy politieke meesters na te streef en uit te voer nie.

Sy taak is nou die bevordering van die belange van die lede van die GEPF, wat sy volle aandag verg. Transformasie en die bevordering van die belange van agtergeblewenes is politieke doelwitte en het niks te doen met die doelstellings van 'n pensioenfonds nie.

Hy kan gerus ook regsadvies inwin voordat hy homself oor regsaangeleenthede, soos die wettigheid van sommige GEPF-beleggings, uitspreek.

Die aankondiging oor die GEPF se nuwe transformasiebeleid is vol teenstrydighede, wat op 'n kleitrappery dui. Dit word bekend gestel as 'n nuwe beleid wat "beoog" om sy gewig agter die bevordering van ekonomiese ontwikkeling te gooi en die historiese ongelykhede in die land aan te pak.

Maar dan sê die GEPF later in dieselfde berig transformasie is " 'n reeds bestaande doelwit" van die GEPF. Dit lyk asof daar geargumenteer word dat omdat dit reeds lank toegepas word, dit nie onwettig is nie.

Verstaan ek die argument reg dat omdat diefstal al lank gepleeg word, dit nie meer 'n misdaad is nie?

Mogajane se stelling dat die GEPF beoog om toesig te hou oor maatskappye en projekte word verwelkom.

Dit is hoog tyd dat die GEPF sy toesigrol verskerp. Drukgroepe kla al jare lank dat hierdie rol, ten spyte van ontkennings, nie uitgevoer word nie en die stert (Openbare Beleggingskorporasie – OBK) die hond (GEPF) swaai.

Beter toesig oor die beleggingsagent (OBK) kan ongerymdhede en reuseverliese voorkom.

Hier dink 'n mens onwillekeurig aan die gebeure wat 377 aanbevelings van die Mpati-kommissie tot gevolg gehad het, die meer as 40% van Isibaya-beleggings wat "onderpresteer", die miljoene aan Daybreak Farms, African Bank se R4 miljard, Ayo se R4,3 miljard en Lancaster se R9,3 miljard, om net enkele voorbeelde te noem.

Dit is interessant dat die meeste van hierdie beleggings nogal baie na transformasie lyk…

Is dit veel gevra as daar van die trustees van die GEPF gevra word om hulself by die bevordering van die belange van die pensioenfonds te bepaal en politieke doelwitte aan politici oor te laat?

**Nog 'n brief wat hy aan Beeld geskryf het waarin hy weer die regering aanvat oor die hantering van die Staatsdienspensioenfonds.**



## Raak van die kakistrokasie ont...

**Adamus P. Stemmet, Durbanville**

Baie mense sou seker gedink het die Engelse woord "kakistocracy" is 'n kru woord waarvoor my oorlede ma na Sunlight-seep sou gegryp het om 'n vuil mond mee uit te was.

Toe onthou iemand van Wikipedia en die Oxford- en die Cambridge-woordeboek en kom op die volgende waarhede af.

"Kakistocracy – a government run by the worst, least qualified, or most unscrupulous citizens" (Wikipedia); "government by the least suitable or competent citizens of a state; a state or society governed by its least suitable or competent citizens" (Oxford); "the total lack of integrity of the administration" (Cambridge).

Tot ons (Afrikaanse) verbasing besef ons toe dat hierdie verkeerdklinkende woord eintlik na ons regering verwys.

Ook dat dit die regering te sag behandel en dit baie sterker kan stel (my gedagtes daaromtrent laat my al weer na my ma se Sunlight-seep loer...).

Kom ons probeer dit in Afrikaans vertaal.

■ "Swakste gekwalifiseerde": Byna elke dag moet ons van hooggeplaastes lees wat vir hulself hoër kwalifikasies toeken as wat hulle werklik verwerf het. Meer as 1 300 mense in bestuursposte in die staatsdiens besit nie voldoende kwalifikasies daarvoor nie. Kaders om elke hoek en draai.

■ "Gewetenloos": Watter ander woord kan gebruik word vir mense wat van behoeftige mense en pensioentrekkers steel? Wat geld steel wat vir siektetoestande (byvoorbeeld Covid-19) bedoel is? Ensovoorts....

■ "Minste geskikte en onbekwaamste": Hoef ek meer te sê as kyk net na die lede van die kabinet en dié wat deur hulle aangestel is?

■ "Lack of integrity": Uit vrees vir 'n eis vir laster teen my sal ek dit liewer nie vertaal en name noem nie. Intelligente lesers kan hul eie vertaling doen en op mense toepas.

Voeg al bostaande saam en wat kry jy? Weer beter in Engels: *Cry the beloved country*.

'n Land wat in die sê maar grond in geregeer is deur 'n kakistrokasie-spul ('skies, Ma, vir die woord waaraan ek gedink het) wat ons kiesers by die volgende verkiesing moet vervang.

Maar dan moet almal van ons nou al begin werk. Die politieke partye alleen sal nie die mas opkom nie. Almal moet help.

Ethiopië, het haar greep op vanjaar se Grand Prix-reeks met 'n sege in Durban verstewig. Haar landgenoot Selam Gebre (31:37) was kort op haar hakke in die tweede plek, met die Suid-Afrikaanse gunsteling, Glenrose Xaba (31:55), derde. – **Adnaan Mohamed**

## Shukri het

**Johann de Jager**

**Nog 'n brief - Raad van Kakistrokasie**

**DIE NASIONALE GESONDHEIDSVERSEKERING.**

Oor die Nasionale Gesondheidsversekering wat so inderhaas deur die president geteken is, slegs een week voor die verkiesing nadat die Wet reeds maande lank op sy tafel gelê het, het hy reeds vroeër gesê "die Nasionale Gesondheidsversekering is 'n monster wat die regering geskep het".

In 'n brief gerig aan Rapport spoel hy so daaroor mond uit:

From: **Adamus Stemmet**<adamusp2602@gmail.com>

Date: Sun, 05 Nov 2023, 08:38

Subject: Gee Pensioengeld vir NGV

To: Rapport Weekliks <pmalan@rapport.co.za>

Redakteur,

Die regering het met die Nasionale Gesondheidsversekering 'n monster geskep wat dit nie kan bekostig nie. Nou moet die monster gevoed word en word daar rondgeval vir fondse.

Volgens 'n berig in Rapport van 5 Desember 2023 kom niemand anders as die vorige Statistikus-generaal, Dr. Paul Lehohla, met die ou afgesaagde voorstel wanneer die staat rondval vir geld : KRY DIT BY PENSIOENFONDSE .

Dan word nogal gepraat van sowat R3 000 miljard "wat by pensioenfondse lê". So asof daar hope geld nutteloos iewers opgehoop word. Sy voorstel geld nie net vir die befondsing van die NGV nie. Geld van pensioenfondse moet sommer ook teen lae rentekoerse "daarvoor vir sowel as vir ander probleme soos ESKOM, aangewend word".

'n Mens verwag meer gesonde verstand van iemand met mnr Lehohla se agtergrond.
Pensioenfondse het nie vragte geld nie. Wat daar is, moet belê word sodat daar 'n inkomste kan wees om pensioen te betaal.
Wat hy voorstel is niks nuuts nie". Trouens dit is al tot vervelens ten opsigte van die Staatsdienspensioenfonds voorgestel en uitgevoer. Miljarde is alreeds by Eskom (tans meer as R80miljard) en ander staatsbeheerde instansies belê.

Die aanslag op pensioenfondse is soos kwiksilwer : Word daar op een plek gekeer spring dit op 'n ander plek uit. Daar is juis tans weer 'n ou voorstel in 'n nuwe baadjie in die vorm van die sogenaamde TRANSFORMATION POLICY van die Staatsdienspensioenfonds. Iets vir 'n ander dag.

Nee, Mnr Lehohla, hou verby. Jy klop aan die verkeerde deur.

Adamus P. Stemmet
Durbanville
0823209245
adamusp2602@gmail.com




**Nadat so baie bankrot semi-staatsdepartemente reeds uit die Staatsdienspensioenfonds gehelp is, is die grootste koekie blik waaruit daar nou weer gedelf wil word, die Nasionale Gesondheidsversekering.**

‘n Spesiale uitgawe oor die dinamiese Adamus Paulus Stemmet in ‘n verkiesings jaar sal nie volledig wees, sonder om hom te pols oor die politieke situasie in Suid-Afrika nie. Hy het reeds lank voor die verkiesing op 29 Mei 2024 al begin om die onderwerp met briewe aan koerante begin. Hier is een van die briewe aan ‘n koerant.

**DIE 2024 VERKIESING.**

Die skielike ondertekening van die Wet op Nasionale Gesondheid, twee weke voor die verkiesing, was Ramaphosa se laaste en grootste geskenk om kiesers vir die kwynende ANC te lok. Aldus Adamus.



**Verkiesing.**

**Nog een van die e-pos boodskappe wat Adamus oor die verkiesing 2024 uitgestuur het.**

Anton Alberts(VF+),
Aangesien ons ondersteuners in verskeie politieke partye het, het AMAGP dusvêr wyslik uit die partypolitieke arena gebly.

Kaderontplooiing en politieke inmenging in ons sake, het die ANC nou Vyand No 1 van ons pensionarisse gemaak. Wat ons nou nodig het, is duidelike leiding deur die bestuur van AMAGP.

U sal in die video van my en Minister Ivan Meyer opmerk dat ek nooit n party se naam genoem het nie. Hy is die Nasionale Voorsitter van die DA en daarom belangrik vir ons. Maar net so belangrik vir ons is Dr Pieter Groenewald van die VF+ en S S Swart van die ACDP. Ook Terror Lekota, Bantu Holomisa met wie ek ook skakel .

Ek glo ons beleid moet wees en dat ons openlik moet sê dat ons enige party wat n bedreiging vir ons pensioenfonds inhou, soos die ANC nou aangekondig het, sal opponeer en ons ondersteuners sal aanmoedig om teen hulle stem. Andersins bly ons apolities.
Leiding asseblief.

Adamus P. Stemmet
Durbanville
0823209245
adamusp2602@gmail.com

Editor,
The election will take place in a few months and the gunpowder smoke is already in the air. Even at the world cup tournament when everyone's eyes were on the world cup, the president took the gap like a good Springbok center. In the glory of rugby, he then and also the Monday after addressed the people about rugby --- I mean election. LOOK AT ALL THE GOOD THINGS THAT HAVE HAPPENED UNDER THIS GOVERNMENT. Probably the rugby cup too! Like a good politician, he doesn't say anything about everything in the country that is collapsing.

If we had won cricket, he would have used it too.

The election date has not even been announced yet or there are already doubts about its fairness or not. "Look what happened in Zimbabwe!"

Will the ANC cadres allow their freedom movement, which never succeeded in becoming a political party, to lose the election? Will they allow themselves to lose all the power and billions they "struggled" for? Not just. They didn't "struggle" to remain poor oppressed.!
If the ANC loses the election, what then? Coalitions? And then with the cadres who still control the army, police, government departments, all government institutions?
Our citizens can only hope that the mistakes of Kodesa are not repeated. Are our political leaders ready to deal with the biggest event since 1994? Shouldn't they already realize that they don't have all the wisdom they need and should now call in the help of experts? Experts such as the then doyen of future studies, Professor Philip Spies, then head of the Institute for Future Studies of the University of Stellenbosch (nowadays Future Research) who can expertly determine scenarios for which politicians can then determine action. Or are they going to rely on their own supposed knowledge as with Kodesa? Time is running out.

At Kodesa, the politicians did not make use of this expertise available at the time and look what their product looks like now: A devastated South Africa that could have been prevented. The RSA cannot afford a repeat.

Adamus P. Stemmet.
Durbanville
0823209245
adamusp2602@gmail.com

Onderstaande brief het in Beeld en Die Burger verskyn.

Hier in herinner Adamus die nasie dat die aanloop tot die verkiesing wat op 20 Mei plaasvind eintlik die “Seisoen van liegstories is”!

# Liegstorie-seisoen het weer vir ons aangebreek

**Adamus P. Stemmet, Durbanville**

Hoe nader die verkiesing kom, hoe meer liegstories moet ons verwag. Van een ding kan ons verseker wees: Met Fikile (Pinocchio) Mbalula in die omgewing sal dit nie ophou nie.

Gee hom die krediet wat hom toekom – hy kán lieg. Selfs wyle Oom Kaspaas van T.O. Honiball sou nie by hom kon bybly nie. En is hy boonop vindingryk!



Helen Zille

Net sodra jy dink sy gelieg het opgehou, kom hy met 'n nuwe een. Hier is sy jongste (of is dit, want hy het dit verlede week al gesê?): Hy sê Helen Zille lieg as sy sê sy lag vir sy geliegery dat die ANC die verkiesing gaan wen, want dit is hulle wat beurtkrag beveg. Dit is dus 'n gelieg dat hulle dit geskep het. Die ANC beveg glo ook korrupsie!

Nou verstaan ek eers wat die Engelse bedoel het toe hulle gesê het "it takes a thief to catch a thief". (En die Engelse lieg nie vir ons nie. Oor die geskiedenis vertel hulle net die waarheid nie altyd mooi reg nie.)

Gepraat van Zille, hoe lag-lieg 'n mens? Dit moet onse Pinocchio nog aan ons verduidelik. Hy sê mos sy lieg as sy oor sy liegery lag en ander mense laat lag. 'n Goeie leuenaar lieg so goed dat hy later homself glo. Hy glo dus homself as hy sê Zille het apartheid gesteun en dat sy terughunker na apartheid.

Sy probleem is dat Zille se geskiedenis bewys dat hy lieg. Kom ons hoop van harte dat hy lieg dat die ANC die verkiesing gaan wen.

Miskien het hy sy eie liegrekord geskend toe hy per ongeluk die waarheid vertel het toe hy gesê het die ANC kan nie omgekoop word nie. Hy is reg, die ANC kan nie omgekoop word nie, want hulle is reeds omgekoop. Vra maar net vir Israel.

**Adamus het die afgelope maande gereeld briewe aan koerante geskryf oor die 2024-verkiesing. Dit sou dus totaal so nie Adamus wees as hy nie na afloop van die verkiesing weer sy siening uitspreek. Die keer was ek die gelukkige ontvanger van sy opinie.**

**VERKIESINGS IS DEESDAE VERVERLIG.**

.

Waar is die dae van Nat en Sap toe goeie vriende tydelik gedurende verkiesingstyd vyande geword het. Toe party dorpe twee kerke gehad het - een Sap en een Nat. Sappe het net Ford-voertuie gekoop en Natte net Chevs. Op skool het ons speeltye Nattes teen Sappe sokker gespeel.

Vergaderings was woelig en interessant. Ons kinders kon ons verluister aan die grootmense se spitsvondighede.. In 1948 en 1953 het Nat en Sap mekaar op vergaderings met stoele geslaan en met tamaties en vrot eiers gegooi. Die kinders wat vir indoktrinasie saamgevat is, moes koes, wegkruip en weghardloop en nuuskierig loer wat die grootmense aanvang.

1960 stem kiesers JA of NEE vir of teen republiekwording. Ek is die staatsaanklaer op Lydenburg waar die stryd hewig is en almal woedend hope formele klagtes teen mekaar lê of sommer by my kom kla. Ek moes as justisie-amptenaar neutraal bly en in elke geval besluit wie en of op watter klagtes ek moes aankla. Ek stel toe al my beslissings uit tot n paar weke na die verkiesing. Toe is almal al weer vriende en almal is tevrede met al my beslissings. Almal NOLLE PROSEQUI .( Ek weier om te vervolg )

2024 se verkiesing . Belangrik maar vervelig. Niks stoele slanery en Union Jakes (wat is dit?) op vergaderings verbrand nie. Hier in die Kaap is alles te rustig. Weet die mense dan nie hoe om verkiesing te jou nie.? In die aftreeoord was daar geen vergaderings nie. Stoelslaners van weleer is of al vorentoe of vertel stories van woelige vergaderings. Wie onthou nog stories soos dié van die Sap-vergadering in 1953 op Robertson toe wyle Jan Rossouw van Montagu 'n lastige Sap met sy stoel en al bo van die galery afgooi om drie Natte disnis te val.?

Ek herhaal: Verkiesings het vervelig geword.
In die Kaap is alles weer Hollands al praat ons deesdae meestal
Engels en wat weet die Engelse nou van 'n regte boereverkiesing?

Adamus P. Stemmet

Durbanville

**DIE KOMS VAN TV NA SUID-AFRIKA**

Adamus Stemmet

Toe die Minister van Pos- en Telegraafwese, dr Albert Hertzog , vir jare teen televisie vasgeskop het, het ek hom gesteun. Ek was bang dat dit ons lewenswyse sou verander. Gesin samesyn en heerlike geselsies met familie, vriende en bure sou verdwyn.

Toe televisie in die nabye toekoms rugbaar word, moes ek en buurman 'n plan maak. Ons het op klein plasies gewoon en in ons omgewing sou net hy en ek dit kon bekostig. Dit sou te ver vir ons kinders wees om na die naaste TV te stap. Ons besluit toe dat ons twee nie TV 's sou koop nie.

TV-uitsendings sou in 1976 in Suid Afrika begin. Ek en buurman het ons nie daaraan gesteur nie al was winkelvensters vol swart en wit advertensies.

Gedurende vroeg 1976 sit ek een aand rustig in ‘n militêre kamp in Angola en kyk na die pragtige land wat deur die oorloë verwoes word. Na weke haal ‘n posman ons in en ek kry ook ‘n briefie van my geliefdes uit die vêr Suid Afrika. Dit was al ‘n bietjie oud maar baie welkom. "Buurman het 'n televisiestel gekoop! Daar is interessante programme te sien. Ek en die kinders gaan kyk elke aand na ‘n mooi storie ( Bonanza?) en die kinderprogramme. Die werksmense sit op die stoep en kyk deur die venster."

Verdomp! Buurman het nie woord gehou nie. Ek was baie ongelukkig. Gelukkig was ek vêr weg besig met ‘n oorlog.

Terug by die huis moes ek natuurlik dadelik 'n TV-stel gaan koop.

Sitplekke is op die stoep ingeruim vir die arbeiders en elke aand was hulle daar. Ek moes toegee dat daar interessante programme te sien wa  Die blonde Rika Sennet was pragtig. Geen advertensies wat eers in 1978 sou kom.

Die TV-kykery het amper van die arbeiders en hul gesinne se lewe gekos. Terwyl ons een aand kyk, tref iets soos ‘n tornado ons. Die weerlig slaan links en regs om hulle op die stoep en ‘n windstorm ruk sinkplate van die buitegeboue af en waai dit opgefrommel soos stukkies papier oor die werf rond. Die arbeiders spat toe uitmekaar terwyl die weerlig om hul voete dans. Jan nael toe na sy

kamer vir skuiling toe die dak daarvan hom om die draai kom ontmoet , my mooi Oom Sarelperskeboom platveeg en die boom en dak Jan reg van voor tref. Uit soos n kers maar darem lewendig !'

Vir my wat pas uit n oorlog uit gekom het, was alles skokkend. Dit het soos 'n vyandelike aanval geklink. Donderslae en rukwinde wat alles platvee. Vyf vyandelike mortiere kon nie soveel skade aanrig nie. En tog het niemand ernstig seergekry nie.

Ek kon nooit met dr. Albert Hertzog se vêrregse politiek saamstem nie maar oor die verbrokkeling van die gesinslewe en die samesyn van vriende wat sou verdwyn was hy reg. Miskien is dit die rede hoekom ek 'n radiomens bly en verkies om soms net die nuus en enkele sportprogramme te kyk. Sepies gee my die horries.

**PETRO (OLIVIER) STEMMET**



Gedurende ons onderhoude tussen AP en myself, het hy gereeld verwys na sy pragtige vrou. Soms het hy laggend gesê nou gaan Petro my stenig oor die klomp nonsens wat ek nou weer kwytgeraak het. Dikwels in ons onderhoude, as hy skielik na iets soek, dan was Petro byderhand om te help. Sy het ook dikwels gedurende die onderhoude vir hom 'n koppie koffie gegee. Ek was baie angstig om met haar te gesels. Toe ek eindelik na ons twee se laaste onderhoud met haar gesels, het ek baie gou agtergekom hoekom AP so liefdevol van haar praat. Wat 'n beskeie, maar opregte mens. Die onderhoud met haar was eenvoudig net wonderlik gewees.

**Sy is pragtig, is sy nie! Die boodskap het saam met die foto van Adamus af gekom.**

Petro en Adamus het mekaar in 1963 by die landdroskantoor in Johannesburg ontmoet. Sy was destyds 'n tikster daar gewees. Oor die pos daar vertel sy vandag "ek moes iemand anders daar opvolg wat lank daar gewerk het. Toe ek vir Adamus ontmoet het was ek nog sommer nuut in die pos gewees." Hulle is toe die volgende jaar getroud.

Die heel eerste Kersfunksie wat gehou is nadat sy daar begin werk het, het sy net eenvoudig besluit dat sy dit nie gaan bywoon nie, want dit was net ‘n klomp mans. Daardie jare was die aanklaers nog almal mans gewees. Sy het gedink sy gaan sommer maar net op die trein klim en Boksburg toe ry na haar ouerhuis waar sy gewoon het. Maar dinge het toe heeltemal anders verloop. Haar kantoor was langs die van die senior streekhofaanklaer. Sy het Adamus baie daar gesien ingaan en uitkom. “Ek het geweet wie is wie maar toe net voor die Kersparty toe sleep die aanklaers my toe nader as metgesel vir die aand vir Adamus. Oor hierdie aand vertel Petro “ons het sommer reg van die begin af gekliek. Adamus was na daardie aand so verlief dit was net nie waar nie.”

Adamus is toe weg na die Noord-Kaap en het toe eers die Paasnaweek weer van Upington af teruggekom. Hy was toe ook nog die heel naweek siek met griep en ons kon mekaar nie sien nie toe skryf ons maar vir mekaar briefies. Toe word hy ook nog so in die helfte van daardie jaar gekies om saam met Suid-Afrika se span na die Wêreldhof in Den Haag te gaan om Suid-Afrika se saak daar te gaan stel oor die kwessie van onafhanklikheid van die destydse Suidwes-Afrika (vandag Namibië.)

Na Den Haag, het hulle mekaar toe meer gereeld gesien. Adamus het ook nie gras onder sy voete laat groei nie. Hulle is die volgende jaar, op 5 Desember, uit die ou kerkgebou in Voortrekkerstraat, Boksburg getroud. “Ons was net drie maande getroud toe kry hy ‘n pos by die parlement as parlementêre verteenwoordiger vir justisie en ons trek toe Kaap toe vir ons eerste parlementsitting. Ons het vir die duur van die parlement in ‘n privaat hotel in die stad gebly.” In die drie maande wat Adamus by die parlement was het Petro in ‘n prokureurs kantoor gewerk. Na die einde van die parlementsitting is hulle toe terug na Pretoria waar hulle toe ook in ‘n privaat hotel gewoon het.

“Ek het toe by kindersorg as tikster gewerk. In 1966 is Adamus alleen parlement toe. Ek was hoog swanger en ons eersteling, Francois, is net tien dae na die moord op dr. H.F. Verwoerd gebore.” Toe hy weer terug kom van die parlementsitting af het ons toe weer by my ouers gewoon. Twee jaar later is die gesin toe weer met die trein Kaap toe vir die parlementsitting en toe hulle daarvandaan terugkom het hulle toe weer by haar ouers gewoon. Na hierdie sitting het hulle toe verblyf in die parlementêre dorpie Akasiapark gewoon. Met die 1968 parlementsitting was toe nog ‘n lid van die gesin gewees, hul dogter Ester is gebore en sy was net drie maande oud toe hulle weer met die trein die tog aangepak het Kaapstad toe.”



**Petro en Adamus is al bykans 60 jaar getroud.**

Die gesin het toe ‘n huis in Sinoville in Pretoria gekoop en daar gaan woon. ‘n Paar jaar later het hulle ‘n kleinhoewe naby Haakdoring gekoop waar hulle vreeslik lekker gewoon het. ‘n Tweede dogter, Sanet is in tussen in 1971 gebore en nege jaar later is hul tweede seun Jakobus in 1980 gebore “AP was altyd baie weg van die huis af. Die kinders het groot geword en die twee oudstes was op kos skool want ons het nog op die kleinhoewe gewoon. AP was in daardie dae ook op die

grens gewees en toe verruil ons die kleinhoewe vir ‘n huis in Wonderboom in Pretoria. Die huis was reg oorkant die Hoërskool gewees.”



**AP en sy pa destyds op die kleinhoewe by Wonderboom, Pretoria.**

Petro is die stiller een van die twee, maar sy het haar eie belangstellings gehad wat haar ook besig gehou het, sy het volgens haar, nie vreeslik baie selfvertroue gehad nie, Oor Adamus sê sy “hy is ‘n baie interessante mens. Iemand met ‘n onuitputlike bron van kennis. Hy het geweldig baie gedoen

vir my vir my eie selfvertroue. Ek was nie ‘n baie sosiale mens nie, maar hy het altyd gevra ek moet saam met hom gaan, hoewel ek nie altyd geweet het waar dit gegaan het nie. Adamus het nooit by die huis oor sy werk gepraat nie. Omdat hy so baie weg was, moes ek baie dinge maar alleen doen. Ons is egter baie betrokke by die skool, kerk en gemeenskap.

“Adamus het altyd ‘n groot belangstelling in die politiek gehad wat net groter en meer intens geword het deur sy parlementêre werk. Ons het met baie belangrike mense vriende geword en daardeur het ons ook baie mense leer ken. Elke ding wat hy nog in sy lewe gedoen het en steeds doen, doen hy voluit en met oorgawe. Dit het nie saak gemaak aan ons nie, ek het hom al die ruimte gegee om alles doen wat hy aangepak het.”

**Die Chinese vlag wat onderste bo hang.**

*Petro en ek kyk eendag na ‘n foto van die weermag hoofkwartier in Pretoria en Petro let toe op dat die Chinese vlag wat saam met die Union Jack op die foto gepryk het hang onderstebo. Daar kom toe ‘n tolk by ons en Petro sê vir hom dat hulle vlag onderstebo hang. Dieselfde ding het met ons gebeur toe ons in China was. Maar ek het net nooit vir hulle gesê die vlag hang verkeerd nie.*



**AP, sy vrou, dogter en skoonseun.**

Sy gesels heerlik oor die tye wat hy afgetree het, maar dan weer deur ‘n ander instansie nadergetrek is en weer gaan werk het. Toe hy gevra is om die nuutgestigte raad van Balju’s aan die gang te bring, sê Preto het hy onmiddellik ingespring.

“In die kompleks in Durbanville, Kaapstad waar ons nou bly, het almal hom dadelik raakgesien en baie vinnig was hy op die huiseienaars vereniging verkies. Die feit dat hy altyd eerlik is in alles wat hy doen en alles net op die regte manier gedoen wil hê het dadelik die aandag van die kompleks bestuur gevang en hy is vinnig nader getrek.”

Francois, die oudste woon vandag in Pretoria. Sy praat met moederlike trots oor haar eersteling en sê hy het vir baie jare by ABSA gewerk, Nadat hy daar afgetree het werk hy as verbandmakelaar.

“Ester woon vandag sommer net so ‘n klipgooi van ons af. Sy het ‘n regs kwalifikasie en sy en haar man is al twee eiendomsagente. Hulle twee werk saam by dieselfde agentskap.”

Sanet en haar man woon op Hopefield aan die weskus se kant naby Vredenburg. Die twee is beide rekenaar programmeerders. Hulle werk van die huis af, en doen baie kontrakwerk.

Die jongste, Kobus het weer ‘n heeltemal ander rigting ingevaar as sy broer en susters. Hy het landskapsargitek werk in Pretoria gedoen. Hier het hy toe ook ‘n Bestuur opleidingskursus by die Technikon verwerf. “Sy belangstelling lê veral in tuine. Alles wat met tuine te doen het. Sy vrou se ma wat ‘n Nederlandse paspoort hou, het toe na Engeland verhuis. Die kinders is toe ook oor waar hulle eers in Surry gewoon het en Kobus toe by ‘n plek daar gewerk, maar hy het later besluit om op sy eie te gaan waarna hulle toe later na die Ilse of White verhuis het waar hulle steeds woon.”

Die egpaar Stemmet is ook geseën met pragtige kleinkinders. Ester het twee kinders, waarvan een nou in matriek is en die ander een in die kollege is. Kobus het drie dogters waarvan die oudste tans jeugwerk en teologie studeer. Sy jongste is 10 jaar oud.

Francois het geen kinders nie. Ten tye van hierdie onderhoud was een van die kleinkinders is ook al getroud, en die tweede kleindogter is verloof en beplan om teen die einde van hierdie jaar (2024) te trou.

“Dit is moeilik met die kleinkinders om toe te sien dat hulle almal ‘n goeie opvoeding kry, maar die kinders presteer baie goed.”

Sy sê ten spyte van die feit dat Adamus reeds 87 jaar oud is, is hy nog baie besig, veral met die manier waarop die Staatsdienspensioenfonds bestuur word. En is gevolglik nog baie uithuisig. “Ons het goeie vriende na ons omsien. My vriendin se man is reeds 14 jaar gelede oorlede. Adamus

ontferm hom maklik oor mense en verleen graag hulp aan vriende en ander. Sy liggaamlike vermoë hou ongelukkig nie meer heeltemal by met die gees nie – maar as hy iets wil doen dan doen hy dit.

**Petro se stokperdjies.**



Wat is hierdie 80-jarige vrou se belangstellings en waarmee hou sy haar deesdae besig. Sy doen graag mosaïekwerk en is ook betrokke by ‘n mosaïek-groep wat elke Maandag bymekaar kom. Sy hou daarvan om legkaarte te bou, sy hou daarvan om skilderye met nommertjie te maak en sy lees graag. Die aftree oord waar hulle sedert Adamus se finale aftrede (uit amptelike werke) in Durbanville in die Kaap woon het sy eie biblioteek en Petro is ‘n gereelde besoeker daar.


“Hier is nou ons finale aftrede in hierdie ongelooflike groot kompleks saamgestel uit net woonstelle en ’n siekeboeg. Ons het 23 jaar in ons huis in die Kaap gewoon voordat ons hierheen verhuis het toe ons begin ouer word het. Ons geniet dit vreeslik hier. Hier by ons huis val mense sommer sonder vooraf kennis in en dan kuier ons. Ons deur is altyd oop.”

**Adamus se geliefkoosde kos.**

Natuurlik, hy het mos op ‘n plaas grootgeword so dit is seker nie snaaks om te hoor een van sy mees geliefkoosde kosse is afval en dan kook hy dit ook nog self. Nog bewyse van sy plaas dae is sy liefde vir kaiings en moskonfyt. “Hy ou van outydse kosse. Hy was ook altyd baie lief om ‘n lekker stukkie vleis op die braai vuur te gooi, maar hier mag in die kompleks nie gebraai word nie.

Ouma en oupa geniet dit om saam met hul kinders en kleindogters te kuier. “Ons het twee pragtige kleindogters wat sommer hier naby ons woon en hulle bederf oupa verskriklik. Die ander bly natuurlik te ver na ouma en oupa se sin.”

**AS JY MET GRASIE OUER WORD**



**DIE DOOD VAN LT.GENL. COLIN STEYN**

**Kort nadat ek 'n stukkie op Facebook geskryf het die dag met die afsterwe van lt.genl. Colin Steyn, het Adamus die volgende e-pos aan my gestuur.**

Sarie,

Eina!

Slegte nuus wat jy op FB bring. Ek het na sy vrou se dood 'n paar keer met hom gesels net om hom op te beur. Hy het haar oorlye moeilik ervaar en het soms gebel net om sommer te gesels. Dit kon ons twee goed doen.

Colin en ek was vir jare vriende en hy was my groot ondersteuner toe baie van sy kollegas skepties was oor ons agterdog oor die welsyn van ons pensioenfonds.

Amagp het 'n staatmaker verloor -- en ek 'n staatmaker vriend.

Adamus P. Stemmet
Durbanville
0823209245
adamusp2602@gmail.com

**3 JUNIE 2024. NET TOE EK DINK EK IS KLAAR, TOE KOM HIERDIE E-POS BOODSKAP NOG VAN ADAMUS AF.**

Sarie,.

Baie besig en al weer op pad dokter toe.

Ek probeer iets oor verkiesing skryf.

Vanoggend op RSG geluister oor toe RSA TV gekry het. Ek wil 'n stukkie daaroor vir jou skryf oor hoe dit my gesin getref het as jy nog plek het..

Ons is ongeveer 20 Julie in Pretoria vir 'n paar dae.

Groete

Adamus P. Stemmet
Durbanville
0823209245

0871580225

adamusp2602@gmail.com

Sien bladsy 138 - Redakteur

**GOOGLE OOR AP STEMMET**

A. P. Stemmet was a senior government official in South Africa, involved in the State Security Council Secretariat and the Board for Sheriffs, known for his expertise in handling government records and participating in legislative discussions. He is described as a "man of many talents" and was a representative for the AMAGP (Association of Monitoring and Advocacy of Government Pension Fund).

**Key Roles & Contributions:**

- **State Security Council Secretariat:** Stemmet was a senior official responsible for managing records within this crucial government body.
- **Board for Sheriffs:** He represented the board in parliamentary hearings, contributing to discussions on legislation like the Sheriffs' Amendment Bill (B2-98).
- **AMAGP Representative:** He issued statements on behalf of the AMAGP, such as on the release of the Mpati Commission Report, demonstrating his involvement in broader public and municipal affairs.
- **Legislative Participation:** He was involved in discussions related to the Attorneys' Amendment Bill(B7-98), Witness Protection & Services Bill (B9-98), and Debt Collectors Bill(B102-97), indicating a significant role in South African legislative processes.

***Nota**: AP Stemmet is egter van mening dat die belangrikste bydrae wat hy in verband met wetgewing gemaak het, sy stappe was om die Jurie Stelsel af te skaf.*

*In sy tydperk as Staatsaanklaer in Lydenburg, het hy gevind dat die onkundige beskuldiges in moord sake voor die voet verkies het om deur 'n regter en jurie verhoor te word. Tot hul skok moes hulle later waarneem dat die jurie nie uit hulle eie mense bestaan nie, maar dat almal wit was.*

*By hul verhoor moes met groot moeite 'n jurie saamgestel en gedagvaar word om vir dae beskikbaar te wees by die hof, net om by die verhoor te hoor dat die Pro Deo Advokate die hof meedeel dat die beskuldiges van plan verander het. En dan verkies het om op 'n ander wyse verhoor te word.*

*AP Stemmet het die tolke opgelei van die volle implikasies van 'n keuse om deur 'n jurie verhoor te word. Die jurie verhore het toe soos ook elders in die land byna heeltemal uitgesterf.*

*Toe die Strafproses Wet later weer gewysig word, het AP, toe Justisie se Parlementere Beampte, gesorg dat die Jurie Stelsel formeel afgeskaf word.*

*Hy is egtyer van mening dat die belangrikste bydrae wat hy in verband met wetgewing gemaak het, sy stappe was om die jurie stelsel af te skaf.*

*In sy tydperk as Staataanklaer in Lydenburg het hy gevind dat die onkundige beskuldigdes in moord sake voor die voet verkies het om deur 'n regter en jurie verhoor te word tot hul skok moes hulle later waarneem dat die jurie nie uit hulle eie mense bestaan nie, maar dat almal wit was.*

**Public Profile:**

- A. P. Stemmet is recognized for his extensive career and expertise within the South African government.
- He is mentioned in historical records and parliamentary documents, underscoring his involvement in important events and policies.
- He maintains a professional profile on LinkedIn South Africa, though he is listed as "Retired at Self".

**Adamus, namens almal van ons by Nongqai en ons lesers. Baie dankie vir jou jarelange diens aan die land. Dankie dat jy steeds veg vir dinge wat vir jou van belang is. Ons salueer jou!! Sarie.**

# NONGQAI TRUST

**DOELEINDES VAN DIE TRUST**

Die doel van die Trust is om ten behoewe van enige persoon (of hul families) wat sorg, berading en ondersteuning nodig het ten opsigte van post-traumatiese stres; sielkundige ondersteuning; sorg en behandeling, of fisiese besering wat hy of sy opgedoen het as gevolg van sodanige persoon se betrokkenheid by misdaadvoorkoming, misdaadbekamping of blootstelling aan misdaadbestryding of verwante optrede, of voormalige lede van die Suid-Afrikaanse Polisiemag.

**PURPOSE OF THE TRUST**

The purpose of the Trust is to act on behalf of any person (or their families) who need care, counselling and support due to post-traumatic stress; psychological support; care and treatment, or physical injury that he or she has suffered as a result of their involvement in crime prevention, combating crime or exposure to the combating of crime or related actions, or former members of the South African Police force.

## THE NONGQAI TRUST NEEDS YOUR SUPPORT!

IT 002701/2018(T)

Donations are tax deductible for South African tax payers.

NONGQAI

**BANKING DETAILS:**

| | |
|---|---|
| Account Name: | Nongqai Trust |
| Account No: | 012747084 |
| Account type: | Business Current Account |
| Bank: | Standard Bank |
| Branch: | Menlyn |
| Branch Code: | 012345 |
| Branch Code Electronic Payments: | 051001 |
| Swift: | SBZA ZA JJ |

# Thank You!

We would like to thank every person who has made a donation to the Nongqai Trust.

We are grateful for your support!

# Dankie!

Baie dankie aan elke persoon wat 'n donasie aan die Nongqai Trust gemaak het.

Ons is dankbaar vir u ondersteuning!

Donations are tax deductible for South African tax payers.

Please contact us for the issuing of tax deductible receipts.

Donasies is belasting aftrekbaar vir Suid-Afrikaanse belasting betalers.

Kontak ons asseblief vir die uitreiking van belasting-aftrekbare kwitansies.

Email: editor@nongqai.org

## NONGQAI TRUST

Public Benefit Organisation (PBO)
Non Profit Organisation (NPO)

Openbare Weldaad Organisasie (OWO)
Nie Winsgewende Organisasie (NWO)

IT 002701/2018(T)

**SLOT | END**



# NONGQAI

VRYWARING & © | INDEMNITY & ©

## SLOT | END



Dear reader

Please note that this magazine is composed of contributions received from independent contributors, in the tradition of recounting history as seen through the eyes of those who had lived those times. It thus contains diverse and personal recollections and opinions. Therefore, the editors and publishers of the Nongqai cannot be held responsible or be liable for the content provided by contributors.

Geagte leser

In die tradisie om die geskiedenis weer te gee soos gesien deur die oë van diegene wat daardie tye beleef het, bestaan die *Nongqai* uit insette gelewer deur sy onafhanklike bydraers. Dit bevat dus uiteenlopende persoonlike herinneringe en menings. Die redakteurs en uitgewers van die *Nongqai* kan daarom nie verantwoordelik of aanspreeklik gehou word vir die inhoud wat deur individuele bydraers gelewer is nie.

**© 2021 Brig. HB Heymans (SAP Ret.)**

STUUR ASB FOTO'S EN STORIES AAN:

**Brig. Hennie Heymans:** +27 723 361755
heymanshb@gmail.com

